# DIE *LIGHT/KHANYA*:

# 'N ONDERSOEK NA LESERSBEHOEFTES

**CHRISTA-LIENETTE GOOSEN**

**Hons. B.A. Kom.**

Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Artium
in die Departement Kommunikasie
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Dr. D. van der Waldt

Medeleier: Prof. A.S. de Beer

POTCHEFSTROOM

1993

# BEDANKINGS

Ek bedank graag die volgende persone en instansies vir hulle onderskeie bydraes vir die voltooiing van hierdie studie:

- My studieleier, dr. D. van der Waldt, vir sy akademiese leiding en kennis, motivering en ondersteuning.
- Prof. A.S. de Beer, my medestudieleier, en prof. H.J. Groenewald van die Departement Kommunikasie aan die PU vir CHO vir hulle insette ten opsigte van die studie.
- Prof. H.S. Steyn en mnr. P.J. Engelbrecht van die Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO vir hulle kundige hulp met die statistiese ontledings.
- Mnr. D.P. Venter, mnr. C.J. Breedt en mej. D.N. Burger asook alle ander beamptes van die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens, vir hulle hulp en bystand.
- Die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling vir 'n studiebeurs.
- Mev. M. du Preez vir die tegniese versorging.
- Mev. E. Brand vir die taalkundige versorging.
- My man Nic, en dogter Tiané, vir die oneindige geduld, begrip en ondersteuning.
- My ouers en skoonouers vir hulle belangstelling en ondersteuning.
- Maar bowenal: *SOLI DEO GLORIA*

Hoewel hierdie instellings en persone instrumenteel was in die voltooiing van die studie, is die menings uitgespreek in die studie, dié van die outeur alleen.

# ABSTRACT


## THE *LIGHT/KHANYA*: AN INQUIRY INTO READERS' NEEDS

### 1. INTRODUCTION

The *Light/Khanya* is a monthly information paper published by the Pretoria Regional Office of the South African Communication Service and is distributed to blacks in the Pretoria, Northern Transvaal and Eastern Transvaal regions. The function of the paper is to promote, by way of information, economic, social, constitutional and cultural development in line with the national policy in order to realise national aspirations and values.

### 2. AIM OF THE STUDY

The aim of the study is to determine whether the amount of information published by the *Light/Khanya* during the period February 1990 to December 1990 was enough to satisfy the needs of the urban readers.

### 3. RESEARCH METHODOLOGY

The descriptive survey method was chosen as the most applicable research method for this study and the research was done by means of a questionnaire and descriptive statistics. The respondents were chosen from the mailing list of the Mamelodi subscribers by means of the systematic sampling technique. A total of 464 (4% of the population of 11 586 which is according to statistical significance) questionnaires were distributed and collected within ten days. A total of 434 fully completed questionnaires were received and statistically analysed.

### 4. RESULTS OF THE STUDY

The results of the study indicate that the *Light/Khanya* succeeded in satisfying the majority of readers' needs regarding the amount of information on most of the identified

themes and in columns. There was only one theme on which the *Light/Khanya* published inadequate information, namely the problems in black education.

The *Light/Khanya* has heterogenious readers regarding sex, age and mother tongue. Factors such as sex and age tend to influence the satisfaction of needs and therefor comparisons were made between two age groups (25 years and younger and 26 years and older), the sexes and the different mother tongue groups.

A comparison between the different sexes and two age groups by means of a t-test indicated that there were no practical meaningful differences regarding the amount of information that satisfied their needs. The comparison between the seven different mother tongue groups indicated that several practical meaningful differences exist. The split-half method was used to determine the reliability of the test. The test proved to be reliable as the correlation coefficient (r) was 0,8.

The results also clearly show that the *Light/Khanya* satisfies other needs than just the need for information.

# INHOUDSOPGAWE


Bedankings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . ii

Abstract . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iii

Lys van Figure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xii

Lys van Tabelle . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xiii

**HOOFSTUK 1 : ORIËNTERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1**

1.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.2 DIE ORIËNTERING TOT DIE PROBLEEM . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2

1.3 PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.4 ALGEMENE DOELSTELLING EN SPESIFIEKE DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 5

1.5 AKTUALITEIT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 5

1.6 DIE INLIGTINGSBLAD AS ONDERSOEKVELD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

1.7 DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE ONDERBOU VIR DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .10

1.8 EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .10

1.9 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .11

1.10 PLAN VAN ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .12

**HOOFSTUK 2 : DIE *LIGHT/KHANYA* AS MASSAKOMMUNIKASIEMEDIUM . . .13**

2.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .13

2.2 MASSAKOMMUNIKASIE EN MASSAMEDIA . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .13

2.2.1 Die *Light/Khanya* gemeet aan basiese eienskappe van massamedia . . . . . .14

2.2.1.1 Die sosiale sisteem . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .15

2.2.1.2 Die sender . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .15

2.2.1.3 Die boodskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .16

2.2.1.4 Die kanaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .16

2.2.1.5 Die steuring . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .16

2.2.1.6 Die gehoor . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .17

2.2.1.7 Die terugvoering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .17

2.2.1.8 Die effek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .18

2.3 DIE *LIGHT/KHANYA* AS EIESOORTIGE KOERANT . . . . . . . . . . . . . . . . .18

2.3.1 Soorte koerante . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .18

2.3.2 Die *Light/Khanya* gemeet aan die basiese eienskappe van 'n tipiese koerant . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .19

2.3.3 Die *Light/Khanya* gemeet aan die funksies van 'n tipiese koerant . . . . . .21

2.3.4 Die *Light/Khanya* as ontwikkelingskoerant . . . . . . . . . . . . . . . . . .23

2.3.4.1 Oorsig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .23

2.3.4.2 Die *Light/Khanya* gemeet aan die funksies van die ontwikkelingsmedia . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .25

2.4 DIE VOORMALIGE BURO VIR INLIGTING AS KOMMUNIKASIE-AGENT VAN DIE REGERING EN PUBLISEERDER VAN DIE *LIGHT/KHANYA* . . . .26

2.4.1 Die organisasiestruktuur van die Buro vir Inligting (1990) . . . . . . . . . . .26

2.4.1.1 Hoofdirektoraat Navorsing en Beplanning . . . . . . . . . . . . . .28

2.4.1.2 Hoofdirektoraat Bestuurstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .28

2.4.1.3 Hoofdirektoraat Skakeling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .28

2.4.1.4 Hoofdirektoraat Mediaproduksie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .29

2.4.1.5 Direktoraat Administrasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .29

2.4.2 Die werkwyse waarop temas vir publikasie bepaal is . . . . . . . . . . . . . .29

2.4.2.1 Werkwyse by hoofkantoor . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .29

2.4.2.2 Afwenteling na streekkantoor . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .30

2.5 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .31

**HOOFSTUK 3 : DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE ONDERBOU VIR DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .32**

3.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .32

3.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .33

3.2.1 Die verkennende fase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .33

3.2.2 Die operasionaliserings fase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .35

3.2.3 Die eksploratiewe fase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .37

3.2.3.1 *Bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* . . . . . . . . . . . . .38

3.2.3.2 Die verwagtingswaardeteorie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .39

3.2.4 Die teoretiese fase . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .42

3.3 GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSONDERSOEKE IN SUID-AFRIKA . . . . . . .43

3.4 KRITIEK TEEN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE UITGANGSPUNT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .44

3.5 DIE VERBAND TUSSEN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE EN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .46

3.6 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .48

**HOOFSTUK 4 : METODE VAN ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49**

4.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49

4.2 DIE BESKRYWENDE-OPNAMEMETODE . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49

4.3 HIPOTESESTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

4.3.1 Hipotese 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

4.3.2 Hipotese 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

4.3.3 Hipotese 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

4.3.4 Hipotese 4 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

4.3.5 Hipotese 5 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.6 Hipotese 6 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.7 Hipotese 7 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.8 Hipotese 8 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.9 Hipotese 9 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.10 Hipotese 10 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.3.11 Hipotese 11 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.4 METODE VAN OPNAME EN DATA-ANALISE . . . . . . . . . . . . . . . . .52

4.4.1 Die steekproef . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .53

4.4.2 Die meetinstrument . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .54

4.4.2.1 Demografiese veranderlikes en ander inligting (Items 1 - 16) . .55

4.4.2.2 Inligting oor geïdentifiseerde temas (Items 17 - 33) . . . . . . . . .55

4.4.2.3 Inligting in rubrieke (Items 34 - 53) . . . . . . . . . . . . . . . . . . .61

4.4.2.4 Ander behoeftes wat deur die *Light/Khanya* bevredig word (Items 54 - 66) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .68

4.4.3 Loodsstudie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .68

4.4.4 Metode van data-insameling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .68

4.4.5 Metode van data-analise . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .69

4.4.5.1 Die t-toets . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .69

4.4.5.2 Variansie-analise . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .70

4.4.5.3 Die verdeelde helfte-metode . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .70

4.5 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .70

**HOOFSTUK 5 : RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . .71**

5.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .71

5.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .71

5.2.1 Hipotese 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .71

5.2.2 Hipotese 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .73

5.2.3 Hipotese 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .73

5.2.4 Hipotese 4 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .75

5.2.5 Hipotese 5 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .77

5.2.6 Hipotese 6 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .77

5.2.7 Hipotese 7 .78

5.2.8 Hipotese 8 .84

5.2.9 Hipotese 9 .86

5.2.10 Hipotese 10 .87

5.2.11 Hipotese 11 .96

5.3 BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK .97

5.4 SAMEVATTING .97

**HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS . . .98**

6.1 INLEIDING .98

6.2 OPSOMMING .98

6.2.1 Probleem- en doelstelling .98

6.2.2 Die *Light/Khanya* as massakommunikasiemedium .99

6.2.3 Die gebruike- en bevredigingsteorie as teoretiese onderbou vir die ondersoek. .100

6.2.4 Navorsingsontwerp en metode van ondersoek .100

6.2.5 Bespreking van die resultate .101

6.3 GEVOLGTREKKING .101

6.3.1 Algemene gevolgtrekking .101

6.3.2 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die eerste doelstelling. .103

6.3.3 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die tweede doelstelling. .104

6.3.4 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die derde doelstelling. .104

6.4 AANBEVELINGS .105

6.4.1 Periodieke verskyning .105

6.4.2 Openbaarheid ........................................ 106

6.4.3 Universaliteit ........................................ 106

6.4.4 Funksies van die tipiese koerant ........................ 106

6.4.5 Objektiwiteit ........................................ 107

6.4.6 Taalmedium ........................................ 108

6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEKE ................ 108

**BIBLIOGRAFIE ........................................ 110**

**BYLAE I ........................................ 118**

**BYLAE II ........................................ 134**

# LYS VAN FIGURE EN TABELLE

## LYS VAN FIGURE


Figuur 2.1
De Beer se model van die eienskappe van massamedia . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .14

Figuur 2.2
Indeling van koerantsoorte soos aangepas uit De Beer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .19

Figuur 2.3
'n Diagrammatiese voorstelling van die Buro vir Inligting (1990) . . . . . . . . . . . . . . .27

Figuur 3.1
McQuail en Windahl se behoeftebevredigingsmodel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .37

Figuur 3.2
Palmgreen en Rayburn se gebruike-en-bevredigingsmodel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .41

## LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1
F.W. de Klerk - Erkenning .......... 72

Tabel 5.2
Onderhandelinge .......... 72

Tabel 5.3
Verandering - oopstel van strande .......... 72

Tabel 5.4
Probleme - swart onderwys .......... 73

Tabel 5.5
Vryemarkstelsel .......... 73

Tabel 5.6
Sukses - swart ondernemings .......... 74

Tabel 5.7
Nasionalisering .......... 74

Tabel 5.8
Effek van sanksies .......... 74

Tabel 5.9
Huiseienaarskap .......... 75

Tabel 5.10
Hoe om 'n huiseienaar te word .......... 75

Tabel 5.11
Plaaslike owerhede .......... 75

Tabel 5.12
Redes - huur-en-dienstegeld ........................... .76

Tabel 5.13
Aanwending - huur-en-dienstegeld ....................... .76

Tabel 5.14
Pretoria Streekdiensteraad ............................. .76

Tabel 5.15
Swart-teen-swart geweld ............................... .77

Tabel 5.16
Plakkersituasie ...................................... .77

Tabel 5.17
Gebeure in Afrika ..................................... .78

Tabel 5.18
Gebeure in Mamelodi ................................... .78

Tabel 5.19
Inligting vir ontspanning ............................... .78

Tabel 5.20
Fotoverslae ......................................... .79

Tabel 5.21
Kompetisies ......................................... .79

Tabel 5.22
Lesersbriewe ........................................ .79

Tabel 5.23
Penvriendversoeke .................................... .79

Tabel 5.24
Foto's van lesers . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .80

Tabel 5.25
Inligting vir jonger lesers . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .80

Tabel 5.26
Siektes soos Vigs en masels . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .80

Tabel 5.27
Dwelm- en drankmisbruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .81

Tabel 5.28
*Sister Mildred* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .81

Tabel 5.29
Rolprente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .81

Tabel 5.30
Swart kunstenaars . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .81

Tabel 5.31
Inligting op vroueblad . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .82

Tabel 5.32
Beroepsvoorligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .82

Tabel 5.33
Opvoedkundige instellings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .82

Tabel 5.34
Adresse - opvoedkundige instellings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .83

Tabel 5.35
Algemeen opvoedkundige inligting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .83

Tabel 5.36
Sportgebeure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .83

Tabel 5.37
Prestasies van swart mense . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .84

Tabel 5.38
t-Toets resultate van elke item met die geslagveranderlike . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .84

Tabel 5.39
t-Toets resultate van elke item met die ouderdomveranderlike . . . . . . . . . . . . . . . . .86

Tabel 5.40
Variansie-analise: Taal en swart onderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .87

Tabel 5.41
Variansie-analise: Taal en vryemarkstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .88

Tabel 5.42
Variansie-analise: Taal en nasionalisering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .89

Tabel 5.43
Variansie-analise: Taal en huur-en-dienstegeld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .90

Tabel 5.44
Variansie-analise: Taal en swart geweld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .91

Tabel 5.45
Variansie-analise: Taal en plakkersituasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .92

Tabel 5.46
Variansie-analise: Taal en sanksies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .93

Tabel 5.47
Variansie-analise: Taal en siektes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .93

Tabel 5.48
Variansie-analise: Taal en swart kunstenaars . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .94

Tabel 5.49
Variansie-analise: Taal en opvoedkundige instellings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .95

Tabel 5.50
Ander behoeftes bevredig deur die *Light/Khanya* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .96

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

### 1.1 INLEIDING

Die *Light/Khanya* is 'n Engelstalige inligtingsblad wat maandeliks gratis versprei word onder swart lesers in Pretoria, die stede en die plattelandse dorpe rondom Pretoria en ook in swart dorpe in Noord- en Oos-Transvaal.

Die doel van die ondersoek is om vas te stel of die hoeveelheid inligting in die *Light/Khanya* gedurende die tydperk Februarie 1990 tot Desember 1990 aan die Mamelodi-lesers van die publikasie se behoeftes voldoen het. Die rede vir die gekose tydperk waaroor die ondersoek gedoen is, is dat inligting oor temas gewoonlik oor 'n tydperk van 'n jaar verskaf is. Die opname is gedurende Maart 1991 gedoen, 'n tydperk van betreklike kalmte en min intimidasie in die woonbuurtes gesien in die lig van die huidige klimaat van geweld.

In die tydperk waaroor hierdie ondersoek handel, is die inligtingsblad saamgestel en uitgegee deur die Pretoria-streekkantoor van die Buro vir Inligting (tans die SA Kommunikasiediens).

Die doel van hierdie inligtingsblad is deur die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, opgesom in 'n geskrewe antwoord aan mnr. Peter Soal (LP vir die Demokratiese Party in Johannesburg-Noord): "Die berigte word geplaas oor die beleid van die regering van die dag, aangesien landsburgers wat direk deur sodanige beleid geraak word, 'n reg het om daaroor ingelig te word. Partypolitiek word vermy." Voorts skryf hy ten opsigte van die redaksionele beleid die volgende: "... om met die betrokke gemeenskappe oor sake van gemeenskapsbelang en oor die ontwikkeling en implementering van beleid van die regering van die dag te kommunikeer" (Hansard, 1990:276 - Parlement: Interpellasies, vrae en antwoorde 2 Februarie - 22 Junie).

Volgens 'n mededeling van mnr. D. Venter (8 Jan. 1993), hoof van die SA Kommunikasiediens, is die taak van die *Light/Khanya* om deur middel van inligtingverskaffing

ekonomiese, sosiale, staatkundige en kulturele ontwikkeling te bevorder in ooreenstemming met die beleid van die regering van die dag om sodoende nasionale strewes en waardes te verwesenlik.

Hoewel die taak van die *Light/Khanya* dieselfde gebly het sedert die tydperk waarin die ondersoek gedoen is, het die departement, Buro vir Inligting, verskeie veranderings ondergaan. Op 1 April 1991 het die naam van die departement verander na die SA Kommunikasiediens en het die departement begin met 'n proses van herposisionering met die oog op die nuwe bedeling. Hierdie herposisionering het ook die publikasie van verskeie tydskrifte en ook inligtingsblaaie soos die *Light/Khanya* beïnvloed (SA Kommunikasiediens, Jaarverslag, 1992:13). 'n Subdirektoraat vir massakommunikasie is op 1 April 1992 by die hoofkantoor gevestig. Daar is ook, afgesien van die redaksies by elk van die inligtingsblaaie, 'n sentrale redaksie van drie lede by dié subdirektoraat aangestel. Die sentrale redaksie voorsien tans die inligtingsblaaie van regeringsnuusitems en bepaal dus in 'n groot mate watter inligting en die hoeveelheid inligting oor 'n bepaalde tema (SA Kommunikasiediens, Jaarverslag, 1992:13).

Vanweë bogenoemde veranderinge, moet die resultate van die ondersoek gelees word binne die historiese konteks waarin die ondersoek gedoen is, en nie bloot binne die konteks waarin hierdie inligtingsblaaie tans gepubliseer word nie.

Aangesien die ondersoek op die hoeveelheid inligting fokus wat die behoeftes van die lesers bevredig, word die gebruike- en bevredigingsteorie (Hoofstuk 3) as teoretiese uitgangspunt vir hierdie ondersoek gebruik.

## 1.2 DIE ORIËNTERING TOT DIE PROBLEEM

Verskeie ondersoeke is reeds gedoen ten opsigte van die bevrediging van behoeftes van swart mense in Suid-Afrika deur die massamedia, deur onder andere Bekker & Groenewald (1991b:3), en Groenewald & Holtzhausen (1987:37). Ondersoeke na die Staatsinligtingsdiens en die media waardeur dit inligting versprei, is ook reeds gedoen (Mulder, 1975:145; Smit, 1946?:107).

Bogenoemde ondersoeke hou verband met hierdie ondersoek, aangesien die *Light/Khanya* 'n medium is waardeur die regering van die dag inligting bekend maak om die behoeftes van die lesers te bevredig.

Die inligting vir publikasie is nie deur die Staatspresident en/of Kabinet direk aan die *Light/Khanya* verskaf nie, maar is deur die redaksie van die *Light/Khanya* versamel, gekeur en geplaas. Die redaksie het inligting geplaas oor temas wat gedurende die jaar deur hoofkantoor geïdentifiseer is. Die temas het verband gehou met die beleid van die regering van die dag en die ontwikkeling en implementering van beleidsake asook ander sake rakende swart mense waaraan die Regering aandag geskenk het. Dit het byvoorbeeld ingesluit die bevordering van swart stadsrade, inligting oor hulle pligte en die huur-en-diensteboikot. Die redaksie het soms ook inligting gepubliseer rakende onderwerpe waarvoor die lesers in korrespondensie aan "Mr. Light", 'n briewekolom, of die redaksie gevra het. Voorbeelde hiervan is inligting oor spesifieke opvoedkundige instellings en beroepe, dekking van sportgebeure in die lesers se dorpe of stede en oor siektes soos Vigs.

In die tydperk waarin die ondersoek gedoen is, het daar verskeie ontwikkelings, byvoorbeeld die opheffing van die verbod op sekere politieke partye, plaasgevind wat aan die lesers deurgegee moes word. Die probleem is dat die redaksie selde enige terugvoering ontvang het en dus moeilik kon bepaal of daar genoeg inligting geplaas is om die lesers se behoeftes te bevredig en sodoende die uiteindelike doel van die *Light/Khanya* te bereik.

Die navorsingsvraag het dus ontstaan of die redaksie voldoende inligting, gedurende die tydperk waaroor die ondersoek gestrek het, oor bepaalde temas en in rubrieke geplaas het en die lesers se behoefte aan die spesifieke inligting bevredig is. Daar is nog geen vroeëre ondersoeke gedoen oor die hoeveelheid inligting in die *Light/Khanya* wat die lesers se behoefte aan inligting oor die geïdentifiseerde temas en in gereelde rubrieke bevredig nie. Ondersoeke oor verskille in die behoeftebevrediging tussen die geslagte, ouderdoms- en moedertaalgroepe ten opsigte van die hoeveelheid inligting in die *Light/Khanya* is ook nie gedoen nie. Daar is voorts geen ondersoeke gedoen oor die lesers se ander behoeftes wat deur die *Light/Khanya* bevredig word nie. Daar is egter wel verbandhoudende ondersoeke gedoen soos in par. 1 aangedui.

Die doel van die redaksie van die *Light/Khanya* is om die inligting oor geïdentifiseerde temas wat deur hoofkantoor bepaal is, voor te berei ten einde die doel, soos uiteengesit in 1.1, te verwesenlik. 'n Voorbeeld hiervan is dat die redaksie geskryf het oor die beleid van die regering van die dag rakende ordelike verstedeliking, maar ook oor die uitvoering van die beleid in die praktyk, deur verslag te doen word oor nuwe uitbreidings, wat van dienste voorsien is, in swart dorpe waar plakkers hulle kan vestig of andersins was daar artikels oor die prosedure om 'n huis te koop.

Die redaksie het 'n groot mate van redaksionele vryheid. Min, indien enige, riglyne is vanaf hoofkantoor of deur die lesers verskaf oor die hoeveelheid inligting oor 'n tema wat moes verskyn. Om hierdie rede het die redaksie dit moeilik gevind om na 'n periode, soos dié waaroor die ondersoek handel, te bepaal of voldoende inligting aan die lesers deurgegee is. Hierdie onvermoë van die redaksie om te bepaal of die hoeveelheid inligting die behoeftes van die leser na wense bevredig, stel die probleem wat in hierdie ondersoek nagevors word, aan die orde.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Die probleem kom in wese daarop neer dat die redaksie, wat die keuse moes doen oor inligting geskik vir plasing, nie weet of hulle die lesers se behoeftes aan die hoeveelheid inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke bevredig het nie. Die probleem manifesteer op drie wyses.

- Die redaksie het, na eie oordeel, 'n sekere hoeveelheid inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke geplaas. Die redaksie het probeer om uit die terugvoering wat van lesers ontvang is, te bepaal wat die behoefte van die lesers ten opsigte van die geïdentifiseerde temas of in rubrieke was. Terugvoering was dikwels vertraag en min en daarom kon dit nie as riglyn vir die bepaling van die hoeveelheid inligting wat die lesers bevredig, gebruik word nie. Dit was gevolglik ook nie 'n wetenskaplike metode om die bevrediging van behoeftes al dan nie, te bepaal.
- Die lesers van die *Light/Khanya* in Mamelodi is heterogeen ten opsigte van aspekte soos ouderdom, geslag en moedertaal. Die probleem wat hieruit voortspruit, is dat waar daar tog terugvoering ten opsigte van die hoeveelheid inligting oor 'n tema verlang, ontvang is, dit nie noodwendig verteenwoordigend was nie. Dit kon byvoorbeeld kom van 'n leser wat baie tyd het om te skryf, soos persone bo die ouderdom van 45 wat dalk nie meer werk nie, of laerskoolkinders, of huisvroue. Dit kon dus misleidende terugvoering wees indien daar 'n verskil tussen byvoorbeeld die geslagte, verskillende ouderdomsgroepe en verskillende moedertaalgroepe bestaan. Verskille tussen geslagte se programvoorkeure is reeds in Suid-Afrikaanse ondersoeke soos dié van Groenewald & Holtzhausen (1987:37) gevind.
- Die redaksie het voorkeur daaraan gegee om die behoefte aan inligting te bevredig. In die gebruike- en bevredigingsteorie, waarop hierdie ondersoek berus, is 'n aantal ander behoeftes, soos sosialisering en persoonlike vervulling, geïdentifiseer wat deur die massamedia bevredig word. Die *Light/Khanya*, as massakommuni-

kasiemedium, behoort ook gedurende hierdie tyd hierdie behoeftes te bevredig het. Die gebrek aan terugvoering kon dus veroorsaak het dat die redaksie nie bewus was van hierdie leemte nie en dit dus nie aangespreek het nie.

## 1.4 ALGEMENE DOELSTELLING EN SPESIFIEKE DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die algemene doelstelling van die ondersoek is om vas te stel of die hoeveelheid gepubliseerde inligting in die periode Februarie 1990 tot Desember 1990 die behoeftes van die Mamelodi-lesers bevredig het. Die spesifieke doelstellings wat hieruit voortspruit, is:

- Om te bepaal of die hoeveelheid inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke oor hierdie periode die lesers se behoeftes bevredig het;
- Om te bepaal of daar 'n verskil tussen die geslagte, ouderdomsgroepe (25 jaar en jonger en 26 jaar en ouer) en verskillende moedertaalgroepe bestaan ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat voldoende was; en
- Om te bepaal watter ander behoeftes behalwe die behoefte aan inligting bevredig is.

Die inligting wat in die ondersoek verkry word, kan 'n maatstaf wees vir die redaksie om te bepaal hoeveel inligting oor 'n spesifieke onderwerp nodig is, wat kan help met die beplanning van die inhoud van *Light/Khanya*. Dit kan ook 'n aanduiding gee van die sukses van die redaksie ten opsigte van die bevrediging van die lesers se behoefte ten opsigte van hierdie inligting in 'n periode van beweging na 'n totaal nuwe bestel.

## 1.5 AKTUALITEIT

Die aktualiteit van hierdie ondersoek hou verband met die doel van die inligtingsblad soos in 1.1 uiteengesit en sal vervolgens verder aangetoon word. Twee gebeurde beklemtoon die belangrike rol van 'n amptelike kommunikasiemedium, dus ook die *Light/Khanya* as 'n massakommunikasiemedium, tussen die regering van die dag en die publiek.

Die eerste gebeurtenis wat hierdie belangrike rol beklemtoon, is die openingstoespraak van die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, in Februarie 1990 tydens die tweede sitting van die negende Parlementsitting. Die Staatspresident het in sy toespraak gesê die

algemene verkiesing van 1989 het Suid-Afrika onherroeplik op die pad van ingrypende verandering geplaas. Die doelwit was 'n totaal nuwe, regverdige staatsbestel waarin elke inwoner gelyke regte, behandeling en geleenthede op staatkundige, maatskaplike en ekonomiese terrein sou geniet (De Klerk, 1990:1).

Sedertdien het die Regering, in samewerking met ander politieke rolspelers, in 'n rigting beweeg om hierdie doelwit te verwesenlik. Hierdie veranderinge en besluite moes aan die burgers van die land bekend gemaak word. Die *Light/Khanya* was een van die media waardeur die veranderinge en die implikasies daarvan aan die swart mense in die streek soos reeds uiteengesit, bekend gemaak is en in eenvoudige terme verklaar is.

Die tweede gebeurtenis is die strategiese beraad van die Buro vir Inligting in September 1990 waartydens die belangrikheid van massamedia en dus ook hierdie ondersoek beklemtoon is (Buro vir Inligting: 1990:1). Uit die vertrekpunte vir owerheidskommunikasie is die belangrikheid van kommunikasie met landsburgers, onder wie swart mense, uitgewys. Die volgende is besluit:

> ... enige regering van die dag het nodig om die land se nasionale strewes en waardes en die kernrol wat die staat speel in die vestiging en handhawing daarvan voortdurend effektief te verwoord,
>
> ... in die huidige oorgangsfase na 'n nuwe konstitusionele, ekonomiese en sosiale bedeling wat die uiteenlopende behoeftes van die land se diverse bevolking maksimaal kan akkommodeer, is effektiewe kommunikasie ten opsigte van die oogmerke, werkwyse en doelwitte van kardinale belang,
>
> ... die proses van kommunikasie tussen die owerheid en sy onderdane vereis doelbewuste, doelgerigte en kundige bestuur en fasilitering van die amptelike kommunikasieproses ten einde die effektiewe oordrag van inligting, idees en waardes te bewerkstellig,
>
> ... effektiewe kommunikasie vereis ook optimale benutting van die nodige kundigheid, hulpbronne en media.

Die massamedia, waaronder koerante, vervul dikwels die rol om regeringsbeleid aan hulle gehoor te verklaar (Dominick, 1990:37). As 'n inligtingsblad kon die *Light/Khanya* moontlik dieselfde rol vervul.

Die *Light/Khanya* as massamedium kan 'n baie belangrike rol in regeringskommunikasie speel. In die verslag van die strategiese beraad word voorts genoem dat om effektiewe kommunikasie tussen die Regering en die meerderheid van potensieel stemgeregtigde landsburgers of geselekteerde segmente daarvan te bewerkstellig, navorsing, dus ook navorsing oor die *Light/Khanya*, vereis word. Die navorsing mag, volgens die verslag, gerig wees om inligting te bekom oor die diversiteit van kulture, waardes, denkrigtings en opvoedkundige peil waarbinne die kommunikasie moet geskied. Navorsing is ook nodig om die belangrike kennis van die Suid-Afrikaanse bevolking se kommunikasie-gewoontes en mediablootstelling te bepaal. Die toepaslike aanwending van die rol wat kommunikasiemedia in die oordrag van inligting, idees en waardes kan speel, is verdere rede tot navorsing wat tydens die strategiese beraad genoem is. Die inligting verkry deur die navorsing in hierdie ondersoek kan dus steeds van waarde wees.

Die stedelike swart lesers onder wie hierdie ondersoek gedoen is, is reeds in 'n groot mate by die veranderinge, byvoorbeeld die plaaslike owerheidstelsel, betrek. Dit is dus 'n geselekteerde groep van potensieel stemgeregtigde landsburgers oor wie navorsing van groot belang is. Die *Light/Khanya* is 'n medium waardeur regeringsinligting aan hierdie geselekteerde groep landsburgers oorgedra word. Om 'n sinvol en markgerigte diens te lewer (soos die oordrag van nasionale waardes, strewes, idees en inligting) is dit nodig om meer te wete te kom van in welke mate daar in die behoeftes van die leser van die *Light/Khanya* voorsien is.

Nasionale doelwitte, idees, waardes en strewes vir die Nuwe-Suid-Afrika is op die langtermyn gerig en moet dus vir 'n geruime tyd steeds onder die aandag van die landsburgers gebring word. Inligting bekom in hierdie ondersoek kan gebruik word om vooruit te beplan hoeveel inligting oor 'n sekere tema en in rubrieke gedurende die jaar moet verskyn om die behoeftes van die lesers te bevredig. Om te veel ruimte aan 'n sekere onderwerp af te staan wat eerder aan 'n ander tema gewy kon word, is 'n vermorsing van ruimte en geld wat beter vir 'n ander boodskap benut kon word.

Die inligting wat deur die ondersoek verkry word, kan ook vir ander streekkantore van die SA Kommunikasiediens van waarde wees in die keuse van materiaal en die hoeveelheid inligting wat oor 'n spesifieke tema en in rubrieke geplaas moet word om te voldoen aan die stedelike lesers se behoeftes. 'n Voorbeeld is die *Metropolitan Digest* wat deur die Johannesburg-streekkantoor van die SA Kommunikasiediens uitgegee word en wat ook hoofsaaklik stedelike lesers het.

Die ondersoek verskaf ook demografiese gegewens van die stedelike lesers in Mamelodi, onder meer oor ouderdom en geslag asook ander inligting wat van nut kan wees vir die *Light/Khanya*, byvoorbeeld taalvoorkeur ten opsigte van die inligtingsblad, die aantal kere wat die inligtingsblad per maand verskyn, die aantal bladsye wat hulle verkies en ander koerante wat hulle lees.

Die ondersoek word, soos aangedui in 1.1, gedoen oor 'n tydperk van bykans 'n jaar oor inligting wat in die inligtingsblad verskyn het. Bevindings oor die hoeveelheid inligting oor geïdentifiseerde temas wat nodig is ter bevrediging van die behoeftes van die leser, kan aandui hoeveel kommunikasiewaarde daar verkry is deur die plaas van hierdie inligting. Waar daar byvoorbeeld met 'n seminaar van die SA Kommunikasiediens slegs 100 mense teen 'n koste van ongeveer R1000 met die kommunikasieboodskap bereik word, bereik die *Light/Khanya* dalk heelwat meer teen dieselfde prys, hoewel die effek van die boodskap uiteraard nie noodwendig meer funksioneel sal wees nie.

## 1.6 DIE INLIGTINGSBLAD AS ONDERSOEKVELD

Soos uit bogenoemde inligting oor die doel en inhoud van die *Light/Khanya* blyk, is dit 'n besondere soort publikasie. Hoewel die voorkoms daarvan met dié van 'n ponieformaatkoerant ooreenstem, is daar 'n merkbare verskil tussen die doel en inhoud van die *Light/Khanya* en dié van ander koerante. Vervolgens sal die bestaan van inligtingsblaaie en die besondere aard daarvan kortliks bespreek word.

Wanneer literatuur oor die pers in Afrika bestudeer word, is daar duidelike voorbeelde van sulke inligtingsblaaie wat deur regerings van Afrikalande gepubliseer word. Wat Afrika betref, is dit nie so uitsonderlik dat regerings self inligtingsblaaie in koerantformaat publiseer om burgers ingelig te hou nie. Dit word gerugsteun deur die volgende opmerking:

> In the West, the very idea of government publishing newspapers is anathema - it is incompatible with the independent, objective, critical role of the press. But in the new nations it is considered a logical and proper function of governments to produce newspapers. (Mytton, 1983:65.)

'n Besondere voorbeeld hiervan word verskaf deur Mytton (1983:44). Hy beskryf die toetrede van die regering tot die pers in Tanganjika in 1923 met *Mambo Leo* (Affairs of Today). Dit is uitgegee deur die Departement van Onderwys met die doel om Afrikane *op te voed*. Die inhoud het bestaan uit wêreldnuus (versigtig geïnterpreteer deur die redaksie), artikels oor huidige gebeure en plaaslike nuus en gebeure van belang. Verder

het dit verklarende inligting bevat oor landbou, gesondheid en sanitasie. Na die Tweede Wêreldoorlog is dit saamgestel en gepubliseer deur die inligtingskantoor met die doel om die regering se doelstellings en welslae te verduidelik en te bevorder en nog later om die groeiende gevoel van nasionalisme te probeer teëwerk.

Verdere voorbeelde van inligtingsblaaie wat deur regerings van onder andere lande soos Kenia, Ethiopië en Libië gepubliseer word, word genoem deur Kitchen (1956:30), Feuereisen & Schmacke (1968:11,59,83) en Mytton (1983:46). Cooper (1988:25) meld 'n verdere voorbeeld van die *Botswana Daily News* wat 'n regeringskoerant is (vergelyk Zaffiro, 1992:133). In Suid-Afrika is die publikasie van hierdie inligtingsblaaie deur die Regering om die publiek in te lig ook nie onbekend nie, soos aangedui deur Mulder (1975:145).

Na onafhanklikheid in verskeie Afrikalande, onder meer Malawi, Zambië en Ghana, is die wette wat voor onafhanklikheid toegepas is, teen koerante in privaatbesit behou (Mytton, 1983:59). Wilcox het in 1975 altesame 71 koerante in Afrikastate aangeteken (Mytton, 1983:63). Hiervan is almal behalwe twintig deur die regering of regerende party gepubliseer. Die doel was om groter nasionale eenheid te bevorder, volgens 'n redakteur van Kenia, Hilary Ng'wena (Mytton, 1983:60). Hy wys voorts daarop dat wanneer 'n regering die behoefte ervaar om sy beleid te verduidelik, hulle besluite, opdragte, voorstelle en wette oor te dra, of om nuwe projekte en idees met hulle kiesers te bespreek, daar 'n forum moet wees wat nie antagonisties teenoor die regering is nie.

Meer resente bronne soos dié van Gamble & Gamble (1989:433) en Dominick (1990:64) beskou bogenoemde beriggewing as *ontwikkelingsjoernalistiek*. Die rede hiervoor is dat dié beriggewing die nasionale belange vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling asook nasionale doelstellings soos nasionale eenheid, stabiliteit en kultuur ondersteun (Dominick, 1990:64).

Bogenoemde voorbeelde dui daarop dat inligtingsblaaie of koerante wat deur regerings van die dag gepubliseer word met die doel om nasionale beleid, strewes, waardes en ontwikkeling te bevorder, algemeen in Afrika voorkom. Aangesien die doel van die *Light/Khanya* grootliks met bogenoemde doel ooreenstem, is dit duidelik dat die *Light/Khanya* in die raamwerk van ontwikkelingsjoernalistiek kan inpas. Hierdie aspek word in Hoofstuk 2 verder bespreek.

## 1.7 DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE ONDERBOU VIR DIE ONDERSOEK

Die ontstaan van die gebruike- en bevredigingsteorie en die kenmerke daarvan word volledig in Hoofstuk 3 bespreek. Die teorie oor *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*, en die samevoeging van die verwagtingswaardeteorie by hierdie teorie, word ook aangedui. Daar sal dus hier net kortliks aangedui word waarom die teorie as onderbou vir die ondersoek gebruik is.

Die teorie berus volgens Lundberg & Hulten (Cassata & Asante, 1979:88) op 'n aantal aannames. Die gehoor is aktief en kies sekere media-inhoud om hulle behoeftes te bevredig. Mense kies verder hulle media uit verskeie aanbiedinge van kompeterende media en ook uit ander meer konvensionele wyses om hulle behoeftes te bevredig, soos byvoorbeeld om vir vriende te gaan kuier of te slaap. Die gehoor is genoegsaam bewus van hoe die media hulle behoeftes en belangstellings bevredig en is in staat om dit te verwoord. 'n Laaste aanname is dat die gehoor se gebruik van die media ondersoek moet word sonder om waarde-oordele oor die kulturele betekenis van hulle mediagebruik te maak.

Die keuse van die teorie as teoretiese onderbou hou verband met hierdie aannames. Twee aspekte staan uit in hierdie aannames, naamlik: a) die gehoor is aktief en maak 'n keuse oor die media en inhoud: en b) hulle het sekere behoeftes wat deur hierdie keuse van media en inhoud bevredig word en kan hulle verbaal oor hierdie keuse en behoeftes uitdruk.

Die aktualiteit van hierdie ondersoek, die oriëntering tot die probleem, die probleemstelling en die doelstellings, hou direk verband met hierdie aspekte. Daar word aanvaar dat die lesers van die *Light/Khanya* in Mamelodi aktief is en dat hulle uit eie keuse hierdie inligtingsblad lees, aangesien die lesers self daarop inteken. Die lesers se keuse van die *Light/Khanya* veronderstel dat sekere van hulle behoeftes daardeur bevredig word. Hulle is ook in staat om hulle behoeftes te verwoord.

## 1.8 EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie ondersoek word die beskrywende-opnamemetode gebruik. Die redes hiervoor word uiteengesit in Hoofstuk 4. Vervolgens word kortliks net na die belangrikste aspekte verwys.

Die beskrywende-opnamemetode as ondersoekmetode is daarop gerig om data of inligting oor 'n spesifieke onderwerp of verskynsel van die oomblik te bekom. Dit word hoofsaaklik deur waarneming van die onderwerp gedoen. Eerstens bestudeer die navorser die populasie betrokke by die onderwerp of verskynsel en tweedens teken hy sy waarnemings aan. Hierdie waarneming is nie beperk tot regstreekse persoonlike waarneming nie, maar kan ook gedoen word deur vraelyste en onderhoude.

Die beskrywende-opnamemetode (Leedy, 1989:88) is geskik vir hierdie ondersoek aangesien die navorsing verkennend van aard is. Hierdie tipe navorsing het ten doel om insig te bied in 'n bestaande probleemterrein, onderwerp of verskynsel ten opsigte waarvan die navorser se kennis beperk is. Dit behels 'n ondersoek van toepaslike literatuur oor onderwerpe wat met die tema van die ondersoek verband hou. Inligting word verder verkry deur 'n ondersoek te doen van voorbeelde wat insig in die probleem kan bied. In hierdie ondersoek word 'n waarneming gemaak van die populasie wat betrokke is by die onderwerp, verskynsel of probleem, naamlik die lesers van *Light/Khanya*.

## 1.9 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Ter wille van groter duidelikheid word die belangrikste begrippe hier omskryf.

□ *Light/Khanya*

'n Maandelikse Engelstalige inligtingsblad in die vorm van 'n ponieformaatkoerant wat uitgegee word deur die SA Kommunikasiediens (voorheen Buro vir Inligting). Khanya is die Sothowoord vir lig.

□ Gebruike- en bevredigingsteorie

'n Teorie wat aanneem dat die gehoor aktief is en 'n keuse uitoefen oor die media en inligting wat aangebied word om sekere behoeftes te bevredig.

□ Die leser

'n Vrywillige intekenaar ('n persoon wat self ingeteken het op die *Light/Khanya*) en gereelde leser van die *Light/Khanya* in Mamelodi. In die bekendstelling van die *Light/*

*Khanya* aan die teikengehoor is 'n aantal mense in Mamelodi deur die redaksie ingeteken. Hierdie persone is nie in die ondersoek betrek nie.

□ Rubriek

Rubriek dui in hierdie ondersoek op onderwerpe wat op 'n gereelde basis op dieselfde blad of onder dieselfde opskrif verskyn het, en nie op inligting wat aan die joernalistieke vereistes van rubrieke voldoen nie.

## 1.10 PLAN VAN ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk is daar kortliks aandag gegee aan die probleem wat ondersoek gaan word en die doel van die ondersoek. Daar is ook aangedui waarom hierdie ondersoek aktueel is en hoe die ondersoek gedoen gaan word.

In Hoofstuk 2 word die *Light/Khanya* as massakommunikasiemedium bespreek en word dit gemeet aan die eienskappe van massamedia en koerante. 'n Uiteensetting van die struktuur en funksie van die voormalige Buro vir Inligting, word ook gegee. Hoofstuk 3 handel oor die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie ondersoek gedoen is, naamlik die gebruike- en bevredigingsteorie.

In Hoofstuk 4 word die metode van die empiriese ondersoek asook die hipoteses vir die ondersoek uiteengesit. Die resultate en die bevindinge van die ondersoek word, volgens die hipoteses, in Hoofstuk 5 beskryf. Hoofstuk 6 is 'n kort samevatting van die ondersoek, asook sekere gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 2

## DIE *LIGHT/KHANYA* AS MASSAKOMMUNIKASIEMEDIUM

### 2.1 INLEIDING

Massamedia bestaan uit twee hoofgroepe, naamlik die gedrukte media en die elektroniese media (De Fleur & Dennis, 1985:12; Marchant, 1988:9). Eersgenoemde kan verdeel word in byvoorbeeld boeke, tydskrifte, en koerante en laasgenoemde in byvoorbeeld televisie en radio.

Hierdie ondersoek handel oor een van die bogenoemde gedrukte media, die koerant, maar dan wel 'n besondere vorm daarvan, naamlik die inligtingsblad wat op streekgrondslag verskyn, naamlik die *Light/Khanya*.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit noodsaaklik om te bepaal of die *Light/ Khanya* aan die basiese eienskappe van 'n massamedium, en meer spesifiek die koerant, voldoen, aangesien die navorsingsdoelstelling en ondersoek wel van so 'n standpunt uitgaan. Anders gestel, sekere aannames en stellings oor byvoorbeeld die bogenoemde aannames, stellings en benaderings sal nie op die *Light/Khanya* van toepassing gemaak kan word as dié publikasie nie aan die basiese eise van massakommunikasie voldoen nie.

Hierdie hoofstuk het voorts ten doel om inligting te verskaf oor die verskynsel dat inligtingsblaaie as ontwikkelingsmedia deur 'n regering gedruk en versprei word. Dit gee 'n oorsig van die *Light/Khanya* en die Buro vir Inligting wat die inligtingsblad in die tydperk waaroor die ondersoek handel, uitgegee het.


### 2.2 MASSAKOMMUNIKASIE EN MASSAMEDIA

Die meeste skrywers oor massamedia en massakommunikasie identifiseer bepaalde eienskappe wat met die huidige ondersoek na die *Light/Khanya* verband hou (De Fleur & Dennis, 1985:5; Bittner, 1980:10).

### 2.2.1 Die *Light/Khanya* gemeet aan basiese eienskappe van massamedia

Die volgende eienskappe kan by alle massamedia volgens die model (Figuur 2.1) van De Beer (1993:8) aangetref word.

**Figuur 2.1**
**De Beer se model van die eienskappe van massamedia**



#### 2.2.1.1 Die sosiale sisteem

Byna alle massakommunikasie vind deur middel van massamedia in 'n bepaalde sisteem plaas (De Beer, 1993:8; Bittner, 1980:13). Die bestaan van hierdie sisteem waarbinne kommunikasie geskied, het gelei tot die ontstaan van die sisteemteorie (Windahl & Signitzer, 1992:83). Volgens dié teorie bestaan die sisteem uit 'n geheel, met interafhanklike dele, onderlinge verhoudings en verhoudings tussen die geheel en die omgewing. Hierdie verhoudings dui dan op 'n proses wat binne die sisteem plaasvind. In die geval van die *Light/Khanya* is dit die Suid-Afrikaanse sisteem en wat die verspreidingsgebied van die *Light/Khanya* betref, is dit die subsisteem van Mamelodi, bestaande uit hoofsaaklik swart lesers van verskeie taalgroepe. Verskeie staatkundige en ander veranderinge het egter binne die Suid-Afrikaanse sisteem plaasgevind in die tydperk waaroor die ondersoek handel wat die sisteem waarbinne die kommunikasie plaasgevind het, kon beïnvloed.

#### 2.2.1.2 Die sender

In die massamedia word normaalweg twee soorte senders aangetref, naamlik die sogenaamde *versweë* of *verwyderde* sender en die *regstreekse* sender (De Beer, 1993:9). Die eienaars van private massamedia val in die eerste groep. In die geval van die *Light/Khanya* is dit die regering van die dag, en meer spesifiek die SA Kommunikasiediens, wat namens die Regering die *Light/Khanya* publiseer en versprei. Die regstreekse sender is die redaksie van die betrokke massamedium en in die *Light/Khanya* se geval, is die redaksie van die *Light/Khanya*.

Die sender, versweë of regstreeks, vervul ook volgens Bittner (1980:10) 'n belangrike rol wanneer dit as hekwagter optree om die inligting wat die gehoor bereik, te beperk deur die inligting te redigeer voor dit uitgestuur word. In die geval van die *Light/Khanya* word hierdie funksie deur die redaksie in die besonder sowel as die SA Kommunikasiediens in die algemeen, vervul omdat daar sekere temas bepaal word waaroor geskryf moet word en inligting oor sekere onderwerpe nie geplaas word nie.

Die hekwagter kan voorts die hoeveelheid inligting wat die gehoor bereik, vermeerder deur die inligtingsomgewing te verbreed. In die geval van die *Light/Khanya* word dit deur die redaksie gedoen deur byvoorbeeld meer inligting omtrent sekere temas te verskaf as sommige dagblaaie.

Die hekwagter kan die inligting reorganiseer en interpreteer. In die geval van die *Light/Khanya* word inligting deur die redaksie gereorganiseer en geïnterpreteer deur sekere gebeure by 'n spesifieke tema, soos deurgegee deur die hoofbestuur van die SA Kommunikasiediens, in te pas. 'n Voorbeeld hiervan is om die opening van 'n nuwe supermark deur 'n swart eienaar te laat aanpas by die tema van vrye onderneming.

#### 2.2.1.3 Die boodskap

Die boodskap word bespreek volgens die formulering, die aard en inhoud daarvan.

□ Formulering

Die boodskapformulering van die massamedia is normaalweg onderhewig aan 'n groot aantal veranderlikes. In die geval van die *Light/Khanya* is daar onder meer die aspekte van beheer, naamlik riglyne vanaf die hoofbestuur oor die inhoud asook die hekwagter wat reeds hierbo bespreek is.

□ Aard en inhoud

Die gewone massamedia kan bepaalde vorme van massamediaboodskappe in terme van die aard en inhoud identifiseer soos byvoorbeeld inligtingsboodskappe, opvoedingsboodskappe, vermaakboodskappe en diensleweringsboodskappe (De Fleur & Dennis, 1985:12). Die saak word in 2.3.3 verder bespreek.

#### 2.2.1.4 Die kanaal

Die massamedium is die kanaal waardeur massakommunikasie plaasvind (Hiebert, Ungurait & Bohn, 1988:12; Dominick, 1990:27). In die geval van die *Light/Khanya* is dit dus die publikasie self wat as inligtingsblad 'n gedrukte medium is.

#### 2.2.1.5 Die steuring

Net soos by alle ander vorme van kommunikasie, is daar ook faktore wat massakommunikasie kan versteur (Bittner, 1980:12; De Beer, 1993:9). In die geval van die *Light/Khanya* kon daar by die drukproses 'n probleem gewees het wat dowwe en dus onleesbare berigte tot gevolg gehad het.

#### 2.2.1.6 Die gehoor

Massakommunikasie word versend na 'n relatief onbeperkte, anonieme, heterogene en verspreide gehoor (Hiebert *et al.*, 1988:3; Agee, Ault & Emery, 1991:41). In die *Light/Khanya* se geval is die massakommunikasie versprei na 'n groot aantal swart lesers. In Februarie 1990 is daar byvoorbeeld 71 000 koerante versprei (Burger, 1993). Hoewel die *Light/Khanya* se lesers nie heeltemal so heterogeen is soos dié van byvoorbeeld 'n dagblad nie, is die lesers van die *Light/Khanya* betreklik heterogeen en anoniem. Die gehoor is veral heterogeen ten opsigte van geslag, ouderdom en die moedertaalgroep waartoe hulle behoort, soos duidelik blyk uit die demografiese inligting bekom deur die ondersoek. Die heterogene aard van die lesers is veral van belang vir die ondersoek, aangesien daar 'n vergelyking getref word tussen die geslagte, twee ouderdomsgroepe en die verskillende moedertaalgroepe van die steekproef (wat uiteraard die gehoor is).

Die *Light/Khanya* het ook 'n verspreide gehoor. Hoewel die ondersoek net onder die Mamelodi-lesers gedoen is, is die lesers van die *Light/Khanya* in die Pretoria-omgewing, Noord-, en Oos-Transvaal versprei.

#### 2.2.1.7 Die terugvoering

Die terugvoering is die respons van die ontvanger op die boodskap van die sender (Cassata & Asante, 1979:49). By alle kommunikasie, ook massakommunikasie, is daar 'n mindere of meerdere mate van terugvoering (De Fleur & Dennis, 1985:19).

Die terugvoering by massakommunikasie is hoofsaaklik indirek en vertraag (De Fleur & Dennis, 1985:22). In die geval van die *Light/Khanya* is die terugvoering ook indirek, byvoorbeeld deur middel van briewe aan die redakteur. Vertraagde terugvoering verwys na die tydperk wat verloop nadat die boodskap uitgestuur is en die respons van die gehoor verkry word (Bittner, 1980:10). In die geval van die *Light/Khanya* is die terugvoering vertraag omdat respons op 'n sekere tema eers twee maande later ontvang word. Dikwels is die terugvoering ook nie verteenwoordigend van die mening van al die lesers van die *Light/Khanya* nie.

Terugvoering, en veral die gebrek daaraan, van die lesers oor die hoeveelheid inligting aangaande sekere temas en in rubrieke is 'n belangrike deel van die probleem in hierdie ondersoek. Terugvoering kon moontlik 'n aanduiding, hoewel nie baie betroubaar en verteenwoordigend nie, van die bevrediging van die behoeftes van die lesers gegee het.

Hierdie ondersoek het die eerste betroubare en verteenwoordigende inligting verskaf oor die bevrediging van die lesers se behoeftes.

#### 2.2.1.8 Die effek

Alle massakommunikasie het een of ander effek en verskeie studies is al daaroor gedoen (Mortensen, 1972:359; Fiske, 1990:31). Effek impliseer die meetbare en waarneembare verandering by die ontvanger wat deur identifiseerbare elemente veroorsaak is (Fiske, 1990:31). In die geval van die *Light/Khanya* word aangeneem dat daar ook 'n effek is. Die effek van die massakommunikasie is egter nie die fokus van die ondersoek nie, en daar word dus nie verder daarop uitgebrei nie.

Aan die hand van die bogenoemde bespreking blyk dit dat die *Light/Khanya* aan die basiese vereistes van 'n massamedium voldoen. Die *Light/Khanya* is egter nie 'n tipiese gedrukte massamedium soos 'n "tipiese"koerant nie, en wel om die redes soos in die volgende afdeling aangedui sal word.

## 2.3 DIE *LIGHT/KHANYA* AS EIESOORTIGE KOERANT


In 2.2.1 is aangedui dat die *Light/Khanya* aan die basiese eienskappe van 'n massamedium voldoen. In hierdie afdeling word kortliks bespreek of die *Light/Khanya* wel as 'n koerant getipeer kan word om dit binne die proses van massakommunikasie (deur middel van massamedia) te plaas.

### 2.3.1 Soorte koerante

Verskeie soorte koerante kan onderskei word en kan onder twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik massakoerante en spesialisasiekoerante (De Beer, 1982:7).

Figuur 2.2

**Indeling van koerantsoorte soos aangepas uit De Beer**




Die bostaande model (Figuur 2.2) van De Beer (1982:12) toon aan watter soorte koerante bestaan en onder watter hoofgroepe elke koerant inpas. As die *Light/Khanya* aan die eienskappe van 'n tipiese koerant gemeet word, kan bepaal word waar die *Light/Khanya* binne hierdie groepe inskakel. Die model is aangepas om vir die ontwikkelingskoerant voorsiening te maak.

### 2.3.2 Die *Light/Khanya* gemeet aan die basiese eienskappe van 'n tipiese koerant

Soos in die geval van die massamedia stem die meeste skrywers ooreen in hulle siening van wat die basiese kenmerke van die koerant is (Emery, 1972:3; De Beer, 1982:8). Volgens De Beer (1982:8) is die vier belangrikste eienskappe van die koerant universaliteit, openbaarheid, periodisiteit, en aktualiteit.

□ Universaliteit

'n Koerant is universeel omdat dit oor alles wat sy lesers raak, verslag doen. Die *Light/Khanya* doen nie verslag oor alles wat sy lesers raak nie. Dit berig byvoorbeeld nie oor hofsake waarin swart mense betrokke is nie, maar wel oor ander temas wat vir sy lesers van belang is soos geïdentifiseer deur hoofkantoor. Die *Light/Khanya* voldoen dus net in 'n mindere mate aan hierdie eienskap.

□ Openbaarheid

'n Koerant is 'n openbare medium wat beteken dat die beriggewing smaakvol en die waarheid moet wees. Dit beteken ook dat die koerant in die openbaar beskikbaar moet wees (Emery, 1972:3). Die redaksie poog om inligting in die *Light/Khanya* altyd smaakvol en feitelik korrek aan te bied. Die *Light/Khanya* is egter nie in die handel beskikbaar nie en is ook nie op openbare plekke soos boekwinkels beskikbaar nie, aangesien dit direk aan intekenare versprei word.

□ Periodisiteit

Periodisiteit dui daarop dat 'n koerant gereelde en vaste verskyningstye moet hê (Emery, 1972:3). Hoewel die *Light/Khanya* gereeld verskyn, naamlik maandeliks, is dit nie altyd op dieselfde dag nie. Volgens Emery (1972:3) moet 'n koerant ten minste een keer per week verskyn en is gereelde verskyning nie genoeg om dit te laat kwalifiseer as koerant nie. Die *Light/Khanya* voldoen dus nie aan hierdie eienskap nie

□ Aktualiteit

'n Koerant moet aktueel wees. Aktualiteit word moeilik behou in die geval van die *Light/Khanya*, aangesien dit slegs een keer per maand verskyn. Dit doen ook nie verslag oor alle aktuele sake nie.

Die *Light/Khanya*, gemeet aan die hand van die bogenoemde eienskappe, voldoen dus nie soos die tipiese koerant grootliks aan al die eienskappe nie, maar wel in 'n mindere mate.

### 2.3.3 Die *Light/Khanya* gemeet aan die funksies van 'n tipiese koerant

'n Koerant het, buiten spesifieke eienskappe, ook spesifieke primêre en sekondêre funksies (De Beer, 1982:9, Agee *et al.*, 1991:91) en die *Light/Khanya* sal vervolgens hieraan gemeet word.

Die primêre funksies van 'n koerant is volgens De Beer (1982:9): inligting, tendensstelling, dienslewering en vermaak.

□ Inligtingsfunksie

'n Koerant moet sy lesers inlig oor sake wat vir hulle van belang is of behoort te wees. Die *Light/Khanya* het 'n definitiewe inligtingsfunksie. Die *Light/Khanya* het egter nie alle inligting geplaas wat vir sy lesers van belang mag wees nie, maar fokus eerder op inligting wat vir hulle van belang moet wees.

□ Tendensstellingfunksie

'n Koerant het ook die taak om tendense aan te dui, standpunt in te neem en sy lesers op te voed. Dit sluit ook in kommentaar op nuus om ontwikkelings in perspektief te plaas (Agee *et al.*, 1991:91). Agee *et al.* (1991:91) noem voorts twee sekondêre funksies wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek as deel van die tendensstellingfunksie bespreek sal word, naamlik:

- Om gewenste burgerlike projekte te bevorder om ongewenste omstandighede te help elimineer. In die geval van die *Light/Khanya* word hierdie funksie en dus ook in 'n mate die tendensstellingfunksie vervul omdat inligting oor sosiale, ekonomiese, kulturele en staatkundige ontwikkelings verskaf word en gewenste gemeenskapsprojekte en ontwikkelingsprojekte bevorder word. Voorbeelde hiervan is inligting oor ekonomiese boumetodes om die laekostebehuisingsprojek te bevorder. Die *Light/Khanya* voed ook sy lesers op deur inligting oor onder meer gesondheidsorg en higiëne te plaas.
- Om 'n raadgewer en vegter vir regte te wees. Die *Light/Khanya* dien as raadgewer byvoorbeeld deur die beantwoording van navrae oor beroepskeuses en gesondheids- en persoonlike probleme. Dit dien ook as vegter vir regte deur lesers te wys op hulle regte as verbruikers of as inwoners van 'n bepaalde woongebied.

Die *Light/Khanya* vervul die tendensstellingfunksie omdat dit gebeure vir sy lesers binne 'n bepaalde konteks plaas en verklaar.

□ Diensleweringsfunksie

Lesers verwag dat koerante 'n diens moet lewer, met ander woorde 'n middel moet wees waardeur persone hulle goedere en dienste kan verkoop (Agee *et al.*, 1991:91). Die koerant doen dit deur middel van advertensies en kennisgewings oor allerlei wetenswaardighede. Ten opsigte van dienslewering deur middel van advertensies het die *Light/Khanya* geen funksie nie, aangesien dit nie advertensies plaas nie. Dit plaas wel inligting oor sekere wetenswaardighede in en om die swart gebiede. Deur die plasing van byvoorbeeld kliniektye lewer dit dus wel 'n diens.

□ Vermaakfunksie

'n Koerant behoort vermaak en afleiding te verskaf deur middel van 'n sosiale blad, strokies, grappe en ander ligte leesstof. Die *Light/Khanya* bied vermaak aangesien dit ligter leesstof soos grappies wat deur die lesers bygedra word, bevat, asook skryf oor nuwe plate- en rolprentvrystellings.

Aan die hand van die bogenoemde bespreking blyk dit dus dat die *Light/Khanya* aan die primêre funksies van 'n koerant voldoen. Dit vervul egter nie die inligtings-, diens- en tendensstellingfunksie ten volle nie omdat dit nie alle inligting plaas wat vir die lesers van belang is nie, nie advertensies plaas nie en tendense slegs ten opsigte van sekere temas stel.

Samevattend blyk dit dat die *Light/Khanya* soos volg daaruit sien:

- Die *Light/Khanya* is 'n massamedium en voldoen aan die basiese eienskappe van massamedia.
- Die *Light/Khanya*, hoewel 'n gedrukte medium, is nie 'n tipiese koerant in die tradisionele sin van die woord nie, want dit voldoen slegs in 'n beperkte mate aan die basiese vereistes van openbaarheid, periodisiteit, aktualiteit en universaliteit, maar kan wel as 'n eiesoortige koerant beskou word.
- Die *Light/Khanya* verrig wel, hoewel nie altyd volledig nie, die basiese funksies van 'n koerant.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan dan gestel word dat die *Light/Khanya* sowel 'n massamedium as 'n koerant is. Dit is egter 'n eiesoortige koerant, naamlik 'n inligtingsblad wat op streekgrondslag ten behoewe van die Regering deur 'n Staats-inligtingstelsel, die SA Kommunikasiediens gepubliseer en versprei word onder 'n spesifieke lesersgroep.

Hierdie besondere soort koerant of inligtingsblad waartoe die *Light/Khanya* behoort, word vervolgens bespreek.

### 2.3.4 Die *Light/Khanya* as ontwikkelingskoerant

'n Kort oorsig oor die bestaan van die ontwikkelingskoerant, veral in Afrika, word gegee en die *Light/Khanya* word aan die vereistes van ontwikkelingsmedia gemeet.

#### 2.3.4.1 Oorsig

Koerante wat gratis deur 'n regering versprei word, was in die vroeë agtiende eeu nie 'n onbekende verskynsel nie. Aspinall (1973:152) dui byvoorbeeld aan dat die regering in Londen in die vroeë 1820's verskeie koerante gekoop het vir die gebruik van verskeie departemente en dui ook aan dat die regering pamflette gratis versprei het.

Hoewel dit tans nie meer algemeen is in ontwikkelde lande nie, is die inligtingsblad of regeringskoerant, soos deur verskeie bronne genoem, steeds 'n algemene verskynsel in Afrika. Wilcox (1975:109) skryf die bestaan van hierdie koerante toe aan verskeie faktore:

- Die ekonomiese faktor het betrekking op die aspek dat Afrikalande met hulle armoede en ongeletterdheid nie die geleentheid bied aan 'n pers wat met advertensietariewe en intekengeld 'n bestaan moet maak nie. Die beperkte mark en die hoë drukkoste maak n private pers nie lewensvatbaar nie.
- Die behoeftebevredigingsfaktor hou verband met die mening van die meeste Afrika-leiers dat 'n private pers nie die behoeftes van 'n ontwikkelende nasie kan bevredig nie.
- Die bevordering van nasionale ontwikkelingstrategieë of beleid deur 'n die regering van die dag word gedoen deur gebruik te maak van media wat deur die regering geskep word.

In Afrika het hierdie inligtingsblaaie ook, soos Ainslie (1966:80) en Legum (1971:32) aandui, baie vroeg, veral na onafhanklikheid van die koloniale regerings, voorgekom. Ainslie (1966:80) verwys na die regeringstydskrifte *Bantu* en Smith (1946?:107) verwys na weekblaaie of tydskrifte wat deur Suid-Afrikaanse politici en ministers gebruik is om hulle siening en doelstellings aan die publiek bekend te maak. Inligting is ook aan blankes deur middel van koerante versprei deur die destydse Departement van Inligting (Mulder, 1975:145). Die bestaan van regeringskoerante kan ook toegeskryf word aan die ontevredenheid van die regering van ontwikkelende lande met bestaande media asook aan die afwesigheid van media vanweë 'n gebrek aan geld (Sommerlad, 1966:145).

Meer resente bronne, onder meer dié van Gamble & Gamble (1989:433) en Dominick (1990:64) beskou die inligting in hierdie tydskrifte of inligtingsblaaie as ontwikkelingsjoernalistiek. Volgens Dominick (1990:64) is ontwikkelingsjoernalistiek kenmerkend van Derdewêreldlande en is die beriggewing in die media daarop gerig om die nasionale belange van ekonomiese en sosiale ontwikkeling te ondersteun, asook doelwitte van die regering soos stabiliteit en nasionale eenheid. Gamble & Gamble (1989:433) noem dat ontwikkelingsjoernalistiek te make het met regeringsleiding aan die media ter wille van nasionale eenheid, identiteit en trots, met ander woorde inligting wat bekend staan as ontwikkelingsnuus. Altschull wys daarop (1984:151) dat daar ook kritiek teen hierdie term was wat ontstaan het vanweë spesifieke gebeure in die Fillipyne waar die idee sy beslag gekry het. 'n Departement van ontwikkelingskommunikasie is by die plaaslike universiteit gestig en die media het daarna slegs instrumente van ontwikkeling geword. Altschull (1984:145) is verder van mening dat die woord *ontwikkelende* 'n negatiewe konnotasie het en verkies die term *vorderings*joernalistiek. Hetsy vorderingsjoernalistiek of ontwikkelingsjoernalistiek, blyk dit dat die meeste bronne (McQuail, 1987:121; Gamble & Gamble, 1989:433; Dominick, 1990:65), die bestaan van hierdie tipe joernalistiek in die ontwikkelende lande erken.

McQuail (1987:121) maak ook daarvan melding dat die ontwikkelingsteorie, eerder as ander teorieë, geld vir die media in ontwikkelende lande. Hy gee die volgende basiese uitgangspunte van die teorie. Eerstens moet die media positiewe ontwikkelingstake, wat in ooreenstemming met die nasionale beleid is, aanvaar en uitdra. Tweedens moet persvryheid beperk kan word ten opsigte van ekonomiese prioriteite en ontwikkelingsbehoeftes van die gemeenskap. In die derde plek behoort die media prioriteit te verleen aan die nasionale kultuur en taal. Vierdens moet die media deur middel van inligting en nuus bande met ander ontwikkelende lande wat geografies, kultureel en staatkundig nou verbonde is, probeer smee. Joernaliste en ander mediawerkers het vyfdens verantwoordelikhede, maar ook vryheid in die versameling en verspreiding van inligting.

Laastens het die staat die reg, in belang van ontwikkelingsdoeleindes, om in te gryp in mediaprojekte of dit te beperk. Daarom kan wyses van sensuur, subsidies en direkte kontrole geregverdig word.

Biagi (1992:27) maak ook melding van die ontwikkelingsteorie (ook genoem die Derde-wêreldteorie). Hy meld dat die media wel in privaatbesit kan wees, maar dat dit gewoonlik deur die regering besit word en gebruik word om die land se sosiale en ekonomiese doelstellings te bevorder, asook om die gevoel van 'n nasionale mikpunt teweeg te bring. Cooper (1988:25) noem die voorbeeld van die *Botswana Daily News* wat 'n regeringskoerant is waarvan 73 persent van die inhoud ontwikkelingsnuus is asook die voorbeeld van *Ziana*, die regering van Zimbabwe se nuusagentskap, wat elke dag sowat 20 plaaslike ontwikkelingsartikels aan die media in Zimbabwe stuur.

Dominick (1990:116) noem die bestaan van spesialediens-koerante en wys daarop dat hierdie koerante gerig is op 'n spesifieke gehoor, soos in die geval van die *Light/Khanya*. Voorts beweer hy dat hierdie koerante daagliks, weekliks, twee keer 'n maand of selfs maandeliks gepubliseer word.

Die publiseer van inligtingsblaaie of regeringskoerante deur die regerings van Derde-wêreldlande kan dus binne die raamwerk van hierdie teorie verklaar word. Die publiseer van inligtingsblaaie deur die regering van die dag in Suid-Afrika, as ontwikkelende land (Petersen *red.*, 1992:152, Sommerlad, 1966:56), kan dus ook binne hierdie raamwerk verklaar word. Daar is dus 'n spesifieke rol en funksies wat deur hierdie inligtingsblaaie vervul word en is dus nie 'n ongewone verskynsel in Suid-Afrika nie. Daar kan dus na hierdie inligtingsblaaie in koerantformaat verwys word as ontwikkelingskoerante (Sien eie bydrae by Figuur 2.2).

#### 2.3.4.2 Die *Light/Khanya* gemeet aan die funksies van die ontwikkelingsmedia

Wanneer die doel van die *Light/Khanya* gemeet word aan die uitgangspunte van die ontwikkelingsteorie, soos hierbo uiteengesit, blyk die volgende:

- Die *Light/Khanya* as inligtingsblad, is daartoe verbind om positiewe ontwikkelingstake, in ooreenstemming met die beleid van die regering van die dag, uit te dra.
- Die vryheid van die mediabeamptes van die *Light/Khanya* word beperk omdat hulle oor geïdentifiseerde temas inligting moet verskaf.
- Die *Light/Khanya* verleen prioriteit aan inligting om 'n Suid-Afrikaanse kultuur onder sy lesers te vestig.

- Die *Light/Khanya* gee aandag aan bande met ander Afrikalande wat geografies asook kultureel en staatkundig ooreenstem met Suid-Afrika, byvoorbeeld deur middel van beriggewing oor ontwikkeling in Afrikalande.
- Die mediabeamptes het verantwoordelikhede, maar ook sekere vryhede, ten opsigte van die versameling van inligting en die verspreiding daarvan.
- Aangesien die *Light/Khanya* 'n inligtingsblad is wat deur 'n staatsdepartement uitgegee word, kan die regering ingryp in die mediaprojekte van die *Light/Khanya* of dit beperk, en is wyses van kontrole geregverdig.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat die *Light/Khanya* die funksies van 'n koerant binne die ontwikkelingspers vervul en kan dit dus met reg as 'n ontwikkelingskoerant beskou word. Daar sal vervolgens in hierdie ondersoek na die *Light/Khanya* as ontwikkelingskoerant verwys word.

Die *Light/Khanya* word saamgestel deur die Pretoria-streekkantoor van die SA Kommunikasiediens (voormalige Buro vir Inligting). Die Buro vir Inligting se rol as kommunikasie-agent van die Regering word voorts bespreek asook die wyse waarop bepaal word oor watter temas die *Light/Khanya* inligting aan die publiek deurgee.

## 2.4 DIE VOORMALIGE BURO VIR INLIGTING AS KOMMUNIKASIE-AGENT VAN DIE REGERING EN PUBLISEERDER VAN DIE *LIGHT/KHANYA*


Die voormalige Buro vir Inligting (September 1985 - April 1991)se ontstaan is in September aangekondig en het in Desember binne die kantoor van die Staatspresident tot stand gekom (Anon, 1985:9). Die doel van die Buro vir Inligting was om die Regering se beeld by die publiek te bevorder (Van der Westhuizen, 1985:3). Die Departement van Buitelandse Sake het verantwoordelikheid vir buitelandse inligting behou en die binnelandse inligtingsfunksie is aan die Buro vir Inligting oorgedra.

### 2.4.1 Die organisasiestruktuur van die Buro vir Inligting (1990)

Die buro het in April 1986 begin funksioneer met die missie om doeltreffende kommunikasie tussen die owerheid en die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika te bevorder. Die organisasiestruktuur van die Buro vir Inligting het tot en met 1990 (die tydperk van die ondersoek) ontwikkeling en verandering ondergaan om in 1990 uit vier hoofdirektorate en verskeie direktorate te bestaan, elk met sy eie taak of take (Buro vir Inligting, Jaarverslag, 1990:1).

**Figuur 2.3**

**'n Diagrammatiese voorstelling van die Buro vir Inligting (1990)**



#### 2.4.1.1 Hoofdirektoraat Navorsing en Beplanning

Dié hoofdirektoraat is in twee direktorate verdeel:

- Die Direktoraat Navorsingskoördinering
  Hierdie direktoraat se doel was: "...om aan die buro se hoofbestuur, direktorate en streekkantore, asook aan die Staatspresident, die Kabinet en Kabinetskomitees, ander departemente en die privaatsektor, 'n kommunikasienavorsings- en adviesdiens te lewer" (Buro vir Inligting, Jaarverslag 1990:1).

- Die Direktoraat Beplanningskoördinering
  Hierdie direktoraat was "...verantwoordelik vir die beplanning en die koördinering van kommunikasieprojekte op staatkundige, ekonomiese, veiligheids- en maatskaplike terrein ten einde die Regering se nasionale doelstellings te bevorder" (Buro vir Inligting, Jaarverslag 1990:1). Die direktoraat het op versoek van die Staatspresident, die Kabinet en sy Kabinetskomitees, asook aan ander Staatsdepartemente wat binne lynfunksieverband wil kommunikeer 'n kommunikasiebeplanningsdiens gelewer.

#### 2.4.1.2 Hoofdirektoraat Bestuurstelsel

Hierdie hoofdirektoraat het gedurende die tydperk (1990) ondersteuning verleen aan die bestuur rakende die beoogde implementeringsproses van sakebeginsels in die buro.

#### 2.4.1.3 Hoofdirektoraat Skakeling

Die hoofdirektoraat se taak was om deur sy direktorate nasionale skakel en mediaskakel doeltreffende kommunikasie met alle bevolkingsgroepe en buitelandse mediaverteenwoordigers in Suid-Afrika te bevorder.

- Die Direktoraat Nasionale Skakel
  Die doel was om met die nasionale beheerliggame van geïdentifiseerde organisasies en groepe te skakel waardeur die beleidsformuleerders van sulke organisasies ingelig word oor die ontwikkeling en toepassing van die beleid van die regering van die dag.

- Die Direktoraat Mediaskakel
  Hierdie direktoraat se funksie was om gesonde kommunikasiekanale tussen die Regering en staatsinstellings te bevorder en uit te bou asook tussen die Regering en die Suid-Afrikaanse en buitelandse media.

#### 2.4.1.4 Hoofdirektoraat Mediaproduksie

Hierdie hoofdirektoraat se doel was om die beleid van die regering van die dag en ander inligting binnelands deur 'n verskeidenheid publikasies en oudiovisuele programme en landwye deelname aan skoue en ander uitstallings uit te dra.

Binne die hoofdirektoraat Mediaproduksie het een direktoraat, naamlik Direktoraat Publikasies gefunksioneer wat onderverdeel was in verskeie ander subdirektorate, waaronder tydskrifte en boeke.

#### 2.4.1.5 Direktoraat Administrasie

Hierdie direktoraat het nie onder een van die hoofdirektorate geressorteer nie en was verantwoordelik vir doeltreffende administrasie in die Buro vir Inligting waaronder opleiding, die behartiging van personeel- en finansiële aangeleenthede en werkstudie.

### 2.4.2 Die werkwyse waarop temas vir publikasie bepaal is

Die wyse waarop die temas bepaal is, word onder twee afdelings bespreek, naamlik die bepaling van die temas by hoofkantoor en die afwenteling daarvan na streekvlak tot by die redaksie van die *Light/Khanya*.

#### 2.4.2.1 Werkwyse by hoofkantoor

Die Buro vir Inligting het die bogenoemde dienste gelewer aan vyf kliënte wat, in prioriteitsvolgorde, die Staatspresident, die Adjunk-Minister van die Buro vir Inligting, die Kabinet, ander staatsdepartemente en beamptes van die Buro vir Inligting was. Wanneer opdragte of versoeke van die Staatspresident, die Adjunk- Minister van die Buro vir Inligting en die Kabinet asook versoeke van ander Staatsdepartemente en beamptes van die Buro vir Inligting ontvang is, is 'n voorgeskrewe vorm daarvoor voltooi.

Hierdie opdragte (vanaf die Staatspresident of die Adjunk-Minister van die Buro vir Inligting) of versoeke (vanaf die Kabinet, ander Staatsdepartemente en beamptes van die Buro vir Inligting), is na die hoofbestuur deurgestuur vir goedkeuring en prioriteitsbepaling. Die tema en die prioriteit van elke versoek is dan deur die hoofbestuur bepaal. Die prioriteit van 'n versoek of opdrag is bepaal ten opsigte van die kliënt, die begroting, die teikengroepe en die tyd wat bestee moet word om elkeen van hierdie temas te behandel. Die uitvoering van die opdrag/versoek is beplan en opdragte of riglyne is dan aan alle komponente, insluitende die streekkantore van die organisasie, of net aan sekere komponente van die Buro vir Inligting gegee.

Elke komponent het sy eie planne opgestel oor hoe hierdie temas - byvoorbeeld om die klimaat- en beleidveranderinge deur te gee - gekommunikeer sal word. Wanneer hierdie opdragte of riglyne die streekkantoor bereik, het elke kantoor sy eie beplanning hiervolgens gedoen. Dit was elke streekkantoor se besluit hoe die fyner detail van sy kommunikasieplan daar gaan uitsien.

#### 2.4.2.2 Afwenteling na streekkantoor

Die streekdirekteur het die tema met riglyne en opdragte aan afdelingshoofde beskikbaar gestel op grond waarvan elkeen sy eie kommunikasieplan, in oorleg met en ter ondersteuning van die ander afdelings, ontwerp het. Op hierdie manier het die media- afdeling van die Pretoria-streekkantoor dan die prioriteit, riglyne en opdragte ten opsigte van 'n spesifieke tema ontvang.

Die media-afdeling was dus, met inagneming van die prioriteit, riglyne en opdragte, verantwoordelik vir hulle eie kommunikasieplan vir die spesifieke tema (Venter, 1993, persoonlike mededeling, hoof - SA Kommunikasiediens).

Die redakteur van die *Light/Khanya* het volgens diskresie, en met insette van die media-beamptes, die hoeveelheid inligting wat in die *Light/Khanya* oor die tema geplaas moet word en ook hoe gereeld daar oor die tema gekommunikeer moet word, bepaal. Die redakteur het, wanneer moontlik, ook die terugvoering vanaf die lesers gebruik om te bepaal hoeveel daar oor die onderwerp gekommunikeer moet word (Burger, 1991, persoonlike mededeling, redakteur - *Light/Khanya*).

Die *Light/Khanya* het nie net temas vanaf die hoofkantoor ontvang nie, maar het ook self onderwerpe en die prioriteit daarvan bepaal volgens die behoeftes van die lesers. Hierdie onderwerpe is dikwels in bestaande rubrieke bespreek. Redaksionele vryheid

het ruimte gelaat dat staatsdepartemente die redakteur direk kon nader om inligting te verskaf aan lesers oor 'n onderwerp waaroor die staatsdepartement voel die lesers ingelig behoort te word. Geïdentifiseerde temas is dikwels in gereelde rubrieke in die koerant aangespreek. Mediabeamptes wat op grondvlak met die publiek 'n behoefte ten opsigte van inligting oor 'n onderwerp identifiseer, kon dit ook as tema aan die redakteur voorlê (Burger, 1991, persoonlike mededeling, redakteur - *Light/Khanya*).

Dit is dus duidelik dat temas deur die hoofkantoor geïdentifiseer is, maar dat riglyne nie gegee is oor hoeveel inligting oor die tema aan die lesers deurgegee moet word nie. Waar ander staatsdepartemente die redakteur direk genader het met 'n versoek, is daar dikwels ook nie riglyne gegee oor hoeveel inligting moes verskyn nie. Riglyne vanaf die lesers deur middel van korrespondensie was beperk.

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat inligting in die *Light/Khanya* wel massakommunikasie is en die *Light/Khanya* wel 'n massakommunikasiemedium is. Daar is verder ook aangedui dat die *Light/Khanya* nie in die volle sin van die woord 'n tipiese koerant soos byvoorbeeld die dagbladpers is nie, maar tog voldoen aan die funksies van 'n koerant. Daar is verder ook aangedui watter funksies deur die ontwikkelingsmedia in Afrikalande vervul word. Die *Light/Khanya* is vervolgens daaraan gemeet om dit binne die kader van ontwikkelingsmedia en -koerante te plaas.

Omdat die *Light/Khanya* nie 'n tipiese koerant is nie, is verder aangedui waar die *Light/Khanya* as gedrukte massakommunikasiemedium en ontwikkelingskoerant inpas.

'n Uiteensetting van die struktuur van die voormalige Buro vir Inligting is gegee om die werkwyse aan te dui hoe temas wat die *Light/Khanya* gedek het, bepaal is.

# HOOFSTUK 3

## DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE ONDERBOU VIR DIE ONDERSOEK

### 3.1 INLEIDING

Daar bestaan drie breë klassifikasies van kommunikasie, naamlik intrapersoonlike, interpersoonlike en massakommunikasie (Bittner, 1980:16). Die studie van massakommunikasie hou verband met verskeie teorieë, maar massakommunikasie het unieke eienskappe wat 'n duidelik onderskeibare kommunikasieteorie, onder meer die agendastellingsteorie, verg (McQuail, 1987:8).

Die breë veld van massakommunikasieteorieë het ontwikkel sonder enige duidelik verstaanbare teoretiese onderbou (Farrar, 1988:437). Volgens Farrar is teorieë ontleen, verander en hergeformuleer wanneer daar nuwe idees rakende die proses, effek en rol van die media van massakommunikasie ontstaan het. Sodoende kon die teorieë by die veranderende toestande en vlakke van begrip aanpas. Diegene wat ondersoeke onderneem het, het dit vanuit verskeie dissiplines gedoen (Lowery & De Fleur, 1988:2). Veral teorieë uit die antropologie, sosiologie, psigologie en ander verwante sosiale wetenskappe het 'n rol gespeel in die vorming van die massakommunikasieteorie (Farrar, 1988:437).

Farrar (1988:437) dui aan dat navorsing in die massakommunikasieveld 'n hele aantal teorieë opgelewer het wat hy in drie breë kategorieë indeel, naamlik teorieë van die massa publiek/gemeenskap, teorieë van diffusie, en van massamediaprosesse en -effekte.

Farrar (1988:437) plaas die gebruike- en bevredigingsteorie in die kategorie van teorieë van massamediaprosesse en -effekte wat op die tipe boodskap, die waarde-oordele en ander menslike swakhede fokus. Tog bestaan daar ook ander teorieë van massamediaprosesse en -effekte wat moontlik ook geskik kon wees.

Die gebruike- en bevredigingsteorie konsentreer op die soort boodskap en veral op die behoeftes van die leser en die bevrediging daarvan. Dié teorie is dus as grondslag vir

hierdie ondersoek gebruik, aangesien die navorsing op die inligtingsbehoeftes van die lesers van die *Light/Khanya* fokus.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die genoemde teorie, asook die kritiek daarteen, onder die volgende afdelings bespreek om die keuse van hierdie teorie in die ondersoek te motiveer.

## 3.2 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE

Palmgreen, Rosengren & Wenner (1985:11-31) onderskei tussen vier fases in die ontwikkeling van die gebruike- en bevredigingsteorie na aanleiding van spesifieke bydraes deur verskillende gebruike- en bevredigingsondersoeke tot die teorie.

Pitout (1989:96) verwys in Suid-Afrikaanse konteks daarna as die verkennende fase (eerste fase), die operasionaliseringsfase (tweede fase), die eksploratiewe fase (derde fase) en die teoretiese fase (vierde fase). Die bespreking word aan die hand van hierdie vier fases gedoen.

### 3.2.1 Die verkennende fase

Die gebruike- en bevredigingsteorie is in 1958 vir die eerste keer beskryf in 'n artikel deur Katz. Die artikel is geskryf in reaksie op 'n bewering deur Berelson, naamlik dat dit lyk of die veld van kommunikasienavorsing stagneer (Severin & Tankard, 1992:269). Katz se argument was dat die studieveld van oorredingskommunikasie was wat stagneer en nie alle kommunikasienavorsing nie. Hy het daarop gewys dat die meeste kommunikasienavorsing tot en met daardie tyd op die ondersoek van die effek van oorredingsveldtogte op mediagehore gerig was (Severin & Tankard, 1992:269).

McQuail (McQuail & Windahl, 1981:66) skryf die ontstaan van hierdie teorie toe aan die teenkanting teen deterministiese aannames ten opsigte van media-effekte en die behoefte om weg te breek uit die vrugtelose debat oor mediavoorkeure.

Katz, Blumler & Gurevitch (1974:12) is van mening dat die veld van kommunikasienavorsing sou kon voortbestaan deur die soeklig in ondersoeke te laat val op die vraag: "Wat doen mense met die media?" Hy wys op ondersoeke wat in die verband gedoen

is. Van die ondersoeke is reeds in die 1940's gedoen, waaronder dié van Lazarsfeld & Stanton (1942, 1944, 1949), Suchman (1942) asook Wolfe & Fiske (1949).

Een van hierdie vroeë ondersoeke is in 1949 deur Berelson gedoen tydens 'n staking in die koerantbedryf in New York (Harless, 1985:530). Die ondersoek: "What missing the newspaper means", was daarop gemik om vas te stel watter deel van die koerant mense die meeste mis. Die antwoorde op die vrae het daarop gedui dat mense die koerant vir die bevrediging van hulle behoeftes gebruik, waaronder die bevrediging van hulle behoefte om te weet wat in die wêreld gebeur, vir ontspanning, vermaak of om sosiaal aanvaarbaar te wees.

Blumler & McQuail (1968:51) het hierdie teorie as hulle oorhoofse navorsingstrategie in die 1964 algemene verkiesing in Brittanje gevolg om vas te stel wat mense se motief was om die verkiesingsveldtog in die media te volg. Hulle bevinding het aangedui dat 'n gebruike- en bevredigingsteorie in werklikheid die kennis oor media-effekte kan vermeerder. Effekte kan afhanklik wees van, of verband hou met, die behoeftes en motiewe van die lede van die gehoor.

Die tydperk waarin hierdie teorie ontstaan het, word bevestig deur Blumler (1980:202) se ondersoek. Hy skryf dat die teorie meer prominent na vore getree het in die laat 1950's en vroeë 1960's. Dit was 'n tyd van algemene teleurstelling met die uitslag van die poging om die korttermyneffekte van blootstelling van mense aan massamediaveldtogte te meet.

Palmgreen *et al.* (1985:12) sê dat dié navorsing stadig ontwikkel het. Hy skryf dit toe aan die volgende twee redes:

- die dominansie van die fokus op media-effekte in die tyd voor en na die Tweede Wêreldoorlog wat die belangstelling in individuele verskille in bevrediging oorskadu het;
- die eerste fases van ontwikkeling in hierdie rigting wat mank gegaan het aan eksplisiete of algemene stellings oor die teoretiese aannames van hierdie teorie.

Die gebruike- en bevredigingsteorie het dus met sy ontstaan 'n nuwe rigting in kommunikasienavorsing aangedui. Die klem het in hierdie fase verskuif vanaf ondersoeke wat die effek van die massamedia op die mens bepaal het na ondersoeke wat wou vasstel wat die mens met die media doen. Die fase kan dus met reg as 'n verkennende fase beskou word.

Pitout (1989:66) dui ten slotte aan dat hierdie eerste ontwikkelingsfase gekenmerk word deur ondersoeke wat eerstens op die ontvanger gerig was, maar wat tweedens in gebreke gebly het om belangrike begrippe soos funksie, behoefte, motiewe, gebruik en bevrediging te omskryf. Hierdie ondersoeke het die weg gebaan vir 'n nuwe reeks gebruike- en bevredigingsondersoeke in die tweede fase.

### 3.2.2 Die operasionaliserings fase

Die operasionaliseringsfase of tweede fase word volgens Pitout (1989:74) gekenmerk deur:

- Die formulering van verskeie behoeftetipologieë en funksies of disfunksies van die media;
- die meting van die ontvanger se mediagebruik;
- die afwesigheid van die effek van TV as deel van die navorsingstrategie; en
- 'n onvermoë om te verklaar wat tussen die mediagebruik en die bevrediging van behoeftes gebeur.

In fase twee is formulering van die behoeftetipologieë, soos in die eerste punt aangedui, vir hierdie ondersoek van belang, aangesien hierdie ondersoek handel oor die bevrediging van die lesers se inligtingsbehoeftes.

McQuail, Blumler & Brown het die volgende vier kategorieë van behoeftes voorgestel soos saamgevat deur Severin & Tankard (1992:304). Die vier kategorieë stem dan ook grootliks ooreen met dié wat deur Farrar (1988:442) geïdentifiseer is.

- Vermaak (ontsnapping van roetine en probleme, emosionele ontlading). Dit is ook een van die kategorieë wat Farrar (1988:442) gemeld het.
- Persoonlike verhoudings (die sosiale nut van inligting in gesprekke, asook die media wat dien as 'n plaasvervanger vir geselskap).
- Persoonlike identiteit (waardeversterking, selfbegrip en 'n verkenning van die werklikheid). Die laaste twee kategorieë stem grootliks ooreen met dit wat Farrar (1988:442) geïdentifiseer het onder die behoefte aan sosialisering.
- Waarneming (inligting oor dinge wat jou kan help om iets te bereik of te doen). Hierdie behoefte stem ooreen met die behoefte aan kennis wat reeds genoem is.

Katz, Gurevitch & Haas (1973:166) beskou die massamedia as 'n middel wat deur individue gebruik word om hulself aan ander te bind of van ander los te maak. Hulle

het 35 behoeftes vanuit die literatuur oor die sosiale en psigologiese funksies van die massamedia geneem en dit in vyf kategorieë ingedeel. Ook hierdie vyf kategorieë stem ooreen met dié van Farrar, naamlik kennis, vermaak en sosialisering.

- Kognitiewe behoeftes/behoefte aan kennis (verkryging van inligting, kennis en begrip). Farrar (1988:442) beweer dat mense nuusverslae lees om hulle bewustheid van die wêreld te verhoog, om nuwe idees te bekom en om hulle nuuskierigheid te bevredig. Nuuskierigheid of die behoefte aan inligting is een van die eienskappe van die mens. Hierdie behoefte word deur nuus in die media bevredig. Hierdie behoefte stem ooreen met die behoefte aan waarneming soos geïdentifiseer deur McQuail, Blumler en Brown (Severin & Tankard, 1992:304).
- Affektiewe behoeftes/behoefte aan kennis (emosionele, aangename of estetiese ondervinding). Hierdie behoeftes is ook deel van Farrar (1988:442) se verduideliking van 'n behoefte aan kennis hierbo.
- Behoefte aan selfaktualisering of persoonlike vervulling (versterking van jou geloofwaardigheid, selfvertroue, sekuriteit en status).
- Behoefte om sosiaal ingeskakel te word (versterking van bande met familie of vriende). Hierdie twee behoeftes stem ooreen met Farrar (1988:443) se verduideliking van sosialisering, naamlik dat die massamedia die mens help om beter met vriende, familie en die res van die samelewing oor die weg te kom. Hy verwys hier veral na die opvoedkundige funksie van die massamedia wat byvoorbeeld aandui watter waardes in die samelewing geld, watter klere mode is of hoe mense in 'n spesifieke situasie moet optree. McQuail, Blumler & Brown (1972:156) se verduideliking van onderskeidelik persoonlike identiteit en persoonlike verhoudings stem ook hiermee ooreen.
- Behoefte aan spanningsontlading (ontvlugting en vermaak). Dit stem ooreen met die behoefte aan vermaak soos geïdentifiseer deur Farrar (1988:443) asook McQuail *et al.* (1972:155). Die massamedia bied volgens Farrar ontspanning en stimulasie aan wanneer die persoon verveeld is, asook emosionele ontlading en ontsnapping van die werklikheid deur middel van dramas of musiek.

Dit blyk dus dat daar wat die tipes behoeftes betref, redelike eenstemmigheid onder die teoretici bestaan. Die bestaan van hierdie behoeftes laat die vraag ontstaan wat tussen die mediagebruik en die bevrediging van hierdie behoeftes gebeur en lui dan die derde fase in.

### 3.2.3 Die eksploratiewe fase

Die derde fase of die eksploratiewe fase word vroeg in die sewentigerjare betree met pogings om verklarings te bied vir die wyse waarop die gehoor se motiewe, verwagtinge en mediagedrag met mekaar verband hou (Pitout, 1989:75). Dit word veral duidelik weerspieël in die siening van Katz, Blumler & Gurevitch (1974:15) dat ondersoeke gerig is op 1) die sosiale en psigologiese oorsprong van 2) behoeftes, wat 3) verwagtinge laat ontstaan oor 4) die massamedia of ander bronne, wat lei tot 5) gedifferensieerde patrone van mediablootstelling (of betrokkenheid by ander aktiwiteite) wat 6) behoeftebevrediging tot gevolg het en 7) ander gevolge, moontlik grootliks onbedoelde gevolge. McQuail & Windahl (1981:76) het 'n eenvoudige model saamgestel om die bogenoemde proses van behoeftes en die bevrediging daarvan uit te beeld (Figuur 3.1).

**Figuur 3.1**
**McQuail en Windahl se behoeftebevredigingsmodel**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Daar is sosiale en psigologiese | behoeftes wat | verwagtings skep oor die massamedia of ander bronne wat lei tot | gedifferensieerde patrone van media blootstelling | wat behoeftebevrediging tot gevolg het<br>----------<br>en ander (soms onbedoelde gevolge |

Na aanleiding van die ontwikkelings in hierdie fase word die volgende teoretiese aannames deur Katz *et al.* (1974:21-22) gemaak en dit word ondersteun deur resente ondersoeke soos voorts aangedui word:

- Die ontvanger is aktief, dus behoort 'n belangrike deel van mediagebruik doelgerig te wees. Ook Groenewald & Holtzhausen (1987:30) gaan van die standpunt uit dat die gehoor hulle doelbewus aan die media blootstel. Infante, Rancer & Womack (1990:353) som dit soos volg op: "At the core of the uses and gratifications theory lies the assumption that audience members actively seek out the mass media to satisfy individual needs."
- Hierdie doelgerigte blootstelling dui daarop dat die gehoor doelbewus hulle media-inhoud kies om 'n behoefte te bevredig. Die model van Lundberg & Hulten (Cassata & Asante, 1979:68) dui ook aan dat die ontvanger self sy media-inhoud kies. Die ontvanger vorm dikwels ook die media-inhoud om sy behoeftes te bevredig (Littlejohn, 1989:274). Volgens Infante *et al.* (1990:353) " ...audiences actively select media and media content to satisfy their needs".
- Die media ding mee met ander tradisionele bronne van behoeftebevrediging, byvoorbeeld om te slaap of vir vriende te gaan kuier (Cassata & Asante, 1979:68). Mense het 'n wye verskeidenheid behoeftes en slegs sekere kan deur die media bevredig word (Littlejohn, 1989:274).
- Die gehoor is genoegsaam bewus van hulle belangstelling in en behoeftes aan mediagebruik asook die wyse waarop hulle dit gebruik (Littlejohn, 1989:274). Die gehoor is dus in staat om redelik objektief oor hulle behoeftes vir mediagebruik verslag te kan doen. Infante *et al* (1990:353) beaam hierdie aanname deur aan te dui dat: "...audience members are aware of and can state their own motives for using mass communication".
- Waarde-oordele oor die kulturele betekenis ten opsigte van mediaboodskappe en die massamedia behoort weerhou te word. Volgens Pitout (1989:78) kan die waarde-oordele oor die kulturele betekenis eers gemaak word wanneer interpersoonlike behoeftes en motiewe vir mediagebruik begryp word.

Die derde fase word gekenmerk deur pogings om die teorie van die gebruike- en bevredigingsteorie uit te brei deur dit met *bevrediging gesoek-* en *bevrediging ontvang*-ondersoeke en die verwagtingswaardeteorie te kombineer (Pitout, 1989:89). Die ondersoeke na *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* asook die verwagtingswaardeteorie en die ooreenkomste daarvan met die gebruike- en bevredigingsteorie, sal vervolgens bespreek word.

#### 3.2.3.1 *Bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*

In die vroeë tot middel sewentigerjare het 'n aantal wetenskaplikes soos Greenberg (1974), en Katz (1973) begin onderskei tussen die bevrediging wat die gehoor soek en

die bevrediging wat hulle voel hulle gekry het (Palmgreen *et al.*, 1985:27). Daar is veral gekonsentreer op die korrelasie tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* asook op die individuele en gesamentlike effek daarvan op mediagebruik en -effek (Rayburn & Palmgreen, 1984:537). 'n Belangrike bevinding van hierdie ondersoeke was 'n medium tot sterk korrelasie (r = 0,40 - 0,60) tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*.

'n Verdere bevinding deur Palmgreen *et al.* (1985:27) is dat *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* empiries en konseptueel van mekaar onderskei moet word. Die redes hiervoor is:

- Ten spyte van die medium tot sterk korrelasie is daar 'n beduidende variansie (65% - 85%) dat *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* nie ooreenkom nie. Galloway & Meek (1981:436) verwys ook in hulle ondersoek na 'n teenstrydigheid tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*. Pitout (1989:89) wys in haar evaluering van *bevrediging gesoek-* en *bevrediging ontvang*-ondersoeke daarop dat, hoewel daar 'n sterk korrelasie is, dit nie 'n perfekte korrelasie is nie. Dit dui dus op 'n teenstrydigheid tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*. *Bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* beïnvloed mekaar, maar bepaal mekaar nie.
- Die omvang van *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* verskil in sommige ondersoeke.
- Die gemiddelde vlakke van *bevrediging gesoek* verskil dikwels van die gemiddelde vlakke van *bevrediging ontvang*.
- Twee ondersoeke het bevind dat *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* onafhanklik bydra tot die variansie in die meet van mediagebruik en media-effek.

Uit die verskeie *bevrediging gesoek-* en *bevrediging ontvang*-ondersoeke is dit duidelik dat daar konseptueel, analities en operasioneel onderskei moet word tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang*. Dit lei tot 'n beter begrip en dieper interpretasie van die proses van interaksie tussen die gehoor en die media (Bekker & Groenewald, 1991:40).

#### 3.2.3.2 Die verwagtingswaardeteorie

Verwagtings is die sleutelkonsep in die meeste modelle en definisies van die gebruike- en bevredigingsteorie (Rayburn & Palmgreen, 1984:537; Palmgreen *et al.*, 1985:21). Die aanname van die gebruike- en bevredigingsteorie dat die gehoor aktief is (met

ander woorde mediagebruikers kan 'n ander medium soek om hulle behoeftes te bevredig), berus op die aanname dat die gehoor 'n persepsie het van alternatiewe om hulle behoeftes te bevredig en dat hulle volgens hierdie persepsie optree (Palmgreen & Rayburn, 1985:61).

Die verwagtingskonsep en die bevrediging daarvan is die afgelope aantal jare deur verskeie navorsers ondersoek, onder andere Galloway & Meek (1981:435), Van Leuven (1981:425) en Rayburn & Palmgreen (1984:538). Hoewel die skrywers saamstem oor die belangrikheid van die verwagtingskonsep, verskil hulle egter in 'n mate ten opsigte van die betekenis van die konsep. Palmgreen & Rayburn (1985:62) wys daarop dat daar 'n baie belangrike en deeglik beproefde teorie van die sosiale psigologie bestaan, naamlik die verwagtingswaardeteorie. Hierdie teorie bied moontlik 'n verklaring vir die verwantskap tussen geloof, waarde, bevrediging en mediagedrag.

Die verwagtingswaardeteorie is ontwikkel deur Fishbein en Ajzen (Bekker & Groenewald, 1991b:5). Volgens hierdie teorie is mediagedrag of houding teenoor die media 'n funksie van verwagtings en waardes (Bekker & Groenewald, 1991b:6). Die konsep van verwagting sluit dus ook 'n waardekomponent in. Hierdie komponent is die waarde wat geheg word aan die bevrediging wat verkry word (Bekker & Groenewald, 1991a:41).


Bekker & Groenewald (1991b:5) definieer *verwagting* as die waargenome moontlikheid dat mediagedrag geassosieer met 'n media-objek 'n spesifieke gevolg sal hê. *Waarde* word gedefinieer as die waargenome belangrikheid van die gevolge van gedrag wat geassosieer word met 'n media-objek.

Sinvolle samevoeging van die verwagtingswaardeteorie en die gebruike- en bevredigingsteorie is eers in die vroeë tagtigerjare gedoen (Palmgreen & Rayburn, 1985:63). Die volgende ooreenkomste tussen die teorieë is deur Galloway & Meek (1981:439) uitgewys:

- Beide die verwagtingswaardeteorie en die gebruike- en bevredigingsteorie is kognitief georiënteerde "path-goal"-benaderings omdat die rigting van die gedrag gestuur word deur persepsies van die situasie en pogings om behoeftes te bevredig.
- Rakende die meet van gedrag neem albei teorieë aan dat die lede van die gehoor hulle behoeftes ken en verslag kan doen oor hulle bevrediging.
- Die verwagtingswaardeteorie maak die aanname dat verwagtings verwoord kan word wanneer daar deeglike ondervraging is. Die gebruike- en bevredigingsteorie gaan ook van hierdie standpunt uit, maar stel dit nie heeltemal so eksplisiet nie.

Galloway & Meek (1981:437) kom tot die slotsom dat die verwagtingswaardeteorie vir die meting van gebruike en bevrediging gevolg kan word. Infante *et al.* (1990:353) beskou die verwagtingskonsep as een van die basiese aannames van die gebruike- en bevredigingsteorie en stel dit dat: "...audiences use the media to fulfill expectations".

**Figuur 3.2**
**Palmgreen en Rayburn se gebruike-en-bevredigingsmodel**




Palmgreen & Rayburn (1985:64) het 'n gebruike-en-bevredigingsmodel (Figuur 3.2) ontwikkel wat aandui hoe die verwagtingswaardeteorie, die konsepte van *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* en die gebruike- en bevredigingsteorie bymekaar inskakel. Pitout (1989:93) wys in haar evaluering daarop dat die model, gebaseer op die verwagtingswaardeteorie, 'n prosesmodel is. Die rede vir hierdie siening is dat dit voorsiening maak vir die interaksie en wedersydse beïnvloeding tussen die massamedia en die ontvangers.

Bekker & Groenewald (1991b:7) onderskei volgens hierdie model vier tipes gehore, naamlik die bevredigde gehoor, die onrealistiese gehoor, die verraste gehoor en die passiewe gehoor. Bekker & Groenewald (1991b:7) beskryf die gehore soos volg:

- Die bevredigde gehoor

Die *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* het 'n hoë korrelasie getoon, met ander woorde die bevrediging wat hulle gesoek het, is gekry. Hulle kry dus wat hulle wil hê van die media.

- Die onrealistiese gehoor

Dié groep soek bevrediging in die programme waarna hulle kyk, maar al hulle behoeftes word nie bevredig nie. Slegs sekere behoeftes word bevredig, en hulle verwag meer as wat hulle kry.

- Die verraste gehoor

Hierdie groep soek bevrediging van sekere behoeftes en kyk na sodanige programme. Die programme waarna hulle kyk, bevredig egter terselfdertyd ook behoeftes wat hulle nie verwag het bevredig sou word nie. Dié groep kry dus meer as wat hulle verwag het.

- Die passiewe gehoor

Hierdie groep soek nie bevrediging van behoeftes deur na die programme te kyk nie. Mediagebruik by hierdie lede is toevallig en daar vind nie konstruktiewe blootstelling aan die media plaas nie.

Hierdie ondersoek toon 'n besliste onderskeid tussen gehore ten opsigte van *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* wanneer blootstelling aan die media plaasvind

### 3.2.4 Die teoretiese fase

Palmgreen *et al*. (1985:61) beweer dat die vierde fase betree is toe daar 'n verskuiwing plaasgevind het vanaf geïsoleerde ad hoc-ondersoeke, wat mediagebruik probeer verklaar en begin is met navorsing binne 'n duidelik omlynde metodologiese raamwerk. Hierdie fase word veral gekenmerk deur pogings tot formele teoriebou en -toetsing en is 'n belangrike fase omdat die teorie veral gekritiseer is omdat dit a-teoreties sou wees (Pitout, 1989:94).

Die mediabevredigingsmodel van Palmgreen *et al.* (1985:17) is een van die belangrikste ontwikkelings binne hierdie fase. Die model is 'n samestelling van verskeie gebruike- en bevredigingsnavorsers se pogings om die gebruike- en bevredigingsteorie binne 'n teoretiese raamwerk te bestudeer. Bogenoemde model maak voorsiening vir 'n verskeidenheid komponente, onder meer die interverwantskap tussen gelowe en verwagtinge wat oor die media gekoester word, evaluasies en *bevrediging gesoek* (Pitout, 1989:94). Die model maak voorts voorsiening vir die ondersoek na sosiale omstandighede en die psigologiese kenmerke van die ontvangers, die wisselwerking tussen die individu en die struktuur van die samelewing (Pitout, 1989:95).

Aangesien hierdie ondersoek net konsentreer op die behoefte aan inligting en die bevrediging daarvan, word daar nie verder aan hierdie fase en die ontwikkeling van die teorie aandag gegee nie. Daar sal egter kortliks aandag gegee word aan Suid-Afrikaanse ondersoeke wat geskoei is op dié teorie, vanweë sekere ooreenkomste wat relevant is vir hierdie ondersoek.

Uit die ondersoeke in die vier fases vermeld, blyk dit dat daar bloot op die algemene massamedia gekonsentreer is en verwys nie een na die vermoë van ontwikkelingsmedia om behoeftes en verwagtings van lesers te bevredig nie. Die ontwikkelingsmedia in Afrika speel 'n besondere rol. Gebruike- en bevredigingsondersoeke wat op die ontwikkelingsmedia gerig is, kan in die toekoms 'n besondere bydrae lewer, gesien in die lig dat Suid-Afrika 'n nuwe bestel betree waarin media moontlik ontwikklingsgerig gaan wees soos reeds aangedui deur die SAUK-raad (Cornelissen, 1993:4).

## 3.3 GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSONDERSOEKE IN SUID-AFRIKA

In die afgelope tien jaar is daar verskeie ondersoeke in Suid- Afrika onderneem wat geskoei is op die gebruike- en bevredingsteorie. Vir die doel van hierdie ondersoek word veral gelet op die ondersoeke van Groenewald & Holtzhausen (1987:29), Venter & Overton (1987:44) en Bekker & Groenewald (1991:38).

Groenewald & Holtzhausen (1987:32) het hierdie teorie gebruik in 'n ondersoek om die sosiale leerbehoeftes van die swart adolessente te identifiseer asook om die radio- en televisiegebruik van die adolessente te bepaal. Dit is veral die laasgenoemde aspek wat van belang is, aangesien dit op die gebruik van die media fokus.

Groenewald & Holtzhausen (1987:37) het bevind dat radio- en televisieprogramme verskeie behoeftes van die swart adolessent bevredig, veral die behoefte aan opvoeding (ofte wel informele onderrig), inligting en vermaak. Hulle het ook bevind dat daar 'n verskil, hoewel nie besonder groot nie, in die radio- en televisieprogramvoorkeure van meisies en seuns bestaan.

Die ondersoek van Venter & Overton (1987:44) het gefokus op die waardes, verwagtinge en bevrediging van Suid-Afrikaanse televisienuuskykers en die korrelasie daartussen. Hierdie ondersoek het grootliks berus op die latere ontwikkelings in die gebruike- en bevredigingsteorie. Die resultate van die ondersoek ten opsigte van televisienuus toon 'n hoë korrelasie tussen waardes en verwagtinge, maar 'n lae korrelasie tussen waardes en bevrediging asook tussen verwagtinge en bevrediging.

Bekker & Groenewald (1991a:38) het in 'n ondersoek oor die gebruik van televisie deur swartes in die PWV-gebied ook gebruik gemaak van die gebruike- en bevredigingsteorie as vertrekpunt vir die ondersoek. Hierdie ondersoek het gefokus op die bevrediging wat die swart mense gesoek het in hulle gunsteling televisieprogramme en die bevrediging wat hulle gekry het ten opsigte van inligting en vermaak. In hierdie ondersoek is die vier tipes gehore, soos hierbo in 3.2.3.1 uiteengesit, geïdentifiseer.

'n Soortgelyke ondersoek as laasgenoemde is ook deur Bekker & Groenewald (1991b:3) onderneem ten opsigte van radioprogramme en die bevrediging wat swart stedelike luisteraars ervaar. Hulle het dieselfde vier groepe luisteraars geïdentifiseer. 'n Hoë korrelasie is verkry tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* asook tussen verwagtinge en waardes. Die resultate van hierdie ondersoek toon voorts dat nie slegs die verskille tussen *bevrediging gesoek* en *bevrediging ontvang* die luisteraar se oriëntasie ten opsigte van die radio bepaal nie, maar ook verskille soos geslag, ouderdom, beroep en programvoorkeure.

## 3.4 KRITIEK TEEN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE AS TEORETIESE UITGANGSPUNT

Verskeie outeurs onder andere Pitout (1989:78) en Oosthuizen (1986:53) dui aan dat hierdie teorie nie foutloos is nie en het kritiek daarop gelewer. McQuail & Windahl (1981:78) lewer ook kritiek op die teorie en som dit soos volg op:

- Die teorie is dikwels te individualisties rakende die metode van ondersoek, wat dit moeilik maak om op groter strukture toe te pas;
- Die empiriese navorsing leun te swaar op aannames wat gemaak word na aanleiding van subjektiewe verslae van respondente se denkprosesse wat nie waargeneem kan word nie (Lichtenstein & Rosenfeld, 1983:99). Aangesien in hierdie ondersoek hoofsaaklik op die inligtingsbehoefte gefokus word, en dan ook op 'n spesifieke aspek daarvan, naamlik of die hoeveelheid voldoende was, word daar eerder op die leser se oordeel staatgemaak. Die respondent hoef dus nie tipes behoeftes wat deur mediagebruik bevredig word, te identifiseer nie.
- Die model stel die gehoor as redelik aktief voor. McQuail & Windahl (1981:78) se aanname is dat die gehoor selektief en vryelik tussen die verskillende media kies. Die voorstelling van so 'n aktiewe gehoor is teenstrydig met 'n ander aanname van hierdie teorie, naamlik dat die motiewe vir die gebruik van die media bepaal word deur basiese behoeftes, sosiale ondervinding en omstandighede (Oosthuizen, 1986:53). Ander navorsers is van mening dat dit juis die gebruiker se bewustheid van sy behoeftes en sy doelbewuste uitoefening van 'n keuse tussen alternatiewe is, wat die aanname van 'n aktiewe gehoor ondersteun (Rayburn & Palmgreen, 1984:538).
- Die teorie neem aan dat mediagedrag gebaseer is op 'n bewustelike of rasionele keuse, wat teenstrydig is met navorsingsresultate wat aanvoer dat mediagebruik gewoontelik en nie-selektief is. In teenstelling hiermee het Groenewald & Holtzhauzen (1987:38) bevind dat swart adolessente die televisie doelbewus gebruik om hulle behoeftes aan inligting en vermaak te bevredig en dat hulle sekere voorkeure ten opsigte van programmateriaal het wat daarop dui dat blootstelling nie bloot gewoontelik en nie-selektief is nie.
- Die teorie toon geen of weinig sensitiwiteit jeens die vermoë en nuanses van die media-inhoud. Hoewel boodskapontleding nie deel van die teorie vorm nie, word die noodsaaklikheid van sulke ondersoeke wel besef (Pitout, 1989:132). Aangesien hierdie ondersoek nie konsentreer op die inhoud van die boodskap nie, maar op die hoeveelheid inligting, het hierdie tekortkoming nie 'n wesenlike effek op die resultate van die ondersoek nie.
- Die teorie is konserwatief van aard en die regisseur van programme met 'n swak inhoud kan dit as 'n voorwendsel gebruik dat hy slegs die behoeftes van die gehoor bevredig. Die inhoud van die *Light/Khanya* word hoofsaaklik deur die SA Kommunikasiediens bepaal en hierdie punt van kritiek beïnvloed dus nie hierdie ondersoek nie.

Oosthuizen (1986:53) lig ook punte van kritiek op hierdie teorie uit wat volgens hom verband hou met die verskillende vakgebiede waaruit die teorie benader word.

Oosthuizen (1989:53) wys eerstens op die verwarring oor begrippe soos funksie, gebruik, behoefte, motief en bevrediging wat los en vas deur die navorsers binne hierdie teorie gebruik word sonder om dit eenvormig te definieer. In hierdie ondersoek word daar gekonsentreer op 'n behoeftes wat deur verskeie navorsers uitgewys is as 'n prominente behoefte wat deur die media bevredig word, naamlik inligting. Dit gaan in hierdie ondersoek nie om die motiewe van die ontvanger of die funksie van die media nie.

'n Verdere punt van kritiek lê op die vlak van ontleding. Sommige navorsers soos McQuail & Gurevitch (1974) lê die klem in hulle ondersoeke op verskillende plekke en interpreteer die resultate ook verskillend (Oosthuizen, 1986:54). Sommige verklaar mediagebruik binne die kollektiwiteit, terwyl ander na individuele veranderlikes soos inkomste kyk, en ander lê die klem op die behoeftes van die individu (Oosthuizen, 1986:54).

Oosthuizen (1986:54) wys ook daarop dat daar nog nie uitsluitsel bestaan oor die gebruike- en bevredigingsteorie as teorie nie. Elliot beskou die teorie as a-teoreties (1972:256). Pitout (1989:172) kom in haar kritiese evaluering tot die slotsom dat die benadering wel as 'n teorie beskou kan word, hoewel met 'n beperkte omvang.

Hetsy 'n benadering of 'n beperkte teorie, het die gebruike- en bevredigingsteorie in die verlede as vertrekpunt vir verskeie ondersoeke gedien. In Suid-Afrika was dit ook die teoretiese onderbou van ondersoeke soos in 3.3 bespreek. Verdere ondersoeke en samevoeging met teorieë soos die verwagtingswaardeteorie, het gelei tot sinvolle aannames wat as teoretiese vertrekpunt vir verdere ondersoeke kan dien.

## 3.5 DIE VERBAND TUSSEN DIE GEBRUIKE- EN BEVREDIGINGSTEORIE EN DIE ONDERSOEK

Uit die bespreking van die gebruike- en bevredigingsteorie hierbo is daar veral twee aspekte van die teorie wat van belang is vir hierdie ondersoek.

Die eerste is dat die fokus op die ontvanger is, met ander woorde daar word vanaf die ontvanger se kant na die probleem gekyk en nie vanaf die media se kant nie. Dit gaan dus nie om wat die media met die ontvanger maak nie, of wat die effek van die

media op die ontvanger is nie, maar wat die ontvanger van die media dink en daarmee doen. Die ontvanger is dus aktief en daar word deur sy oë na die media gekyk. Hierdie ondersoek het juis ten doel om vanuit die lesers se oogpunt na die *Light/Khanya* se inhoud te kyk, eerder as om te kyk watter effek die inhoud van die *Light/Khanya* op die lesers het of hoe dit die lesers beïnvloed.

Die tweede belangrike aspek is dat die behoeftes van die leser aandag geniet. Die behoeftetipologieë wat geïdentifiseer is, is veral belangrik in die sin dat daar met die motivering vir die publikasie van 'n ontwikkelingskoerant, soos die *Light/Khanya*, van die standpunt uitgegaan word dat die lesers sekere behoeftes het wat deur die *Light/Khanya* bevredig kan word.

Soos in die voorafgaande bespreking van die gebruike- en bevredigingsteorie aangedui, is daar sekere behoeftes wat deur die media bevredig word. Een van die mees prominente is die behoefte aan inligting wat deur bykans alle ondersoeke as 'n belangrike behoefte geïdentifiseer is.

Die ondersoek is veral daarop gerig om vas te stel of die hoeveelheid inligting wat in die *Light/Khanya* verskyn hierdie behoefte aan kennis of inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke bevredig. Indien nie, slaag die *Light/Khanya* nie daarin om hierdie mees prominente behoefte van sy leser te bevredig nie en voldoen dit nie aan die doel van ontwikkelingskoerante van die SA Kommunikasiediens nie.

Die ondersoek bepaal verder ook watter ander behoeftes, soos geïdentifiseer deur die navorsing bespreek in 2.3 en 3.3, deur die *Light/Khanya* bevredig word.

Die keuse van 'n navorsingsontwerp berus op die aannames van hierdie ondersoek dat die leser voldoende bewus is van sy behoeftes en die bevrediging daarvan en dat hy redelik objektief daaroor verslag kan doen.

Hierdie ondersoek toon sekere ooreenkomste met van die Suid-Afrikaanse ondersoeke wat reeds bespreek is. Die eerste ooreenkoms is dat ondersoeke van Bekker & Groenewald (1991a:38) en Bekker & Groenewald (1991b:3) ook swart stedelike lesers as respondente het. Die tweede ooreenkoms is dat Bekker & Groenewald (1991b:20) tot die gevolgtrekking kom dat die luisteraar se oriëntasie tot die radio verskil volgens geslag en ouderdom, en dat die geslagte klein verskille toon ten opsigte van radioprogramvoorkeure (Groenewald & Holtzhausen, 1987:37). Die verskille tussen die geslagte en twee ouderdomsgroepe word ook in dié ondersoek bepaal.

Dit blyk dus dat die gebruike- en bevredigingsteorie vanweë die fokus op die individu se behoeftes wat deur die media bevredig word, geskik is as onderbou vir hierdie ondersoek. Die resultate van Suid-Afrikaanse ondersoeke waarby swart stedelike respondente betrek is, het 'n basis vir hierdie ondersoek verskaf.

## 3.6 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk handel oor die teorie waarop die ondersoek berus, naamlik die gebruike- en bevredigingsteorie. Daar is aandag gegee aan die ontstaan en ontwikkeling van die teorie. Die kritiek teen die teorie is ook aangetoon. Hoewel hierdie teorie nie sonder tekortkominge en gebreke is nie, kan dit steeds die grondslag vir hierdie ondersoek verskaf. Die verband tussen die doel van die ondersoek en die teorie, asook die twee belangrikste raakpunte met ander soortgelyke Suid-Afrikaanse ondersoeke, is aangetoon.

In die volgende hoofstuk word die navorsingsmetodologie bespreek waaronder die beskrywende-opnamemetode, die hipotesestelling, die metode van ondersoek en die insameling en ontleding van die data.

# HOOFSTUK 4

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande drie hoofstukke is die probleem en die doelstellings van die ondersoek uiteengesit. 'n Kort oorsig oor massakommunikasie, massamedia en koerante is in Hoofstuk 2 gegee en die *Light/Khanya* is aan die eienskappe daarvan gemeet. Die voormalige Buro vir Inligting as kommunikasie-agent vir die Regering en hoe die *Light/Khanya* daar inskakel, is ook in Hoofstuk 2 bespreek.

Hoofstuk 3 handel oor die gebruike- en bevredigingsteorie as grondslag van hierdie ondersoek. Hierdie drie hoofstukke handel dus in hoofsaak die teoretiese raamwerk waarbinne die ondersoek geplaas word af. Die voorafgaande inligting is bepalend en gee 'n aanduiding van die keuse van 'n opnameprosedure.

Hierdie ondersoek handel dus oor 'n ontwikkelingskoerant en die mate waarin dit, tydens 'n bepaalde periode daarin geslaag het om sy lesers se behoefte aan 'n sekere hoeveelheid inligting te bevredig.

In hierdie hoofstuk word die opnameprosedure vir die ondersoek vervolgens uiteengesit. Die rasionaal vir die beskrywende- opnamemetode, 'n hipotesestelling, die metode van ondersoek, die metode van data-insameling en data-analise word uiteengesit.

### 4.2 DIE BESKRYWENDE-OPNAMEMETODE

Daar is sekere faktore wat die navorsingsmetodologie van 'n ondersoek bepaal. Leedy (1989:97) beweer dat die aard van data die navorsingsmetodologie bepaal wat gebruik word in die verwerking van die data. Smith (1988:25) beskou die karakter van die gedefinieerde probleemstelling as die bepalende faktor vir die keuse van die navorsingsmetodologie.

Die aard van die data asook die karakter van die probleemstelling is daarom oorweeg by die keuse van die beskrywende-opnamemetode (Leedy 1989:89). Hierdie metode is geskik vir die data wat verkry word van eenvoudige waarnemingsituasies, wat ook waarneming deur middel van 'n vraelys kan wees (Leedy, 1989:89).

Die beskrywende-opnamemetode, ook genoem die normatiewe-opnamemetode, word gebruik om data te verwerk wat die navorser deur waarneming verkry (Leedy, 1989:97). Wood (1983:242) beweer dié metode fokus op 'n verskynsel binne 'n gegewe periode. Wimmer & Dominick (1987:102) meld ook dat die beskrywende-opnamemetode veral gebruik word vir opnames oor 'n gegewe tydperk en voorts binne 'n gegewe gebied soos vir 'n verkiesingsveldtog. Jones (1985:173) noem 'n voorbeeld van 'n beskrywende-opnamemetode, naamlik 'n sensusopname, wat ten doel het om inligting oor sekere aspekte gedurende 'n gegewe tyd te verskaf. Die doel is dus bloot om inligting oor 'n gegewe onderwerp binne 'n gegewe tyd te versamel en te verwerk.

'n Verdere kenmerk van die beskrywende-opnamemetode is dat dit wat waargeneem word, beskryf word, met ander woorde op skrif gestel word of 'n rekord van gehou word (Leedy, 1989:98). Die navorser kan dan teruggaan en die waarneming wat beskryf is, bestudeer.

Leedy (1989:142) noem twee eienskappe van die beskrywende-opnamemetode. Die eerste eienskap is dat die metode te make het met 'n situasie wat die tegniek van waarneming vereis as die belangrikste manier om data te versamel. Die tweede eienskap is dat die populasie vir die studie met omsigtigheid gekies moet word en duidelik omskryf moet word.

Samevattend kan gestel word dat die beskrywende-opnamemetode geskik is vir ondersoeke wat; a) fokus op 'n verskynsel b) binne 'n gegewe tydperk, en c) binne 'n gegewe gebied. Die verskynsel word d) deur die tegniek van waarneming ondersoek, met e) 'n omsigtig gekose populasie en f) 'n geskrewe rekord word gemaak.

Wanneer hierdie ondersoek gemeet word aan die eienskappe hierbo uiteengesit, is die beskrywende-opnamemetode die geskikste keuse vir die huidige ondersoek, aangesien:

- die ondersoek op die verskynsel van behoeftebevrediging ten opsigte van inligting fokus;
- dit handel oor 'n verskynsel binne 'n gegewe periode (Februarie 1990 tot Desember 1990);

- dit op 'n spesifieke gebied, naamlik die stedelike gebied Mamelodi, fokus;
- die navorser gebruik maak van 'n vraelys, 'n waarnemingstegniek, om die data te versamel;
- die populasie omsigtig gekies is omdat slegs die vrywillige intekenare van die *Light/Khanya* in die ondersoek betrek is; en
- die data wat versamel is, die beste weergegee kan word deur dit op skrif te stel.

## 4.3 HIPOTESESTELLING

Die algemene doelstelling van die ondersoek is om vas te stel in watter mate die *Light/Khanya* die Mamelodi-leser se behoefte aan inligting bevredig het gedurende die tydperk waaroor die ondersoek handel. Die volgende hipoteses is na aanleiding van die spesifieke doelstellings van die ondersoek geformuleer.

Ter bereiking van die eerste doelstelling is sewe hipoteses geformuleer. Die rede hiervoor is dat die eerste doelstelling betrekking het op 'n verskeidenheid geïdentifiseerde temas.

### 4.3.1 Hipotese 1

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor politieke gebeure is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.2 Hipotese 2

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor probleme in swart onderwys is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.3 Hipotese 3

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor ekonomiese aangeleenthede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.4 Hipotese 4

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor plaaslike owerheidsaangeleenthede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.5 Hipotese 5

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor sosiale omstandighede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.6 Hipotese 6

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor gebeure in Afrika is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

### 4.3.7 Hipotese 7

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting in rubrieke in die *Light/Khanya* is bevredig.

### 4.3.8 Hipotese 8

Daar bestaan verskille tussen die geslagte ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

### 4.3.9 Hipotese 9

Daar bestaan verskille tussen die twee ouderdomsgroepe (25 jaar en jonger en 26 jaar en ouer) ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

### 4.3.10 Hipotese 10

Daar bestaan verskille tussen die verskillende moedertaalgroepe ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

### 4.3.11 Hipotese 11

Die *Light/Khanya* bevredig nie net sy lesers se inligtingsbehoeftes nie.

## 4.4 METODE VAN OPNAME EN DATA-ANALISE

Inligting word voorts verskaf oor die steekproef, die meetinstrument, die loodsstudie en die metode van data-insameling van die ondersoek.

### 4.4.1 Die steekproef

Smith (1988:77) definieer die populasie as 'n omvattende en duidelik gedefinieerde groep van die elemente van belang vir 'n gegewe navorsingsprobleem of hipotese. 'n Element word deur Smith (1988:76) omskryf as 'n eenheid waaroor inligting ingewin word. In hierdie ondersoek is die populasie die *Light/Khanya* se vrywillige intekenare in Mamelodi en die element is die stedelike intekenaar wat in Mamelodi bly.

Smith (1988:77) onderskei voorts tussen 'n teikenpopulasie en 'n opnamepopulasie. Die teikenpopulasie bestaan uit 'n geïdealiseerde groep wat die totaliteit van teikenelemente verteenwoordig en in hierdie ondersoek dus die vrywillige, stedelike intekenare van die *Light/Khanya* is. Die opnamepopulasie daarenteen, bestaan uit al die elemente waaruit die steekproef getrek gaan word. Dit is die realistiese groep elemente wat beskikbaar is nadat die praktiese beperkings in ag geneem is. Nadat alle aspekte van die stedelike intekenare oorweeg is, is daar op die stedelike intekenare van Mamelodi as opnamepopulasie besluit, aangesien 95% van die totale aantal stedelike intekenare ten tyde van hierdie ondersoek in Mamelodi gewoon het.

Die eenvoudige ewekansige steekproeftrekkingstegniek word in verskeie ondersoeke gebruik. Die metode is egter dikwels tydrowend en oneffektief (Smith, 1988:81). Bailey (1982:93) is dit eens met Smith en albei beskou die sistematiese tegniek as 'n goeie alternatief wat net sulke verteenwoordigende steekproewe kan lewer. Die sistematiese tegniek is nie so tydrowend nie, en is net soos die eenvoudige steekproeftrekkingstegniek ook 'n ewekansige steekproef. Om hierdie rede is daar besluit om van die sistematiese steekproeftrekkingstegniek gebruik te maak. 'n Verdere oorweging was dat die name van die intekenare reeds op 'n ewekansige manier op 'n adreslys gerangskik was waar elke element volgens 'n spesifieke interval getrek kon word.

Op aanbeveling van die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens is besluit om vier persent lesers van 11 586 lesers in Mamelodi in die steekproef te betrek, aangesien dit as statisties verteenwoordigend beskou kan word. Die eerste element is op 'n ewekansige manier getrek deur die nommers van 1 tot 10 in 'n houer te plaas en 'n nommer te trek. Die nommer 5 is getrek en daarna is elke 25e element vir die steekproef getrek. Adresse nommer 5, 30, 55, 80 ensovoorts is dus vanaf die drukstuk van die rekenaaradreslys getrek.

### 4.4.2 Die meetinstrument

'n Voordeel van die beskrywende-opnamemetode soos in 4.2 uiteengesit, is dat dit nie beperk is tot enige metode van data-insameling nie (Selltiz, 1976:102). Dit laat dus ruimte vir die tipe meetinstrument wat gebruik gaan word.

Vir hierdie ondersoek is daar op 'n vraelys met geslote vrae besluit vanweë die voordele wat dit vir dataversameling en -analise van hierdie ondersoek inhou (Bylae I). Bailey (1982:123) noem die volgende voordele van geslote vrae. Die eerste voordeel is dat die antwoorde standaard is en daarom van persoon tot persoon vergelyk kan word. Daar word in hierdie ondersoek vergelykings getref tussen die geslagte, ouderdomme en moedertaalgroepe.

Dit is tweedens makliker om die antwoorde te kodeer en te ontleed en die tegniek bespaar dus tyd en koste. Hoewel tyd en koste ten opsigte van kodering en ontleding bespaar word, word daar ook tyd en koste bespaar tydens 'n opname met geslote vrae. Die aantal respondente was 464 en dit sou moeilik en tydrowend wees (omstandighede soos die feit dat dit in 'n swart woongebied is, die verspreiding van die respondente oor 'n groot gebied is) om met soveel respondente individueel of in 'n groepsituasie 'n onderhoud te voer of elkeen te help met die verduideliking van oop vrae in 'n vraelys.

Die derde voordeel is dat die respondent die betekenis van die vraag beter verstaan en daar dus minder respondente is wat antwoord "Ek weet nie" of glad nie antwoord nie. Die lae opvoedkundige vlak, dikwels so laag as standerd 5, soos gesien kan word uit die demografiese inligting (Bylae II), het ook bygedra tot die keuse van geslote vrae.

Die vraelys bestaan hoofsaaklik uit vier afdelings:

- vrae oor demografiese en ander inligting rakende die voorkoms van die *Light/Khanya*;
- vrae oor die hoeveelheid inligting oor geïdentifiseerde temas;
- vrae oor die hoeveelheid inligting in rubrieke; en
- vrae oor ander behoeftes van die lesers wat deur die *Light/Khanya* bevredig word.

Die vrae dek slegs inligting oor gebeure in die tydperk Februarie 1990 tot Desember 1990. Vervolgens word 'n uiteensetting gegee van die items van die meetinstrument.

#### 4.4.2.1 Demografiese veranderlikes en ander inligting (Items 1 - 16)

Vrae aangaande onder meer geslag, ouderdom, moedertaal, opvoedkundige kwalifikasies, en inwoners in die huis kom in hierdie afdeling voor. Ander vrae in hierdie afdeling sluit in dié oor die fisiese voorkoms van die koerant, naamlik die gebruik van kleur of swart-en-wit foto's, aantal bladsye, asook vrae soos ander media waaraan die lesers blootgestel word en die waarde wat hulle daaraan heg.

Items 1 tot 8 is vrae wat oor die demografiese eienskappe van die lesers handel en Items 10 tot 13 handel oor ander aspekte van die *Light/Khanya* as die inhoud daarvan.

Item 14 stel die vraag of die sestien bladsye van die *Light/Khanya* voldoende is. Die *Light/Khanya* het tot Junie 1990 net twaalf bladsye beslaan, maar vanaf Julie het die publikasie sestien bladsye beslaan.

Items 15 en 16 handel oor die foto-inhoud van die *Light/Khanya*. Die *Light/Khanya* het gedurende die jaar 'n gemiddeld van ongeveer 24 swart-en-wit foto's per uitgawe gepubliseer. Die aantal foto's in elke uitgawe word in hakies aangedui: Februarie (17), Maart (14), April (17), Mei (15), Junie (17), Julie (29), Augustus (34), September (34), Oktober (28) en November/Desember (36). Foto's van die lesers vir die rubriek "Meet our Friends", is hierby ingesluit.

Gedurende dieselfde tydperk is 'n gemiddeld van sowat tien kleurfoto's per uitgawe gepubliseer. Die verspreiding was soos volg: Februarie (9), Maart (8), April (7), Mei (9), Junie en bylae (17), Julie (15), Augustus (8), September (9), Oktober (13) en November/Desember (10).

#### 4.4.2.2 Inligting oor geïdentifiseerde temas (Items 17 - 33)

Aan die begin van die jaar en deurlopend deur die jaar word sekere temas geïdentifiseer waaroor inligting aan die lesers oorgedra moet word. Hierdie vrae konsentreer hoofsaaklik op hierdie geïdentifiseerde temas in die betrokke periode (Februarie 1990 - Desember 1990). Die geslote vrae is daarop gerig om te bepaal of daar voldoen is aan die leser se behoefte aan inligting ten opsigte van hierdie temas of nie, en of daar na hulle mening te veel aandag aan hierdie temas geskenk is. 'n Uiteensetting van die inligting verskaf by elke item word vervolgens gegee:

- Item 17: Nuusdekking verleen aan die wêreldwye erkenning wat die Staatspresident gekry het vir die veranderinge wat hy onderneem het.

Die eerste berig oor die veranderinge wat die Staatspresident onderneem het, het verskyn op die voorblad van die Februarie- uitgawe met die opskrif: "The new SA". Die berig het die kommentaar van verskeie binnelandse en buitelandse leiers op die veranderinge weergegee. 'n Tweede berig het in dieselfde uitgawe verskyn met die opskrif: "Ciskei eager to negotiate". In Junie het die hoofberig verskyn met die opskrif: "A round of honour" wat gehandel het oor President De Klerk se besoek aan nege Europese lande en twee Afrikalande in Mei 1990. 'n Vierde hoofberig: "Historic USA visit", het in Oktober verskyn en het gehandel oor die President se besoek aan Amerika en gesprekke met leiers soos onder andere die President van die Verenigde State, mnr. George Bush en hulle reaksie op die verandering. Die redaksionele kommentaar van Junie: "Actions speak louder than words" was 'n opsomming van die veranderinge en die menings van leiers. Die November/Desember- uitgawe het die hoofberig: "Another breakthrough" gedra wat gehandel het oor die Staatspresident se besoeke aan Marokko, Nederland, Luxemburg en Senekal. Hierdie berigte was betreklik omvattend in vergelyking met ander berigte in die *Light/Khanya*.

- Item 18: Nuusdekking verleen aan die onderhandelinge tussen mnr. F.W. de Klerk en mnr. Nelson Mandela.

Die eerste berig oor onderhandeling tussen hulle het in Junie verskyn onder die opskrif: "Talks on talks have begun". In Augustus het die hoofberig: "Road to peace and prosperity" verskyn, wat gehandel het oor die onderhandelings en die Pretoria Minuut wat daarna uitgereik is. Die redaksionele kommentaar van die Oktober-uitgawe het ook melding gemaak van die onderhandelings. Drie tekenprente het ook oor hierdie onderwerp verskyn: Februarie: "Negotiations: We are on our way to a NEW South Africa"; Mei: "Negotiations are off the ground", en Junie: "Negotiations 2 Violence 0" met die beeld van 'n sokkerwedstryd en die telling daarvan.

- Item 19: Verslaggewing oor die veranderinge soos die oopstel van strande.

Die eerste berig het in Junie verskyn met die opskrif: "Hospitals open to all people". Die redaksionele kommentaar van die Oktober-uitgawe het ook melding gemaak van dié veranderinge. Die veranderinge ten opsigte van die oopstel van strande, hospitale en openbare geriewe, is ook gemeld in die berigte oor die veranderinge wat mnr. De Klerk onderneem het en gedurende sy oorsese reise aan leiers genoem het.

□ Item 20: Inligting wat gefokus het op die onrus in swart onderwys.

Die eerste verwysing na dié kwessie was in die redaksionele kommentaar in Februarie met die opskrif: "Facing up to the problems in black education" en in dieselfde uitgawe onder die opskrif: "Black education - the facts". In April het 'n hoofberig verskyn oor hierdie kwessie getiteld: "Return to school" wat gehandel het oor die beroep van dr. Stoffel van der Merwe op die swart leerlinge om terug te keer skool toe en die hantering van die probleme in swart onderwys. In April het die berig: "A lesson for marching teachers" verskyn. Die redaksionele kommentaar van die uitgawe het ook hierna verwys onder die opskrif: "Liberation through education".

□ Item 21: Inligting gepubliseer oor die vryemarkstelsel.

Die eerste berigte het verskyn in die Maart-uitgawe met die opskrifte: "Free enterprise is working", en "Socialism and free enterprise in practice" (redaksionele kommentaar). In April is die hele middelblad gewy aan die vryemarkstelsel met 'n verduideliking wat dit behels, hoe om 'n entrepreneur te word, waar finansiële hulp bekom kan word en baie ander aspekte van die stelsel. Ander berigte wat hieroor verskyn het, is: "SP supports free enterprise" en "Czechs choose private enterprise" in die Mei-uitgawe. In Junie het die berig: "23 000 entrepreneurs assisted by SBDC" verskyn en in Augustus die berig: "Privatisation: What it means". In September word 'n volbladartikel onder die opskrif "Small business and free enterprise in South Africa" geplaas en in Oktober het die berig: "Entrepreneur of the Year" verskyn.

□ Item 22: Verslaggewing oor persone (hoofsaaklik swart) wat 'n sukses van 'n kleinsakeonderneming gemaak het.

Die volgende artikels het in die Julie-uitgawe verskyn: "Free enterprise opens door to success" en "Free enterprise - a place in the sun for everyone". In Augustus het twee berigte: "Small business booms in Embalenhle" en "Progress in Pholapark" verskyn waar 'n gedeelte van laasgenoemde berig oor 'n nuwe supermark van 'n plaaslike sakeman gehandel het. "Business opportunities in Ezamokuhle" het in September verskyn en "Small business in Letlhabile" in Oktober.

□ Item 23: Inligting oor nasionalisering as alternatief vir die vryemarkstelsel.

Die hoofberig in die Maart-uitgawe van die *Light/Khanya* het alle aspekte rakende nasionalisering onder die opskrif: "Nationalisation: The debate continues", bespreek.

In dieselfde uitgawe het redaksionele kommentaar oor hierdie onderwerp verskyn met die opskrif: "Socialism and free enterprise in practice". Die redaksionele kommentaar van die Mei-uitgawe het weer eens op die aspekte van nasionalisering en die uitwerking wat dit op die mynbedryf kan hê, gefokus onder die opskrif: "Mining prospects".

□ Item 24: Inligting oor plaaslike owerhede en hulle funksies of take.

In Maart het die berig: "Local Government: An important foundation stone" verskyn met mnr. Danie Hough, Administrateur van Transvaal, se uitspraak oor die noodsaaklikheid van plaaslike owerhede vir die toekoms en die funksies daarvan. Hierdie uitgawe het ook 'n kompetisie op die middelblad bevat met 'n uitbeelding van die dienste wat die plaaslike owerheid lewer.

Die laaste twee paragrawe van die berig: "New local government systems in the offing" op die voorblad van die Junie-uitgawe het ook in die laaste twee paragrawe na die funksies van die plaaslike owerhede verwys.

In die Julie-uitgawe het verskeie berigte oor hierdie onderwerp verskyn: "Local authorities on their own feet" 'n voorbladberig met 'n verklaring van mnr. Olaus van Zyl, LUK belas met Plaaslike Owerhede, dat die plaaslike owerhede self vir die betaling van dienste verantwoordelik is. 'n Kompetisie het in dieselfde uitgawe verskyn waar die leser moes sê watter belangrike diens die simbool (gloeilampie) voorstel en die kompetisie het die dienste gelewer deur die plaaslike owerheid gemeld. Die middelblad van die Julie-uitgawe het 'n foto- uitbeelding gehad van die dienste wat die plaaslike owerheid verskaf en die berig: "Non-racial municipalities mooted", het ook in hierdie uitgawe verskyn. In Augustus het die berig: "TPA clarifies Mams arrears" verskyn, wat gehandel het oor die uitstaande huur-en-dienstegeld van Mamelodi. Die onderwerp is in September weer deur 'n hoofberig: "The rent issue" gedek. Dié berig het melding gemaak van die dienste wat 'n plaaslike owerheid verskaf. In die November/Desember- uitgawe het die berig: "Local government will change", oor die verandering in die stelsel wat mag kom, verskyn.

□ Item 25: Inligting oor die redes waarom huur-en-dienstegeld betaal moet word.

Op die middelblad van die Maart-uitgawe het 'n skets van die doel, ontstaan en funksies van die plaaslike owerheid verskyn met die volgende: "The community must pay municipal fees to ensure that the local authority provides services to the community. The salaries of the officials must also be paid from these taxes."

Verdere inligting oor hierdie onderwerp het verskyn in die berig: "Local authorities on own feet" in die Julie- uitgawe waarin mnr. Olaus van Zyl 'n beroep gedoen het op verbruikers om hulle dienstegeld te betaal en aangedui het dat die plaaslike owerheid self daarvoor verantwoordelik is. In dieselfde uitgawe het 'n kompetisie oor hierdie onderwerp verskyn en die fotoverslag op die middelblad het 'n duidelike beeld gegee waarvoor die geld aangewend word.

In Oktober het die berig: "The real losers of the rent boycott", verskyn waarin die redes vir die betaling van geld uiteengesit word.

□ Item 26: Inligting wat verduidelik hoe die gelde bestee word.

Dieselfde artikels en berigte in Items 24 en 25 genoem, is hier van toepassing, aangesien die drie aspekte dikwels saam aangespreek is.

□ Item 27: Rapportering oor die swart-teen-swart geweld in die swart stede en dorpe.

Die eerste beriggewing hieroor het in die Maart-uitgawe onder die opskrif: "Most blacks are against violence", verskyn wat gehandel het oor die bevindings van 'n meningsopname wat deur die Buro vir Inligting gedoen is. "Media call for peace" het in die April-uitgawe verskyn en het gefokus op die menings van redakteurs van swart en ander koerante ten opsigte van die swart geweld. Die redaksionele kommentaar van dieselfde uitgawe het ook aandag gegee aan hierdie onderwerp. Die redaksionele kommentaar van die September-uitgawe het ook hierdie onderwerp gedek met die opskrif: "The killing fields". Die Staatspresident se reaksie ten opsigte van geweld veral tussen die African National Congress (ANC) en Inkhata Vryheidsparty (IVP) is weerspieël in die berig: "Historic USA visit" in die Oktober-uitgawe, terwyl dieselfde uitgawe se redaksionele kommentaar ook hieroor gehandel het. Twee tekenprente het ook prominensie aan swart geweld verleen, naamlik die Oktober- tekenprent en die September- tekenprent.

□ Item 28: Verslaggewing oor die plakkersituasie.

Die eerste berig oor die plakkersituasie het in die huisbylae "*Light/Khanya* Property Journal" verskyn onder die opskrif: "New strategy regarding squatters". Die daaropvolgende berig het verskyn kort nadat plakkers hulle op groot skaal in woonbuurtes rondom Pretoria gevestig het. In Augustus het die berig: "Squatter camp in Soshanguve" verskyn en op dieselfde bladsy: "Medicos renders medical service to squatters in

Soshanguve". In September het daar onder: "News in short" 'n kort berig verskyn met die subopskrif: "Squatting planned in Mamelodi". In die November-Desember-uitgawe het twee berigte verskyn, naamlik: "Ivory Park - a happy home for squatters en "Squatting - Eastern Transvaal update" oor die plakkersituasie in Oos- Transvaal.

- Item 29: Inligting oor die effek van sanksies.

In verskeie berigte oor die Staatspresident se optrede en reise is daar na sanksies en die uitwerking daarvan verwys, aangesien hy dit as knelpunte uitgesonder het. Voorbeelde hiervan is die hoofberig van Februarie waar mnr. George Bush, President van die Verenigde State, in sy kommentaar oor die veranderinge verwys na sanksies, asook die derde laaste paragraaf van die hoofberig in Junie: "Round of honour" waar die Staatspresident verwys na die uitwerking van sanksies. 'n Verdere voorbeeld is die November/Desember-hoofberig: "Another breakthrough" waar mnr. De Klerk melding maak van die skade wat sanksies aan die groeikoers gedoen het. Die Julie-uitgawe se redaksionele kommentaar het oor sanksies en die vooruitsig van opheffing gehandel onder die opskrif: "You cannot have your cake and eat it". In die Februarie-uitgawe is lesers van *Light/Khanya* uitgenooi om hulle mening te lug oor sanksies en die effek daarvan, waarna 'n groot aantal briewe oor die onderwerp ontvang is en deur die jaar gepubliseer is.

- Item 30: Verslaggewing oor die belangrikheid van huiseienaarskap.

In Maart het die berig: "Home ownership: The do's and dont's" verskyn waar die voordele van huiseienaarskap uiteengesit is, en op sekere belangrike moets en moenies gewys is. Die Mei-uitgawe het die berig: "House sales to blacks set to rise" gedra en in Junie het 'n bylae van vier bladsye oor behuising: "*Light/Khanya* Property Journal" verskyn. In Augustus het die voorbladberig: "R20 million boost for home buyers' scheme" verskyn en in Oktober het 'n boodskap aan die lesers in 'n rooi kassie verskyn: "Ensure you and your family's future. Buy your own home". Daar het ook in verskeie uitgawes berigte oor nuwe uitbreidings in swart dorpe verskyn, waar die belangrikheid van huiseienaarskap beklemtoon is.

- Item 31: Inligting oor die verskillende wyses om 'n huiseienaar te word.

Dieselfde berigte soos by Item 30 geld vir hierdie item aangesien die aspekte meestal saam in 'n berig aangespreek is. Die bylae in die Junie koerant het veral aandag hieraan gegee met berigte soos: "You can be a home-owner", "A bargain! Houses on sale",

"Where can I get financing if I want to buy a house", "Procedure to buy a house", "What sources of financing are available".

- ☐ Item 32: Verskyning van inligting oor die Pretoria Streekdiensteraad en die projekte daarvan.

Die eerste berig het verskyn in Februarie op die voorblad onder die opskrif: "RSCs finances looking good" en 'n verdere berig het in Junie verskyn: "Mamelodi gets R31 million from the RSC". In Oktober is die berig: "Pretoria RSC allocated an additional R169 119,49 to Atteridgeville", geplaas. Berigte oor ander streekdiensterade is ook geplaas soos die berig in Mei: "Bosveld Regional Council to spend R1,058 million on Bela Bela street project".

- ☐ Item 33: Nuus oor gebeure in Afrika.

Die volgende berigte oor gebeure in Afrika is geplaas: "Ciskei eager to negotiate" (Februarie), "SA projects aid African states" (Maart), "Half Africa living in absolute poverty" (Junie), "Taiwanese investors visit Lebowa" (Augustus), "New Zaïre-South Africa air service launched" (September-uitgawe), en "New Sun hotel opens near Rustenburg" wat gehandel het oor die nuwe casino in Bophuthatswana (Oktober).

Die bogenoemde items het grootliks gefokus op temas waaroor verslag gedoen is. Die hieropvolgende items fokus op inligting in gereelde rubrieke waaraan deurlopend aandag geskenk is. Alhoewel hierdie nie geïdentifiseerde temas was nie, het baie van die inligting aangesluit by temas hierbo genoem.

#### 4.4.2.3 Inligting in rubrieke (Items 34 - 53)

Hierdie gedeelte se vrae handel oor gereelde rubrieke asook bladsye afgestaan aan betrokke onderwerpe, byvoorbeeld vroueblad, opvoedkundige en sportblad, briewe, penvriende, en "On a Lighter Side". Die vrae is weer eens daarop gerig om te bepaal of die leser se behoefte aan hierdie inligting bevredig is al dan nie.

- ☐ Item 34: Nuùs oor gebeure in Mamelodi.

In die *Light/Khanya* is daar dikwels aandag gegee aan gebeure in die swart woonbuurtes rondom Pretoria en in die Oos- Transvaal en Noord-Transvaal. Hierdie berigte het dikwels verband gehou met die geïdentifiseerde temas of ander positiewe gebeure in

die woonbuurt. Daar is ook besondere aandag gegee aan verslaggewing oor sportgebeure. Die volgende berigte wat betrekking het op Mamelodi, het verskyn:

In Februarie het twee berigte verskyn, naamlik: "Better services for Mams" en "Mamelodi half marathon 1990" en in Maart het die berig: "Top Eight Cup back to Mamelodi", verskyn.

"Two Mams' councillors congratulated", "Sundowns' win" en "Extra aid for Alba Chiefs" het in die April- uitgawe verskyn en in Mei het "Johannesburg Junior City Council visits Mams", en "Sundowns win Toyota Cup", verskyn.

In Junie het: "New extension provides 900 houses in Mamelodi" verskyn, in Julie: "Mams' Vista links with residents" en in Augustus: "Mamelodi Sundowns the new JPS champs".

In die September-uitgawe is drie berigte geplaas, naamlik: "Future plan for Mamelodi", "Study materials for Boikanyo in Mams" en "Awards for Sundowns".

"Putco pulls out of Mamelodi" het in Oktober verskyn en in die November-Desember-uitgawe is twee berigte geplaas: "Health of babies stressed" en "Outfits for Alba Chiefs".

- Item 35: Inligting vir ontspanning soos onder meer "On a Lighter Side".

"On a Lighter Side" het gereeld elke maand op bladsy vyf van elke uitgawe verskyn. Dit het hoofsaaklik bestaan uit grappies en staaltjies wat deur die lesers self ingestuur is. Die rubriek het gewoonlik sowat 60 - 80 kolom sentimeter beslaan. Humoristiese sketse wat deur die lesers bygedra is, is ook gepubliseer. Ander materiaal gerig op ontspanning was: "Did you know" wat interessante gegewens bevat het soos "Political Punchlines" in September, en spotprente met byvoorbeeld Boomplantdag. Die November/Desember-uitgawe het ook heelwat materiaal in hierdie trant bevat onder meer 'n kersverhaal, kalender, speletjies en foto's van swart sterre.

- Item 36: Die fotoverslae soos "Atteridgeville Expo" wat op middelbladsye verskyn het.

In die meeste van die uitgawes is daar op die middelblad van fotoverslae gebruik gemaak. Die hoeveelheid plek afgestaan aan fotoverslae is soos volg: Februarie (volle

middelblad); Maart (geen); April (volle middelblad); Mei (halfblad); Junie (een-en-'n-halwe blad); Julie (geen - ruimte afgestaan aan tema van huur- en-dienstegeld); Augustus (een-en-'n-halwe blad); September (volle middelblad); Oktober (volle middelblad); en November/Desember (geen - ruimte gebruik vir sterre).

- Item 37: Die aantal kompetisies deur die *Light/Khanya* aangebied.

In Maart het die eerste kompetisie op die middelblad verskyn oor die verkiesing van plaaslike owerhede en hulle funksies. In Mei, Junie, Julie, September, Oktober en November/Desember was daar 'n kompetisie of kompetisies om tien kassette of langspeelplate van 'n kunstenaar te wen. In Julie het 'n kompetisie met kontantpryse oor munisipale dienste verskyn. In Augustus was daar 'n kompetisie met kontantpryse oor beroepsveiligheid, en in Desember 'n kompetisie oor "The Shell road to Fame" met die opskrif: "TV viewers' competition".

- Item 38: Ruimte afgestaan vir die plaas van lesersbriewe in "Mr Light".

Daar is elke maand ongeveer 'n halfblad of meer aan die briewekolom afgestaan. Pryse, in die vorm van publikasies, is vir die beste briewe gegee. Onderwerpe van die briewe was dikwels dié wat ook deur die *Light/Khanya* aangeraak is, onder meer drankmisbruik, padveiligheid, geweld in die woonbuurtes, die probleme van swart onderwys en onbeplande swangerskappe.

- Item 39: Ruimte afgestaan vir die plaas van penvriendversoeke.

Hierdie ruimte was altyd op dieselfde bladsy as die briewekolom en het gewoonlik 'n halfblad of minder beslaan. Daar was gewoonlik 'n gemiddeld van twaalf versoeke elke maand.

- Item 40: Ruimte afgestaan vir die foto's van lesers.

In Februarie, April, Augustus en November/Desember het geen foto's verskyn nie. In Maart, Junie en Julie het daar in elke uitgawe drie foto's verskyn. In Mei was daar vier foto's, in September twee en in Oktober een.

- Item 41: Inligting vir die jongspan in "Kiddies Corner".

Van Februarie tot Mei is daar elke maand 'n halfblad afgestaan en in Junie en Desember was daar geen ruimte hiervoor nie. Van Julie tot Oktober is daar 'n hele bladsy hieraan afgestaan.

- Item 42: Inligting oor siektes soos Vigs, masels, en melaatsheid.

Die volgende berigte het oor die onderwerp verskyn. In Junie en Julie het inligting oor masels en die simptome daarvan onder die opskrifte: "Measles can be fatal" en "Measles strategy - most successful in Northern and Eastern Transvaal" verskyn. In Julie het die berig: "Leprosy week at Themba Hospital" verskyn waarin inligting verskaf is oor die oorsake, oordrag en simptome van melaatsheid. In Oktober het die volgende berigte oor hierdie onderwerp verskyn: "One million immunisations done" en "The struggle against cancer". In die November/Desember-uitgawe het: "Women and Aids" en "Health of babies stressed" verskyn, wat gehandel het oor siektes waarvoor babas ingeënt moet word.

- Item 43: Inligting oor dwelm- en drankmisbruik.

Die Augustus-uitgawe het aandag gegee aan hierdie onderwerp in die berig: "Alcoholic women more at risk". 'n Verskeidenheid briewe van lesers oor hierdie onderwerp is ook geplaas en die berigte oor padveiligheid het ook dikwels na dwelm- en drankmisbruik verwys.

- Item 44: Ruimte afgestaan vir die rubriek "Sister Mildred".

In dié rubriek het 'n gekwalifiseerde swart verpleegster die gesondheids-, seksuele en ander probleme van lesers gehanteer wat hulle in briewe aan haar gerig het. Die ruimte afgestaan aan hierdie rubriek was soos volg: April (30cm), Mei (48cm), Julie (70cm) en Oktober (50cm).

- Item 45: Nuus oor die nuutste rolprentvrystellings wat verskyn het in "At the movies".

Die rubriek het 'n gemiddeld van drie nuwe rolprente kortliks bespreek en daar is ook 'n swart-en-wit foto by elke bespreking geplaas. Die ruimte afgestaan het in elke uitgawe drie van die sewe kolomme beslaan.

□ Item 46: Verslaggewing oor swart kunstenaars en musiek.

Daar is baie, maar gewoonlik besonder kort berigte oor hierdie onderwerp geplaas. Die berigte wat in elke uitgawe verskyn het, word hieronder genoem. Aangesien daar so baie kort berigte (ongeveer 5 kolom cm) geplaas is, word van die paragraafstyl afgewyk vir 'n meer sistematiese uiteensetting.

- Februarie: "V Mesh at the top"; "Umshoza by Billy"; "Black Tycoons" en "The Special Five".
- Maart: "Spotlight on Richard Mehunu"; "A new gospel hit by Izikhova Ezimnqini"; "The holy brothers"; "Now on the small screen 'Kgweetsa'" en "TVD 'a man, a dog and a cow'".
- April: "A rising star: Zinzi Kongo"; "Dan Nkosi - Wesselton's rising star"; "Splash's new release"; "Thando by Alvin Modise Mogale" en "Angie".
- Mei: "Count me out by Gloria Grace"; "Lucky Dube the best"; "Pure Gold" en "Iingcinga - new drama looks at family life".
- Junie: "Stars of the future"; "The Shell Road to Fame - a new look for the nineties"; "New stars - new releases" en "A rising star: Themba Mokoena".
- Julie: "On the road to fame"; "Love Africa by Benjamin Dube"; "Fatty Boom Boom" en "Thiza's New Hit: Mogambo Man".
- Augustus: "Sigaman comes up with 'Makopano'"; "Popular series continues"; "The third release by Abavuselelibama Weseli" en "Music of our soul".
- September: "Malidadi's Carlos Djedje simply the best"; "Sammy Malete"; "Star profile"; "Radio Venda's rising star"; "The Chimes"; "The second half-live by Stimela" en "Umoja 'Touch Africa'".
- Oktober: "A look at friendship"; "Ymage 'Time changes'" en "Any Question 'Goodbye Margaret'".
- November/Desember: "Musical update - The latest releases"; "New releases for Christmas" en "Joe Mafela back on the small screen".

□ Item 47: Inligting van belang vir vroue wat op die vroueblad bespreek is.

Die vroueblad met die opskrif "Women Only" het in elke uitgawe 'n volblad beslaan. Gereelde artikels het ook op hierdie bladsy verskyn, naamlik: "Women's Point of View" deur Doreen Gough wat oor aktuele onderwerpe vir vroue gehandel het en "Get into shape with Super Shape". Ander onderwerpe was onder meer resepte, vrouedae, beriggewing oor handvaardigheidskompetisies, inligting oor geboortebeperking en versorging van kinders.

☐ Item 48: Inligting oor verskillende beroepe bespreek in die rubriek "I want to be".

Dié rubriek het op die blad "Students' Diary", verskyn. Die beroepe is bespreek ten opsigte van die aard van die werk, moontlike beurse, plekke waar aansoek gedoen kan word, die nodige kwalifikasies en die studierigting wat gevolg moet word. Die volgende beroepe is bespreek: gesondheidsinspekteur (Februarie); verkeerskonstabel (Maart); joernalis (April); motormeganikus (Mei); kartograaf (Junie); meganiese ingenieurstegnikus (Julie); elektrisiën (Augustus); brandweerman (September); kassier (Oktober); passer-en-draaier (November/Desember). Beroepe in die Staatsdiens is ook bespreek in die Julie- en Augustus-uitgawes. Die beroepe wat bespreek is, is inligtingsbeampte in die SAP-museum en arbeidsterapeut.

☐ Item 49: Berigte met inligting oor verskillende opvoedkundige instellings.

Die volgende berigte het verskyn en daar word weer eens vir doeleindes van 'n meer sistematiese uiteensetting van die paragraafstyl afgewyk.

- Februarie: "Opportunity for artists" en "Farming - a golden opportunity".
- Maart: "Medicos Special School - devoted to the intellectually handicapped".
- April: "The training behind the transport".
- Junie: "Ndebele College of Education" en "In-service training - providing in the demand for technicians".
- Julie: "Educational breakthrough" oor die Promat College of Education.
- Augustus: "Ipopeng Training Centre - committed to total upliftment" en "Students visit Boskop Training Centre".
- Oktober: "Growing through knowledge" oor die Hoëveld Groepopleidingsentrum in Middelburg, Transvaal, en "Technical College Training is the road to a successful future" oor die Thuto Matlhale College in Mamelodi.
- November/Desember: "Project literacy: Addressing illiteracy".

☐ Item 50: Die aantal adresse van opvoedkundige instellings wat verskaf is.

Die volgende aantal adresse is maandeliks verskaf: April (21 adresse); Mei (dertien adresse); Junie (twee adresse); Julie (dertien adresse); September (sewe adresse); Oktober (drie adresse); en November/Desember (vier adresse).

□ Item 51: Verslaggewing oor algemeen opvoedkundige of onderwysnuus.

Van hierdie berigte het 'n groot aantal verskyn, wat weer eens soos volg gehanteer word:

- Februarie: "Medunsa veterinary graduates sign declaration"; "New head for Northern-Transvaal region", 'n berig oor die nuwe hoof vir die streek se Departement van Onderwys en Opleiding en "Vista Mamelodi gets new director".
- April: "Educational upliftment of the Nissan workforce".
- Mei: "How to finance your studies", die eerste in 'n reeks van vier oor hierdie onderwerp.
- Junie: "Agrifile" - inligting oor boerdery-diploma en samewerking tussen Boskop Opleidingsentrum en Lyceum, "Career 2000 in Pretoria".
- Julie: "Crèche opened in Rethabiseng"; "New Secondary School for Mookgopong"; "How to finance your studies" en "Mams Vista links with residents".
- Augustus: "Computer-based education" en "Medicos Special School expands".
- September: "Study materials for Boikanyo in Mams"; "New Secondary Schools for KwaGuqa"; "Filadelfia performs well in History"; "How to finance your studies" en "Educational radio".
- Oktober: "Training course in Refilwe"; "Parents as educators" en "Black matrics to start a week later".
- November/Desember: "Vet students awarded"; "Adult education at the Veterinary Faculty"; "Vista's fees to increase" en "How to finance your studies".

□ Item 52: Dekking verleen aan sportgebeure

Die hele agterblad is afgestaan aan sportgebeure in elke uitgawe van die *Light/Khanya*. In die November/Desember-uitgawe is twee bladsye daaraan afgestaan.

□ Item 53: Inligting oor die prestasies van swart mense.

In Februarie het "Another first for Medunsa" verskyn oor die eerste swart vrou in die land wat as hoof van 'n departement van kliniese sielkunde aangestel is, en "New dean for basic sciences" wat gehandel het oor die aanstelling van prof. E.C. Zingu.

In die Maart-uitgawe is die volgende berigte geplaas: "The top Att/ville student" en "Highest ranking black in Natal". In Julie het "Women at the top" verskyn en in Augustus "Top journalists appointed" en "Meet the remarkable Dr. Letsoalo".

"Medunsa's new Vice-Principal" en "Nakedi Ribane sets sights high" het verskyn in die September-uitgawe en in die November/Desember-uitgawe het "Director/Producer receives KWV-10 award" verskyn.

#### 4.4.2.4 Ander behoeftes wat deur die *Light/Khanya* bevredig word (Items 54 - 66)

Hier is die doel van die items om vas te stel watter ander behoeftes van die lesers deur die *Light/Khanya* bevredig word, byvoorbeeld persoonlike vervulling, sosialisering en sosiale status. Die afdeling bevat voorts vrae oor die objektiwiteit van die *Light/Khanya*. Geleentheid word gegee vir bykomende inligting wat die respondent nodig vind om te noem.

### 4.4.3 Loodsstudie

'n Loodsstudie is onder dertig *Light/Khanya*-lesers onderneem om te bepaal of hulle die vrae verstaan en korrek kan beantwoord. Die eerste aspek wat nie vir hulle duidelik was nie, was die term "home language", waar hulle dikwels by twee of meer tale kruisies getrek het. Die vraelys is aangepas en die term "home language" is vervang met "mother tongue", sodat die lesers hulle moedertaal by Item 3 kon aandui. Dikwels het hulle ook "other" aangedui sonder om te spesifiseer watter taal dit is. 'n Verdere probleem was Item 11, waar sommige aangedui het dat hulle beste inligtingsmedium koerante is, maar by Item 10 het hulle geen name van koerante ingevul nie. By Items 54 tot 65 was dit ook nie vir hulle duidelik dat alle vrae beantwoord moes word nie, en het hulle slegs dié items beantwoord waarmee hulle saamgestem het. Die probleme by Items 10, 11 en 54 tot 65 is aan die werknemers wat die opname gedoen het uitgewys en hulle het die respondente se aandag daarop gevestig. Die werknemer het wanneer hy die vraelys gaan afhaal het, seker gemaak dat hierdie items korrek voltooi is.

### 4.4.4 Metode van data-insameling

Die ondersoek is met behulp van ses werknemers van die Mamelodi-stadsraad gedoen. Die werknemers is opgelei deur die vraelys saam met hulle deur te werk en aan hulle te verduidelik hoe om die korrekte inligting te verkry. Die omslae met die name en adresse van die 464 gekose respondente (4% van die populasie van 11586) is aan hulle oorhandig. Die vraelys is in die tweede week van Maart deur die werknemers by die respondente se huise afgelewer en aan hulle verduidelik. Die vraelyste is binne, maar nie later as tien dae daarna, weer by die respondente se huise gaan haal. Die werknemers

is op twee aande vergesel deur die navorser om vas te stel of die opname korrek gedoen word. Die aantal vraelyste wat voltooi terugontvang is, was 460.

### 4.4.5 Metode van data-analise

Die data van 434 van die 460 vraelyste wat ontvang is, is vir ontleding gebruik. Die data is ontleed deur middel van die SAS (Statistiese Analise-sisteem). Buiten die gebruik van statistiese tegnieke soos frekwensies en persentasies is daar ook van die t-toets en die metode van variansie-analise gebruik gemaak.

#### 4.4.5.1 Die t-toets

Die t-toets word gedoen om 'n vergelyking te tref tussen die gemiddeldes van twee populasies en te bepaal of daar 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die twee populasiegemiddeldes is (Wimmer & Dominick, 1987:267). In hierdie ondersoek is die gemiddeldes van die ouderdomsgroep 25 jaar en jonger vergelyk met die ouderdomsgroep 26 jaar en ouer. Die gemiddeldes van die twee geslagte is ook deur die t-toets vergelyk.

Steyn (1990:14-7) beweer statisties betekenisvolle verskille impliseer nie noodwendig prakties betekenisvolle verskille nie. Om te bepaal of die twee populasies prakties betekenisvol verskil, word die volgende effekgrootte (d) deur middel van die volgende formule bepaal:

$$d = \frac{x1 - x2}{Smaks}$$

Waar:

- $x1$ = die gemiddelde van die een populasie (byvoorbeeld vroue)
- $x2$ = die gemiddelde van die ander populasie (byvoorbeeld mans)
- $Smaks$ = die grootste van die twee populasie standaardafwykings (Cohen, 1977:20-27).

Die kriteria vir die effekgroottes is:

- $d$ = 0,2 - klein effek,
- $d$ = 0,5 - medium effek,
- $d$ = 0,8 - groot effek,
- $d$ > 0,8 - prakties betekenisvol.

Beskou vervolgens die verskil in gemiddeldes as prakties betekenisvol indien *d* groter is as 0,8. Die berekening is gedoen op alle statisties betekenisvolle verskille en word in Hoofstuk 5 in tabelle uiteengesit.

#### 4.4.5.2 Variansie-analise

Die metode van variansie-analise (ANOVA), 'n verlengstuk van die t-toets, word gebruik om die populasiegemiddeldes van meer as twee populasies te vergelyk (Wimmer & Dominick, 1987:270). Hierdie metode is toegepas om te bepaal of daar verskille is tussen die gemiddeldes van die moedertaalgroepe aangesien daar sewe verskillende groepe is. 'n Aantal statisties betekenisvolle verskille is gevind en om te bepaal tussen watter pare moedertaalgroepe die verskille lê, is die Tukey-metode van meervoudige vergelyking toegepas (Steyn, 1990:14-5). Die verskille tussen pare wat deur die Tukey-metode aangetoon is, is vervolgens met dieselfde prosedure soos uiteengesit in 4.4.5.1 getoets of die verskille prakties betekenisvol is.

#### 4.4.5.3 Die verdeelde helfte-metode

Die verdeelde helfte-metode of "split-half"-tegniek is gebruik om die betroubaarheid van die toets te bepaal (Wimmer & Dominick, 1987:62). Smith (1988:47) is van mening dat dit op interne konsekwentheid dui. Hardyk & Petrinovich (1975:155) verduidelik "...but has one inherent limitation. The limitation is that we are interested in estimating the reliability of the complete test, but we are obtaining the correlation of two half-tests". Tog is die metode een van die mees algemene metodes om die betroubaarheid van die toets te bepaal (Hardyk & Petrinovich, 1975:155; Wimmer & Dominick, 1987:62).

## 4.5 SAMEVATTING

In Hoofstuk 4 is 'n volledige uiteensetting gegee van die metode wat gebruik is om die inligting te bekom en te ontleed, asook die meetinstrument en die inligting wat verskyn het oor die geïdentifiseerde temas en in rubrieke. In die volgende hoofstuk word die resultate van die ondersoek weergegee en word die hipoteses daaraan getoets.

# HOOFSTUK 5

## RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

### 5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is die inhoud en verdeling van die vraelys volledig uiteengesit. Vervolgens word die resultate van die vraelys bespreek. Die inligting word aangebied volgens die hipoteses gestel in 4.3.

Daar is ook deur middel van die t-toets 'n vergelyking getref tussen die gemiddeldes van sekere groepe, naamlik die geslagte en die twee ouderdomsgroepe (25 jaar en jonger en 26 jaar en ouer). Die metode van variansie-analise is gebruik om die gemiddeldes van die moedertaalgroepe met mekaar te vergelyk. Hierdie toetse is gedoen om vas te stel of hierdie veranderlikes 'n rol speel by die hoeveelheid inligting wat voldoen aan die behoeftes van die Mamelodi-lesers. Die betekenisvolle verskille word ook in hierdie hoofstuk uiteengesit.

### 5.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Na aanleiding van die spesifieke doelstellings soos uiteengesit in Hoofstuk 1 is elf hipoteses in Hoofstuk 4 geformuleer. Die resultate van die ondersoek word volgens hierdie hipoteses bespreek.

By sekere items is die persentasie *genoeg*-respons en die persentasie *te veel*-respons saamgevoeg. Die rede hiervoor is dat dit by hierdie items blyk of die lesers te min inligting ontvang het. Die lesers wat egter te veel inligting ontvang het, se behoefte aan 'n sekere hoeveelheid is egter ook bevredig.

#### 5.2.1 Hipotese 1

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor politieke gebeure word bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.1**

**F.W. de Klerk - Erkenning**

| Item 17 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 22,6 | 61 | 16,4 |
| f | 98 | 264 | 71 |

Tabel 5.1 (Item 17) toon dat die meerderheid (61%) respondente van mening was dat daar voldoende inligting was oor die wêreldwye erkenning wat die Staatspresident gekry het vir die veranderings weg van apartheid. Die meerderheid lesers se behoefte aan hierdie inligting is dus bevredig.

**Tabel 5.2**

**Onderhandelinge**

| Item 18 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 22,9 | 58 | 19,2 |
| f | 99 | 251 | 83 |

Tabel 5.2 (Item 18) dui aan dat die meerderheid (58%) respondente van mening was dat daar genoeg dekking verleen is aan die onderhandelinge tussen mnr. F.W. de Klerk en mnr. Nelson Mandela. Daar kan dus aanvaar word dat die meerderheid se behoefte aan inligting oor hierdie tema bevredig is.

**Tabel 5.3**

**Verandering - oopstel van strande**

| Item 19 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 39 | 55,7 | 5,3 |
| f | 169 | 241 | 23 |

Tabel 5.3 (Item 19) toon aan dat die hoeveelheid inligting oor die veranderinge soos die oopstel van die strande en openbare geriewe genoeg was en die meerderheid (55,7%) respondente se behoefte bevredig het.

Die respons op bogenoemde items soos weergegee in Tabelle 5.1 tot 5.3 dui aan dat die lesers se behoefte aan inligting oor politieke gebeure bevredig is. Dus word hierdie hipotese aanvaar.

### 5.2.2 Hipotese 2

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor probleme in swart onderwys is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.4**

**Probleme - swart onderwys**

| Item 20 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 56 | 28,8 | 15,2 |
| f | 243 | 125 | 66 |

Tabel 5.4 (Item 20) toon dat die hoeveelheid inligting wat verskaf is oor die probleme in swart onderwys volgens die mening van die meerderheid (56%) respondente te min was en dus nie in die behoefte van die meerderheid voldoen het nie.

Hierdie is die enigste tema waaroor die *Light/Khanya* nie genoeg inligting verskaf het nie. Die hipotese word dus verwerp.

### 5.2.3 Hipotese 3

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor ekonomiese aangeleenthede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.5**

**Vryemarkstelsel**

| Item 21 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 29,5 | 54,8 | 15,7 |
| f | 128 | 238 | 68 |

Tabel 5.5 (Item 21) toon dat die meerderheid (54,8%) respondente van mening was dat inligting oor die beginsel van die vryemarkstelsel voldoende was en hulle behoefte hieraan bevredig is.

**Tabel 5.6**

**Sukses - swart ondernemings**

| Item 22 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 31,3 | 47,7 | 21 |
| f | 135 | 206 | 91 |

Tabel 5.6 (Item 22) dui aan dat die inligting oor die sukses van swart mense in hulle eie ondernemings genoeg was om die meerderheid (47,7%) respondente se behoefte te bevredig.

**Tabel 5.7**

**Nasionalisering**

| Item 23 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 48,5 | 41,1 | 10,4 |
| f | 210 | 178 | 45 |

Tabel 5.7 (Item 23) toon dat die inligting oor nasionalisering, volgens die mening van 'n groot persentasie (48,5%) respondente, nie voldoende was nie. Daar was egter ook 'n groot persentasie (41,1%) respondente wat aangedui het dat dit genoeg was en 'n persentasie (10,4%) respondente wat aangedui het dat dit te veel was. Indien laasgenoemde persentasie by die persentasie van *genoeg* getel word, oorskry dit die persentasie van *te min*.

**Tabel 5.8**

**Effek van sanksies**

| Item 29 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 44,3 | 44,1 | 11,5 |
| f | 192 | 191 | 50 |

Tabel 5.8 (Item 29) toon dat die dekking wat die *Light/Khanya* ten opsigte van die uitwerking van sanksies verleen het te min was volgens 'n groot persentasie (44,3%) respondente. Bykans dieselfde persentasie (44,1%) respondente het egter aangedui dat dit genoeg was. Indien die persentasie (11,5%) respondente wat aangedui het dat die inligting te veel was, gevoeg word by die persentasie van *genoeg*, oorskry dit die persentasie van *te min*.

**Tabel 5.9**

**Huiseienaarskap**

| Item 30 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 30 | 61 | 9 |
| f | 130 | 264 | 39 |

Tabel 5.9 (Item 30) toon dat die hoeveelheid inligting oor huiseienaarskap genoeg was om die behoeftes van die meerderheid (61%) respondente te bevredig.

**Tabel 5.10**

**Hoe om 'n huiseienaar te word**

| Item 31 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 31,1 | 59,4 | 9,4 |
| f | 135 | 258 | 41 |

Tabel 5.10 (Item 31) toon dat volgens die mening van die meerderheid (59,4%) respondente die hoeveelheid inligting oor hoe om 'n huiseienaar te word, voldoende was. Die behoefte van die meerderheid is dus bevredig.

Tabelle 5.5 tot 5.10 dui aan dat die leser se behoefte aan inligting oor ekonomiese aangeleenthede bevredig is deur beriggewing in die *Light/Khanya*. Hierdie hipotese word dus aanvaar.

### 5.2.4 Hipotese 4

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor plaaslike owerheidsaangeleenthede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.11**

**Plaaslike owerhede**

| Item 24 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 27,3 | 52,8 | 19,9 |
| f | 118 | 228 | 86 |

Tabel 5.11 (Item 24) toon dat die meerderheid (52,8%) respondente van mening was dat die dekking wat die *Light/Khanya* aan plaaslike owerhede verleen het, voldoende was en hulle behoefte dus bevredig is.

**Tabel 5.12**

**Redes - huur-en-dienstegeld**

| Item 25 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 24,2 | 59,6 | 16,2 |
| f | 105 | 258 | 70 |

Tabel 5.12 (Item 25) toon dat die hoeveelheid inligting oor die redes waarom inwoners huur-en-dienstegeld moet betaal volgens die respons van die meerderheid (59,6%) respondente genoeg was. Die meerderheid lesers se behoefte aan hierdie inligting is dus bevredig.

**Tabel 5.13**

**Aanwending - huur-en-dienstegeld**

| Item 26 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 28,3 | 57,4 | 14,3 |
| f | 123 | 249 | 62 |

Tabel 5.13 (Item 26) dui aan dat die meerderheid (57,4%) respondente aangetoon het dat die hoeveelheid inligting oor die aanwending van huur-en-dienstegeld voldoende was om hulle behoeftes te bevredig.

**Tabel 5.14**

**Pretoria Streekdiensteraad**

| Item 32 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 22,5 | 56,5 | 21 |
| f | 98 | 245 | 91 |

Tabel 5.14 (Item 32) dui aan dat die dekking van die Pretoria Streekdiensteraad en sy projekte, volgens die meerderheid (56,5%) respondente voldoende was om die behoefte daaraan te bevredig.

Die bostaande Tabelle 5.11 tot 5.14 toon dat die meerderheid lesers se behoefte aan inligting oor plaaslike owerheidsaangeleenthede deur beriggewing in die *Light/Khanya* bevredig is. Die hipotese word dus aanvaar.

### 5.2.5 Hipotese 5

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor sosiale omstandighede is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.15**
**Swart-teen-swart geweld**

| Item 27 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 43,6 | 34 | 22,4 |
| f | 189 | 147 | 97 |

Tabel 5.15 (Item 27) dui aan dat 'n groot persentasie (43,6%) respondente van mening was dat daar te min inligting oor swart-teen-swart geweld in die *Light/Khanya* verskyn het. Die meerderheid (56,4%) respondente se behoefte is egter bevredig wanneer die persentasie *genoeg* by dié van *te veel* gevoeg word.

**Tabel 5.16**
**Plakkersituasie**

| Item 28 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 47,2 | 44 | 8,8 |
| f | 205 | 191 | 38 |

Tabel 5.16 (Item 28) toon dat die inligting in *Light/Khanya* oor die plakkersituasie te min was volgens die respons van 'n groot persentasie (47,2%) respondente. Die *Light/Khanya* het egter daarin geslaag om die meerderheid (62,8%) respondente se behoeftes te bevredig wanneer die persentasie *genoeg* en die persentasie *te veel* bymekaar gevoeg word.

Tabelle 5.15 en 5.16 dui aan dat die meerderheid lesers se behoefte aan inligting rakende sosiale omstandighede bevredig is, en die hipotese word dus aanvaar.

### 5.2.6 Hipotese 6

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting oor gebeure in Afrika is bevredig deur beriggewing in die *Light/Khanya*.

**Tabel 5.17**
**Gebeure in Afrika**

| Item 33 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 41,5 | 34,8 | 23,7 |
| f | 180 | 151 | 103 |

Tabel 5.17 (Item 33) dui aan dat 'n groot persentasie (41,5%) respondente van mening was dat die inligting oor Afrika nie voldoende was nie en hulle behoeftes nie bevredig is nie. Die totaal (55,5%) van die persentasie *genoeg* en die persentasie *te veel* dui egter daarop dat die meerderheid lesers se behoefte bevredig is. Gevolglik word hierdie hipotese aanvaar

### 5.2.7 Hipotese 7

Die leser se behoefte aan die hoeveelheid inligting in rubrieke in die *Light/Khanya* is bevredig.

**Tabel 5.18**
**Gebeure in Mamelodi**

| Item 34 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 42,4 | 45,6 | 12 |
| f | 184 | 198 | 52 |

Tabel 5.18 (Item 34) toon dat die dekking van gebeure in Mamelodi voldoende was volgens die meerderheid (45,6%) respondente se mening. Daar was egter ook 'n groot persentasie (42,4%) respondente wat gevoel het dit was te min.

**Tabel 5.19**
**Inligting vir ontspanning**

| Item 35 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 22,8 | 62,9 | 14,3 |
| f | 99 | 273 | 62 |

Tabel 5.19 (Item 35) toon dat die meerderheid (62,9%) respondente van mening was dat die *Light/Khanya* genoeg inligting vir ontspanning verskaf het. Dit dui daarop dat die meerderheid lesers se behoefte aan hierdie inligting bevredig is.

**Tabel 5.20**

**Fotoverslae**

| Item 36 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 21,7 | 64,4 | 13,9 |
| f | 94 | 279 | 60 |

Tabel 5.20 (Item 36) dui aan dat dekking van gebeure deur middel van fotoverslae volgens die meerderheid (64,4%) respondente se aanduidings voldoende was.

**Tabel 5.21**

**Kompetisies**

| Item 37 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 29,3 | 58,5 | 12,2 |
| f | 127 | 254 | 53 |

Tabel 5.21 (Item 37) toon dat die meerderheid (58,5%) respondente gevoel het dat daar genoeg kompetisies deur die jaar aangebied is, en is hulle behoefte hieraan ook bevredig.

**Tabel 5.22**

**Lesersbriewe**

| Item 38 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 21,2 | 60,3 | 18,5 |
| f | 92 | 261 | 80 |

Tabel 5.22 (Item 38) dui aan dat die ruimte vir plaas van lesersbriewe volgens die mening van die meerderheid (60,3%) respondente voldoende was en is hulle behoefte om hulle mening deur die *Light/Khanya* uit te spreek, bevredig.

**Tabel 5.23**

**Penvriendversoeke**

| Item 39 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 24,5 | 54,3 | 21,2 |
| f | 106 | 235 | 92 |

Tabel 5.23 (Item 39) toon dat die ruimte afgestaan vir die plaas van penvriendversoeke volgens die meerderheid (54,3%) respondente voldoende was en die meerderheid se behoefte hieraan bevredig is.

**Tabel 5.24**

**Foto's van lesers**

| Item 40 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 20,3 | 57,6 | 22,1 |
| f | 88 | 250 | 96 |

Tabel 5.24 (Item 40) toon dat daar volgens die aanduidings van 'n groot persentasie (57,6%) respondente genoeg ruimte afgestaan is in die *Light/Khanya* vir die plaas van foto's van lesers.

**Tabel 5.25**

**Inligting vir jonger lesers**

| Item 41 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 24,7 | 56,2 | 19,1 |
| f | 107 | 244 | 83 |

Tabel 5.25 (Item 41) dui aan dat die inligting vir jonger lesers, soos aangebied in "Kiddies Corner", volgens die meerderheid (56,2%) respondente se mening genoeg was om die behoefte daaraan te bevredig.

**Tabel 5.26**

**Siektes soos Vigs en masels**

| Item 42 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 43,5 | 41 | 15,4 |
| f | 189 | 178 | 67 |

Tabel 5.26 (Item 42) dui aan dat die hoeveelheid dekking verleen aan siektes, volgens 'n groot persentasie (43,5%) respondente se aanduidings, te min was. Daar is egter ook 'n groot persentasie (41%) respondente wat van mening was dat dit genoeg was en 'n persentasie (15,4%) respondente wat van mening was dat dit te veel was. Die saamgevoegde totaal (56,4%) dui aan dat die behoefte bevredig is.

**Tabel 5.27**

**Dwelm- en drankmisbruik**

| Item 43 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 45,2 | 38,5 | 16,4 |
| f | 196 | 167 | 71 |

Tabel 5.27 (Item 43) toon dat 'n groot persentasie (45,2%) respondente van mening was dat die hoeveelheid inligting oor dwelm- en drankmisbruik, te min was en dat hulle behoeftes nie bevredig is nie. Die meerderheid (54,9%) respondente se behoeftes is wel bevredig wanneer die persentasie *genoeg* en die persentasie *te veel* bymekaar gevoeg word.

**Tabel 5.28**

***Sister Mildred***

| Item 44 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 33,2 | 47,7 | 19,1 |
| f | 144 | 207 | 83 |

Tabel 5.28 (Item 44) toon dat daar volgens die meerderheid (47,7%) respondente se aanduidings genoeg ruimte afgestaan is aan die rubriek "Sister Mildred", en hulle behoefte aan inligting in hierdie soort rubriek dus bevredig is.

**Tabel 5.29**

**Rolprente**

| Item 45 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 33,7 | 48,7 | 17,6 |
| f | 146 | 211 | 76 |

Tabel 5.29 (Item 45) toon dat die hoeveelheid inligting oor rolprente in die *Light/Khanya* voldoende was volgens die aanduidings van die meerderheid (48,7%) respondente.

**Tabel 5.30**

**Swart kunstenaars**

| Item 46 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 35,3 | 44,5 | 20,3 |
| f | 153 | 193 | 88 |

Tabel 5.30 (Item 46) toon dat 'n groot persentasie (44,5%) respondente aangedui het dat daar genoeg inligting verskyn het oor swart kunstenaars om hulle behoefte te bevredig.

**Tabel 5.31**

**Inligting op vroueblad**

| Item 47 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 33,3 | 52,9 | 13,9 |
| f | 144 | 229 | 60 |

Tabel 5.31 (Item 47) dui aan dat die hoeveelheid inligting vir vroue op die vroueblad "Women Only", volgens die meerderheid (52,9%) respondente se respons voldoende was en die behoefte hieraan dus bevredig is.

**Tabel 5.32**

**Beroepsvoorligting**

| Item 48 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 36,2 | 52,5 | 11,3 |
| f | 157 | 228 | 49 |

Tabel 5.32 (Item 48) toon dat beroepsvoorligting, soos aangebied in die rubriek "I want to be", volgens die meerderheid (52,5%) respondente se mening genoeg was om die behoefte daaraan te bevredig.

**Tabel 5.33**

**Opvoedkundige instellings**

| Item 49 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 42,7 | 42,3 | 15 |
| f | 185 | 183 | 65 |

Tabel 5.33 (Item 49) toon dat 'n groot persentasie (42,3%) respondente aangedui het dat die hoeveelheid inligting oor opvoedkundige instellings te min was. Bykans dieselfde persentasie (42,3%) respondente het egter aangedui dat dit genoeg was en 'n persentasie (15%) respondente het aangedui dat dit te veel was. Die totaal van 57,3% toon dus dat die behoefte bevredig is.

**Tabel 5.34**

**Adresse - opvoedkundige instellings**

| Item 50 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 35,5 | 50,2 | 14,3 |
| f | 154 | 218 | 62 |

Tabel 5.34 (Item 50) toon dat daar genoeg adresse van opvoedkundige instellings gedurende die tydperk van die studie verskaf is om die behoefte van die meerderheid (50,2%) respondente te bevredig.

**Tabel 5.35**

**Algemeen opvoedkundige inligting**

| Item 51 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 41,5 | 42,2 | 16,4 |
| f | 180 | 183 | 71 |

Tabel 5.35 (Item 51) dui aan dat daar volgens die mening van die meerderheid (42,2%) respondente voldoende dekking verleen is aan algemeen opvoedkundige gebeure. Tog was daar ook 'n groot persentasie (41,5%) respondente wat aangedui het dat dit te min was om hulle behoefte te bevredig.

**Tabel 5.36**

**Sportgebeure**

| Item 52 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 39,7 | 37,9 | 22,4 |
| f | 172 | 164 | 97 |

Tabel 5.36 (Item 52) toon dat die verslaggewing oor sportgebeure nie voldoende was nie en 'n groot persentasie (39,7%) respondente se behoefte dus nie bevredig is nie. Die totaal (60,3%) van die respondente wat *genoeg* en *te veel* aangedui het, dui daarop dat die behoefte wel bevredig is.

**Tabel 5.37**

**Prestasies van swart mense**

| Item 53 | Te min | Genoeg | Te veel |
|---|---|---|---|
| % | 32,9 | 48,6 | 18,5 |
| f | 142 | 210 | 80 |

Tabel 5.37 (Item 53) dui aan dat die inligting oor die prestasies van swart persone, volgens die meerderheid (48,6%) respondente se respons, voldoende was om hulle behoefte te bevredig.

Tabelle 5.18 tot 5.37 toon dat die meerderheid lesers se behoefte aan die hoeveelheid inligting in rubrieke wat in die *Light/Khanya* verskyn het, bevredig is. Die hipotese word dus aanvaar.

### 5.2.8 Hipotese 8

Daar bestaan verskille tussen die geslagte ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

Die verskille tussen die geslagte ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat voldoen aan hulle behoeftes is deur die toepassing van die t-toets bepaal. Die resultate van die verskille tussen die geslagte verskyn in Tabel 5.38. Hierdie verskille is egter nie prakties betekenisvolle verskille nie. Die effekgroottes wissel tussen 0,19 en 0,54 en dui dus slegs op 'n klein en medium effek by Items 17-20, 23, 27-34, 36 en 42. Die hipotese word dus verwerp aangesien geen prakties betekenisvolle verskille voorgekom het nie.

**Tabel 5.38**

t-Toets resultate van elke item met die geslagveranderlike

| Item | Geslag | $\bar{x}$ | s | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | 1 | 1,87 | 0,64 | -2,03 | 0,04 * | 0,20 |
| | 2 | 2,00 | 0,60 | | | |
| 18 | 1 | 1,87 | 0,69 | -2,73 | 0,01 * | 0,25 |
| | 2 | 2,04 | 0,60 | | | |
| 19 | 1 | 1,53 | 0,57 | -4,71 | 0,00 ** | 0,44 |
| | 2 | 1,78 | 0,55 | | | |
| 20 | 1 | 1,49 | 0,67 | -2,77 | 0,01 * | 0,24 |
| | 2 | 1,68 | 0,79 | | | |

**Tabel 5.38 (vervolg)**

t-Toets resultate van elke item met die geslagveranderlike

| Item | Geslag | $\bar{x}$ | s | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 23 | 1 | 1,69 | 0,66 | 2,10 | 0,04* | 0,19 |
| | 2 | 1,56 | 0,67 | | | |
| 27 | 1 | 1,64 | 0,78 | -3,66 | 0,00** | 0,36 |
| | 2 | 0,92 | 0,77 | | | |
| 28 | 1 | 1,45 | 0,62 | -5,20 | 0,00** | 0,49 |
| | 2 | 1,76 | 0,63 | | | |
| 29 | 1 | 1,48 | 0,61 | -5,94 | 0,00** | 0,54 |
| | 2 | 1,85 | 0,68 | | | |
| 30 | 1 | 1,71 | 0,64 | -2,56 | 0,01* | 0,23 |
| | 2 | 1,86 | 0,53 | | | |
| 31 | 1 | 1,69 | 0,62 | -3,13 | 0,00** | 0,29 |
| | 2 | 1,87 | 0,57 | | | |
| 32 | 1 | 1,90 | 0,66 | -2,44 | 0,02* | 0,24 |
| | 2 | 2,06 | 0,65 | | | |
| 33 | 1 | 1,70 | 0,80 | -3,00 | 0,00** | 0,29 |
| | 2 | 1,93 | 0,77 | | | |
| 34 | 1 | 1,62 | 0,66 | -2,20 | 0,03* | 0,21 |
| | 2 | 1,76 | 0,67 | | | |
| 36 | 1 | 1,86 | 0,59 | -2,11 | 0,04* | 0,20 |
| | 2 | 1,98 | 0,59 | | | |
| 42 | 1 | 1,58 | 0,68 | -3,99 | 0,00** | 0,37 |
| | 2 | 1,85 | 0,73 | | | |

* = $p < 0,05$

** = $p < 0,005$

### 5.2.9 Hipotese 9

Daar bestaan verskille tussen die twee ouderdomsgroepe (25 jaar en jonger en 26 jaar en ouer) ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

Die t-toets is toegepas om die verskille tussen die twee ouderdomsgroepe te bepaal. Die resultate toon aan dat statisties betekenisvolle verskille bestaan tussen die twee ouderdomsgroepe ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat voldoen aan hulle behoeftes. Tabel 5.39 toon dat daar egter geen prakties betekenisvolle verskille voorgekom het nie.

**Tabel 5.39**

t-Toets resultate van elke item met die ouderdomveranderlike

| Item | Ouderdom | $\bar{X}$ | s | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | 1 | 1,69 | 0,61 | -4,59 | 0,00** | 0,52 |
| | 2 | 2,01 | 0,61 | | | |
| 18 | 1 | 1,75 | 0,64 | -3,78 | 0,00** | 0,43 |
| | 2 | 2,03 | 0,64 | | | |
| 24 | 1 | 1,80 | 0,69 | -2,06 | 0,04* | 0,23 |
| | 2 | 1,96 | 0,68 | | | |
| 32 | 1 | 1,80 | 0,70 | -3,02 | 0,00** | 0,34 |
| | 2 | 2,04 | 0,64 | | | |
| 37 | 1 | 1,66 | 0,64 | -3,16 | 0,00** | 0,34 |
| | 2 | 1,88 | 0,61 | | | |
| 38 | 1 | 1,77 | 0,64 | -3,59 | 0,00** | 0,40 |
| | 2 | 2,03 | 0,61 | | | |
| 39 | 1 | 1,67 | 0,71 | -5,02 | 0,00** | 0,55 |
| | 2 | 2,06 | 0,64 | | | |
| 41 | 1 | 1,69 | 0,70 | -4,35 | 0,00** | 0,47 |
| | 2 | 2,02 | 0,63 | | | |
| 44 | 1 | 1,70 | 0,67 | -2,73 | 0,01* | 0,29 |
| | 2 | 1,91 | 0,72 | | | |
| 45 | 1 | 1,69 | 0,69 | -2,45 | 0,01* | 0,29 |
| | 2 | 1,89 | 0,70 | | | |

Die effekgrootte van die verskillende items wissel tussen 0,20 en 0,55 en dui op 'n klein tot medium effek by Items 17, 18, 24, 32,37-39, 41, 44 en 45. Die hipotese dat daar 'n verskil bestaan tussen die twee ouderdomsgroepe, word dus verwerp.

### 5.2.10 Hipotese 10

Daar bestaan verskille tussen die verskillende moedertaalgroepe ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig.

Die metode van variansie-analise is toegepas om die verskille te bepaal. Daar bestaan statisties betekenisvolle verskille tussen die verskillende moedertaalgroepe ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat voldoen aan hulle behoeftes. Die resultate van die metode van variansie-analise toon dat daar ten opsigte van sekere items prakties betekenisvolle verskille bestaan tussen sekere moedertaalgroepe. Die verskille is bespreek en uiteengesit in Tabelle 5.40 tot 5.49. In hierdie tabelle word slegs verskille met 'n effekgrootte van 0,7 en groter aangedui en bespreek. Die effekgroottes wat kleiner as 0,7 is, is nie ingesluit vir hierdie bespreking nie.

**Tabel 5.40**

Opsomming van variansie-analise
Taal en swart onderwys (item 20)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 16,60 | 5,37 | 0,00 |
| Fout | 427,00 | 220,21 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en swart onderwys (item 20)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,64 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,46 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,30 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,60 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 1,93 | 5.Zoeloe | | | * | | - | | |
| 1,56 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,73 | 7.Ander | | | | | | | - |

Zoeloe vs Suid-Sotho (d = 0,75)

Tabel 5.40 toon dat die statisties betekenisvolle verskil daarin lê dat 76,79% van die Suid-Sotho-respondente van mening was dat daar te min oor die probleme in swart

onderwys berig is, terwyl slegs 39,02% Zoeloe-respondente so gevoel het. Dit mag dus wees dat die Zoeloe-respondente die probleme nie as so ernstig ervaar of beskou het nie.

**Tabel 5.41**

Opsomming van variansie-analise
Taal en vryemarkstelsel (item 21)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 19,30 | 8,16 | 0,00 |
| Fout | 427,00 | 168,40 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en vryemarkstelsel (item 21)

| $\overline{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2,16 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,62 | 2.N-Sotho | * | - | | | | | |
| 1,93 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,63 | 4.Xhosa | * | | | - | | | |
| 1,99 | 5.Zoeloe | | | | | - | | |
| 1,78 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,73 | 7.Ander | | | | | | | - |

Tswana vs Noord-Sotho (d = 0,83)
Tswana vs Xhosa (d = 0,83)

Tabel 5.41 toon 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die respons van Tswana-respondente en die respons van die Noord-Sotho- en Xhosa-respondente. Slegs 13% van die Tswana-respondente het aangedui dat hulle te min oor die vryemarkstelsel gelees het. Daarenteen was 46,92% van die Noord-Sotho- en 43,33% van die Xhosa-respondente van mening dat daar te min daaroor geskryf is. Dit mag moontlik wees dat die Tswana-respondente nog sekere voorbehoude het oor die voordele van die vryemarkstelsel.

## Tabel 5.42

Opsomming van variansie-analise
Taal en nasionalisering (item 23)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 13,09 | 5,19 | 0,00 |
| Fout | 426,00 | 179,03 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en nasionalisering (item 23)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,42 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,55 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,57 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 2,03 | 4.Xhosa | * | * | * | - | | | |
| 1,82 | 5.Zoeloe | | | | | - | | |
| 1,63 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,73 | 7.Ander | | | | | | | - |

Xhosa vs Tswana (d = 1,00)
Xhosa vs Noord-Sotho (d = 0,72)
Xhosa vs Suid-Sotho (d = 0,74)

Tabel 5.42 dui aan dat slegs 16,67% Xhosa-respondente van mening is dat die *Light/ Khanya* te min inligting oor nasionalisering geplaas het. In teenstelling hiermee was 63,44% van die Tswana-respondente, 55,38% van die Noord-Sotho-respondente en 50% van die Suid-Sotho-respondente van mening dat daar te min inligting oor die onderwerp geplaas is. Die mening van die Xhosa-respondente wyk ook af van die gemiddelde mening waar die meerderheid (48,5%) van die respondente aangetoon het dat die inligting te min is. Dit mag wees dat die Xhosa-respondente hulle kennis oor nasionalisering aanvul deur byvoorbeeld die *Sowetan* wat deur 78,8% van die respondente gelees word (Bylae II). Die verskil tussen die Xhosa-respondente en die Tswana-respondente is prakties betekenisvol, terwyl die verskil tussen die Xhosa-respondente en die Noord- en Suid-Sotho-respondente statisties betekenisvol is.

**Tabel 5.43**

Opsomming van variansie-analise
Taal en huur-en-dienstegeld (item 26)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 7,08 | 2,98 | 0,01 |
| Fout | 427,00 | 169,34 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en huur-en-dienstegeld (item 26)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,84 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,80 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 2,14 | 3.S-Sotho | | | - | | | | * |
| 1,90 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 1,88 | 5.Zoeloe | | | | | - | | |
| 1,67 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,60 | 7.Ander | | | | | | | - |

Suid-Sotho vs Ander (d = 0,84)

Tabel 5.43 toon 'n betekenisvolle verskil tussen die Suid-Sotho-respondente en die respondente onder die taalgroep "ander" wat merendeels Swazis en Pedis was. Die Suid- Sotho-respondente is die enigste groep waar meer respondente (28,57%) van dié taalgroep gesê het daar was te veel inligting oor hoe die huur-en-dienstegeld aangewend word as dié Suid-Sotho-respondente wat gesê het daar was te min. Hierdie respons verskil dus betekenisvol van die respondente onder "ander", waar geen persoon aangedui het dat die inligting te veel was nie. Dit mag wees dat die Suid-Sotho-respondente reeds 'n deeglike kennis het van hoe geld aangewend word, of gereelde betalers is.

## Tabel 5.44

Opsomming van variansie-analise
Taal en swart geweld (item 27)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 20,71 | 5,98 | 0,00 |
| Fout | 426,00 | 245,74 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en swart geweld (item 27)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,71 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,80 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,45 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,57 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 2,17 | 5.Zoeloe | | | * | * | - | | |
| 1,74 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,87 | 7.Ander | | | | | | | - |

Zoeloe vs Suid-Sotho (d = 0,87)
Zoeloe vs Xhosa (d = 0,72)

Tabel 5.44 dui 'n prakties betekenisvolle verskil aan tussen die mening van die Zoeloe-respondente en die Suid-Sotho-respondente. Die meerderheid Suid-Sotho-respondente (71,43%) was van mening dat daar te min oor die swart geweld berig is, terwyl 26,83% Zoeloe-respondente so gevoel het. Die meerderheid Zoeloe-respondente was van mening dat daar te veel oor swart geweld geskryf is, terwyl slegs 6,67% van die Xhosa-respondente dieselfde mening gehuldig het. Die Zoeloe-respondente se mening verskil ook van die gemiddelde mening van die respondente waar die meerderheid (43,6%) van mening was dat daar te min daaroor geskryf is. Dit mag wees dat die Zoeloe-respondente 'n groter toleransie vir geweld het vanweë hulle kultuur van die dra van tradisionele wapens.

**Tabel 5.45**

Opsomming van variansie-analise
Taal en plakkersituasie (item 28)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 15,48 | 6,75 | 0,0001 |
| Fout | 427,00 | 163,26 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en plakkersituasie (item 28)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,91 | 1.Tswana | - | | * | | | | |
| 1,62 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,29 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,57 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 1,59 | 5.Zoeloe | | | | | - | | |
| 1,48 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,47 | 7.Ander | | | | | | | - |

Tswana vs Suid-Sotho (d = 1,11)

Tabel 5.45 dui op 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die Tswana-respondente en die Suid-Sotho-respondente ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat oor die plakkersituasie verskyn het. Slegs 20,21% van die Tswana-respondente was van mening dat daar te min inligting oor die plakkersituasie verskyn het, terwyl die meerderheid van respondente van die ander taalgroepe en veral die Suid-Sotho-respondente (75%) gevoel het daar het te min inligting verskyn. Die Tswana-respondente verskil voorts van die gemiddelde respons van die groepe. Dit kan wees dat die plakkersituasie 'n verskynsel is waaraan die Tswana-respondente reeds gewoond is of 'n verskynsel wat hulle nie werklik raak nie.

## Tabel 5.46

Opsomming van variansie-analise
Taal en sanksies (item 29)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 12,64 | 4,91 | 0,0001 |
| Fout | 426,00 | 182,80 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en sanksies (item 29)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,80 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,70 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,27 | 3.S-Sotho | * | | - | | * | | |
| 1,70 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 1,80 | 5.Zoeloe | | | | | - | | |
| 1,56 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,60 | 7.Ander | | | | | | | - |

Suid-Sotho vs Zoeloe (d = 0,70)
Suid-Sotho vs Tswana (d = 0,87)

Tabel 5.46 dui 'n prakties betekenisvolle verskil aan tussen die Suid-Sotho-respondente en die Tswana-respondente. 'n Persentasie van 78,57% van die Suid-Sotho-respondente was van mening dat daar te min inligting oor die uitwerking van sanksies verskyn het, terwyl slegs 30,85% van die Tswana-respondente so gevoel het. Die Suid-Sotho-respondente verskil ook van die Zoeloe-respondente waar slegs 40,24% van mening was dat daar te min inligting oor die uitwerking van sanksies verskyn het.

## Tabel 5.47

Opsomming van variansie-analise
Taal en siektes (item 42)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 17,06 | 5,93 | 0,0001 |
| Fout | 427,00 | 204,64 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en siektes (item 42)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2,00 | 1.Tswana | - | | * | | | | |
| 1,60 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,38 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,80 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 1,83 | 0.00 | | | | | - | | |
| 1,59 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,80 | 7.Ander | | | | | | | - |

Tswana vs Suid-Sotho (d = 0,81)

Tabel 5.47 toon die prakties betekenisvolle verskil aan tussen die Tswana-respondente en die Suid-Sotho-respondente. Slegs 28,43% van die Tswana-respondente was van mening dat te min oor verskillende siektes geskryf is, terwyl die meerderheid (71,43%) van die Suid-Sotho-respondente so gevoel het.

**Tabel 5.48**

Opsomming van variansie-analise
Taal en swart kunstenaars (item 46)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 16,37 | 5,42 | 0,0001 |
| Fout | 427,00 | 214,89 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en swart kunstenaars (item 46)

| $\bar{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,95 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,87 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,48 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,63 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 2,06 | 5.Zoeloe | | | * | | - | | * |
| 2,00 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,47 | 7.Ander | | | | | | | - |

Zoeloe vs Suid-Sotho (d = 0,71)
Zoeloe vs Ander (d = 0,72)

Tabel 5.48 toon dat die Zoeloe-respondente se mening verskil het van dié van die Suid-Sotho-respondente asook van die moedertaalgroepe onder "ander". Slegs 30,49% van die Zoeloe-respondente was van mening dat daar te min oor swart kunstenaars berig is. Daarenteen was 64,29% van die Suid-Sotho-respondente en 60% van dié onder "ander" van mening dat daar te min oor swart kunstenaars geskryf is. Dit mag dus wees dat die Zoeloe-respondente minder ingestel is op inligting van hierdie aard.

**Tabel 5.49**

Opsomming van variansie-analise
Taal en opvoedkundige instellings (item 49)

| Bron van variasie | Vg | Sk | f | p |
|---|---|---|---|---|
| Taal | 6,00 | 17,93 | 6,40 | 0,0001 |
| Fout | 426,00 | 198,81 | - | - |

Opsomming van Tukey se HSD-Toets
Taal en opvoedkundige instellings (item 49)

| $\overline{x}$ | Taal | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1,64 | 1.Tswana | - | | | | | | |
| 1,77 | 2.N-Sotho | | - | | | | | |
| 1,41 | 3.S-Sotho | | | - | | | | |
| 1,77 | 4.Xhosa | | | | - | | | |
| 2,06 | 5.Zoeloe | | | * | | - | * | |
| 1,48 | 6.Venda | | | | | | - | |
| 1,53 | 7.Ander | | | | | | | - |

Zoeloe vs Venda (d = 0,74)
Zoeloe vs Suid-Sotho (d = 0,83)

Die prakties betekenisvolle verskil tussen die Zoeloe-respondente en die Suid-Sotho-respondente en die statisties betekenisvolle verskil tussen die Zoeloe-respondente en die Venda-respondente word in Tabel 5.49 aangetoon. Slegs 'n klein aantal Venda-respondente (3,7%) was van mening dat daar te veel oor opvoedkundige instellings geskryf is, terwyl 32,93% van die Zoeloe-respondente hierdie mening gehuldig het. Die Zoeloe-respondente verskil van die Suid-Sotho-respondente daarin dat 26,83% van mening was dat daar te min inligting verskyn het, terwyl die meerderheid (64,29%) van die Suid-Sotho-respondente so gevoel het. Die Zoeloe-respondente verskil ook van die gemiddeld van die groepe waar die meerderheid (42,73%) van mening was dat die inligting te min was.

### 5.2.11 Hipotese 11

Die *Light/Khanya* bevredig nie net sy lesers se inligtingsbehoeftes nie.

**Tabel 5.50**

Ander behoeftes bevredig deur die *Light/Khanya*

| Item | Behoefte bevredig ten opsigte van | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | % | f | % | f |
| Item 55 | - Opvoeding | 88,9% | 385 | 11,1% | 48 |
| Item 56 | - Persoonlike vervulling | 68,1% | 294 | 31,9% | 138 |
| Item 57 | - Vermaak | 89,6% | 388 | 10,4% | 45 |
| Item 58 | - Sosialisering | 70,0% | 296 | 30,0% | 127 |
| Item 59 | - Sosiale status | 40,9% | 177 | 59,1% | 256 |
| Item 60 | - Bevordering van verhoudings | 68,0% | 293 | 32,0% | 139 |
| Item 61 | - Uitbreiding van algemene kennis | 88,2% | 382 | 11,8% | 50 |

Die meerderheid is van mening dat die volgende behoeftes ook deur die *Light/Khanya* bevredig word: die behoefte aan opvoeding (Item 55); persoonlike vervulling (Item 56); vermaak (Item 57); sosialisering (Item 58); die bevordering van persoonlike verhoudings (Item 60); en die behoefte aan die uitbreiding van hulle kennis (Item 61). By die behoefte aan sosiale status (Item 59) het die minderheid egter aangedui dat hierdie behoefte deur die *Light/Khanya* bevredig word. Tog was daar 'n persentasie (40%) wat wel van mening was dat die *Light/Khanya* hulle behoefte aan sosiale status bevredig.

Die respons van die respondente soos aangedui in Tabel 5.50 toon duidelik dat daar ook ander behoeftes is wat deur die *Light/Khanya* bevredig word. Die hipotese word dus aanvaar.

Die bogenoemde bespreking en tabelle dui aan dat hipotese 3, 8 en 9 verwerp is en dat al die ander hipoteses aanvaar is. Hieruit kan afgelei word dat gedurende die tydperk van die ondersoek die probleme in swart onderwys meer aandag moes geniet het. Dit wil voorts voorkom asof die veranderlikes van geslag en die ouderdomsgroep waartoe die respondente behoort, nie enige prakties betekenisvolle verskille veroorsaak nie. Die veranderlike van die moedertaalgroep waartoe die lesers behoort het, het egter verskille in die bevrediging van behoeftes veroorsaak.

Die hipoteses wat aanvaar is, dui daarop dat die ***Light/Khanya*** in die tydperk waaroor die ondersoek handel, voldoende inligting aan sy lesers verskaf het. Die publikasie het ook ander behoeftes buiten die inligtingsbehoeftes van sy lesers bevredig.

## 5.3 BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Die verdeelde helfte-metode of "split-half"-tegniek (Wimmer & Dominick, 1987:62) is een van die metodes om die betroubaarheid van die toets te bepaal. 'n Betroubare toets is 'n meetmiddel wat bestendig meet (De la Rey, 1978:31). Hoe nader *r* (die korrelasie tussen die totale van die ewe en onewe vrae in die vraelys) is aan 'n positiewe *1,* hoe groter die betroubaarheid. Die korrelasiekoëffisiënt van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, is 0,8. Hierdie korrelasie dui op 'n hoë mate van betroubaarheid en daarom kan aangeneem word dat die vraelys gemeet het wat dit veronderstel was om te meet.

Die geldigheid in hierdie ondersoek dui op interne geldigheid, dit wil sê die resultate kan net veralgemeen word tot die populasie van die ondersoek.

## 5.4 SAMEVATTING

Hoofstuk 5 is 'n opsomming van die resultate van die ondersoek na aanleiding van die opname. Dit is gedoen aan die hand van elf hipoteses wat geformuleer is uit die spesifieke doelstellings van die ondersoek. Verskeie statistiese ontledings onder andere die t-toets asook die metode van variansie-analise is gebruik om moontlike verskille tussen onderskeidelik die geslags- en ouderderdomsgroepe en moedertaalgroepe aan te dui. Die volledige resultate van die vraelys is in Bylae II aangeheg. Die gevolgtrekkings waartoe na aanleiding van die resultate van die ondersoek gekom is, word in Hoofstuk 6 bespreek.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Hoofstuk 6 gee 'n opsomming van die voorafgaande hoofstukke waarin die kern van elke hoofstuk uitgelig word. Die belangrikste gevolgtrekkings word hanteer volgens die bespreking van die resultate in die voorafgaande hoofstuk.

Na aanleiding van hierdie gevolgtrekkings word 'n aantal aanbevelings en praktiese voorstelle met betrekking tot die *Light/Khanya* gegee.

### 6.2 OPSOMMING

Die ondersoek handel oor die *Light/Khanya* wat, soos aangedui in Hoofstuk 2, 'n Engelstalige ontwikkelingskoerant in ponieformaat is. Dit word maandeliks gratis onder hoofsaaklik swart lesers in die swart dorpe rondom Pretoria, asook in die swart dorpe in Noord- en Oos-Transvaal versprei.

Die *Light/Khanya* word versprei met die doel om deur middel van inligtingverskaffing aan die lesers ekonomiese, sosiale, staatkundige en kulturele ontwikkeling te bevorder in ooreenstemming met die beleid van die regering van die dag om sodoende nasionale strewes en waardes te verwesenlik. Hierdie doel word bereik deur inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke te verskaf.

Die bestuur van die destydse Buro vir Inligting se doelwit met die *Light/Khanya* was om 'n medium te skep waardeur bogenoemde doel bereik kon word asook om behoeftes van die lesers oor hierdie inligting te bevredig.

#### 6.2.1 Probleem- en doelstelling

Die temas waaroor inligting deur middel van die *Light/Khanya* verskaf is, is geïdentifiseer in opdrag van die Staatspresident of Adjunk-minister van die Buro vir Inligting, of op

versoek van ander Staatsdepartemente. Die probleem is dus dat die redaksie die meerderheid van die berigte geskryf en gekeur het sonder enige riglyne oor die hoeveelheid inligting wat oor die temas of in rubrieke deurgegee moet word.

Die doel van die ondersoek is om vas te stel of die hoeveelheid inligting in die *Light/ Khanya* gedurende die tydperk Februarie 1990 tot Desember 1990 in die Mamelodi-lesers se behoeftes voldoen het.

Die algemene doelstelling van die ondersoek word in drie spesifieke doelstellings saamgevat, naamlik:

- om vas te stel tot watter mate lesers se behoeftes ten opsigte van die hoeveelheid inligting oor sekere geïdentifiseerde temas en in rubrieke bevredig is;
- om vas te stel of daar 'n verskil in behoeftebevrediging tussen die verskillende geslagte, ouderdomsgroepe en taalgroepe is; en
- om vas te stel watter ander behoeftes van die Mamelodi-lesers behalwe 'n behoefte aan inligting bevredig is.

Dit gaan dus in hierdie ondersoek in wese om die Mamelodi-lesers se behoefte aan inligting, soos vroeër bespreek, en tot watter mate dit deur die *Light/Khanya* bevredig is.

### 6.2.2 Die *Light/Khanya* as massakommunikasiemedium

Die *Light/Khanya* is 'n spesifieke tipe massamedium (verwys Hoofstuk 2) wat, hoewel met die voorkoms van 'n ponieformaatkoerant, nie volledig aan al die vereistes van 'n tipiese koerant asook die eienskappe daaraan voldoen nie. In Hoofstuk 2 is die *Light/ Khanya* gemeet aan die vereistes vir massakommunikasie, 'n koerant, en die funksies van die ontwikkelingsmedia. Die *Light/Khanya* is wel 'n massamedium en 'n eiesoortige koerant (verwys 2.3.4.2) wat dikwels in Afrikalande aangetref word. Die *Light/Khanya* moet dus soos enige ander kommunikasiemedium ook sekere mediabehoeftes van sy lesers kan bevredig.

Die voormalige Buro vir Inligting het gedurende die tyd van die ondersoek opgetree as kommunikasie-agent van die Regering. Temas is geïdentifiseer deur die hoofkantoor van die voormalige Buro vir Inligting volgens opdragte en versoeke van die Staatspresident, Kabinet of ander Staatsdepartemente. Hierdie temas is na die streekkantoor deurgegee. Die redaksie en redaksielede het inligting hieroor geplaas volgens eie oordeel, aangesien

daar van die hoofkantoor of van die lesers se kant selde 'n aanduiding was van hoeveel inligting oor die temas voldoende was.

### 6.2.3 Die gebruike- en bevredigingsteorie as teoretiese onderbou vir die ondersoek.

Die bestaan van mediabehoeftes van 'n spesifieke teikenmark word in verskeie ondersoeke en massakommunikasieteorieë erken. Literatuur (verwys Hoofstuk 3) oor ondersoeke van die gebruike-en bevredigingsteorie dui op die bestaan van besondere behoeftes van mediagebruikers en die bevrediging daarvan deur die media. Verskeie behoeftes is deur respondente in die bogenoemde ondersoeke geïdentifiseer, onder meer inligtingsbehoeftes, sosialiseringsbehoeftes en vermaak (Katz *et al.*, 1973:166; McQuail *et al.*, 1972:155). Die behoefte wat egter deur elke respondent in al die ondersoeke genoem is, is inligting. Die doel van die *Light/Khanya* is hoofsaaklik om in te lig. Omdat hierdie behoefte aan inligting so prominent is, is die ondersoek en die vraelys spesifiek hierop toegespits. Om hierdie rede is die ondersoek na die bevrediging van die behoefte aan inligting ook een van die doelstellings van hierdie studie. Katz *et al.* (1973:180) het bevind dat koerante die belangrikste medium is vir diegene wat 'n behoefte het aan inligting oor sake rakende 'n regering en sy gemeenskap. Bogenoemde bevinding dien as verdere motivering vir die gebruik van die teorie as grondslag vir hierdie ondersoek wat handel oor die vermoë van 'n ontwikkelingskoerant om die regte hoeveelheid inligting oor temas wat verband hou met beleid en strewes van die regering van die dag, te plaas.

### 6.2.4 Navorsingsontwerp en metode van ondersoek

Die beskrywende-opnamemetode was die keuse van 'n opnameprosedure vir hierdie ondersoek, aangesien hierdie ondersoek handel oor 'n gegewe verskynsel binne 'n gegewe tyd. Die resultate is voorts na ontleding by wyse van persentasies en frekwensies op skrif gestel. Die ondersoek het vasgestel of die hoeveelheid inligting oor 'n gegewe tydperk waarin 'n nuwe bedeling aangekondig is, voldoende was. 'n Vraelys is opgestel om demografiese inligting sowel as inligting ter bereiking van die spesifieke doelstellings van die ondersoek te verkry.

Die vraelys is die tweede week van Maart onder 464 van die 11 586 vrywillige intekenare in Mamelodi versprei. 'n Totaal van 460 is binne, maar nie later nie as tien dae, terug ontvang. Van hierdie vraelys is 434 verwerk. Die vraelyste is getoets vir betroubaarheid met behulp van die verdeelde helfte-metode. Die korrelasiekoëffisiënt dui op 'n hoë mate van betroubaarheid aangesien $r = 0,8$. Die geldigheid in hierdie ondersoek dui

op interne geldigheid, dit wil sê die resultate kan net veralgemeen word tot die populasie van die ondersoek.

### 6.2.5 Bespreking van die resultate

Die respons is weergegee in persentasies en frekwensies (verwys Hoofstuk 5). Die bespreking van die resultate is gedoen aan die hand van elf hipoteses wat geformuleer is na aanleiding van die spesifieke doelstellings van die ondersoek. 'n Vergelyking is voorts getref tussen die respons van geslagte, twee ouderdomsgroepe en die verskillende taalgroepe en word in tabelle weergegee. Uit die resultate blyk dat die redaksie daarin geslaag het om wat inligting oor die meeste temas en in rubrieke betref, die Mamelodi-lesers se behoefte te bevredig. Daar is slegs een tema waaroor die inligting te min was.

Die vergelyking tussen geslagte en ouderdomsgroepe het getoon dat daar slegs verskille met 'n klein tot medium effek is ten opsigte van die bevrediging van hulle behoeftes. Die vergelyking tussen moedertaalgroepe het egter 'n aantal prakties betekenisvolle verskille aangedui. 'n Voorbeeld hiervan is die verskil in respons van die Zoeloe-respondente met die Suid-Sotho- en Xhosa-moedertaalgroepe in Item 27 wat handel oor die swart-teen-swart geweld. Sowat 43,9% van die Zoeloe-respondente was van mening dat daar te veel oor die geweld geskryf was, terwyl slegs 6,67% van die Xhosa-respondente van mening was dat daar te veel inligting daaroor verskyn het. Die verskil tussen die Zoeloe-respondente en die Suid-Sotho-respondente is dat slegs 26,83 Zoeloe-respondente van mening was dat daar te min oor geweld geskryf is, maar sowat 71,43% Suid-Sotho-respondente hierdie mening gehuldig het.

Die volledige respons en toepaslike bespreking daarvan is saamgevat in die verskillende tabelle in Hoofstuk 5.

## 6.3 GEVOLGTREKKING

### 6.3.1 Algemene gevolgtrekking

Na aanleiding van die bespreking van die eiesoortige aard van die *Light/Khanya* is tot die slotsom gekom dat die publikasie slegs in 'n mindere mate aan die vereistes van 'n tipiese koerant voldoen. Dit voldoen egter aan die vereistes en funksies van 'n

massamedium, asook die funksies van die ontwikkelingsmedia en kan daarom as ontwikkelingskoerant getipeer word soos aangetoon is in Hoofstuk 2.

Uit die demografiese gegewens wil dit voorkom of die swart stedelike teikengehoor van die *Light/Khanya* heterogeen is wat betref moedertaal, ouderdom, kwalifikasies en geslag. Die koerant word voorts deur van die steekproef se vriende en familie in die huis gelees.

Die meeste respondente lees ook *ander* koerante wat gerig is op 'n swart teikengehoor, waarvan die *Sowetan* die gewildste blyk te wees, aangesien 78,8% van die steekproef aangedui het dat hulle dié koerant lees (Vir 'n volledige uiteensetting sien Bylae II).

Die meerderheid (84,3%) van die steekproef verkies voorts dat die *Light/Khanya* in Engels gepubliseer word en weekliks moet verskyn in stede van maandeliks. Die steekproef verkies 'n koerant met meer bladsye en kan die afleiding gemaak word dat daar meer inligting verlang word, maar nie noodwendig oor geïdentifiseerde temas nie (Bylae II). Hulle mag moontlik ook algemene inligting verlang wat hulle raak byvoorbeeld oor gebeure in hulle woongebied wat nie gewoonlik deur die *Light/Khanya* gedek word nie, byvoorbeeld moorde en hofsake.

Dit blyk dat die *Light/Khanya* vir die stedelike leser 'n belangriker bron van nuus is as die radio wat allerweë as een van die belangrikste kommunikasiemedia vir swart mense beskou word (Groenewald & Holtzhausen, 1987:2)(Bylae II). Hierdie gevolgtrekking kan dien as ondersteuning vir die bevinding van Katz *et al.*(1973:83) dat die koerant die belangrikste medium is vir diegene wat 'n behoefte aan inligting oor regerings- en gemeenskapsaangeleenthede het. Hierdie gevolgtrekking ondersteun ook die aanname van die gebruike- en bevredigingsteorie dat die gehoor aktief 'n keuse doen tussen verskillende media om hulle behoeftes te bevredig. (Infante *et al.*, 1990:383).

Die resultate van die ondersoek dui voorts aan dat die meerderheid (73,3%) respondente van mening is dat die feite in die *Light/Khanya* waar is. Tog meen hulle dat die *Light/Khanya* nie altyd objektief is nie. Die rede hiervoor mag wees dat hulle bewus was daarvan dat die *Light/Khanya* deur 'n staatsdepartement uitgegee word, met ander woorde dat die *Light/Khanya* 'n regeringspublikasie is.

Die meerderheid (60,5%) is ook van mening dat die *Light/Khanya*, as massamedium, hulle mening beïnvloed. Dit stem ooreen met die bevindings van verskeie ondersoeke op die terrein van massakommunikasie soos beskryf deur Lowery & De Fleur (1988:105)

dat die massamedia in 'n mate menings beïnvloed. Die meerderheid respondente (90,5%) het aangedui dat hulle inligting wat in die *Light/Khanya* verskyn, bespreek, en die *Light/Khanya* vervul voorts die agendafunksie, soos alle ander massamedia, by die lesers. Rakende staatspublikasies of staatsgesubsidieerde publikasies is onlangs 'n toevoeging tot die fundamentele regte van die individu vir die oorgangstyd in Suid-Afrika gemaak (Prinsloo & Greyling, 1993:2). Die bepaling maak voorsiening dat alle media wat deur die Staat finansier of beheer word, so gereguleer moet word dat dit die uitdrukking van 'n verskeidenheid van menings sal verseker. Daar is egter volgens die outeur se mening geen rede waarom hierdie bepaling nie na die oorgangstydperk behoue kan bly nie.

### 6.3.2 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die eerste doelstelling.

Die gevolgtrekking na aanleiding van die eerste doelstelling van die ondersoek bevestig verskeie aannames rakende die gebruike- en bevredigingsteorie.

- Die respons van die meerderheid dui daarop dat die hoeveelheid inligting wat gedurende die periode geplaas is, hulle behoefte aan inligting oor geïdentifiseerde temas en in rubrieke bevredig het. Hierdie bevinding ondersteun die aanname dat die massamedia gebruik word om individuele behoeftes te bevredig (Katz *et al.*, 1974:21).
- Die resultate wat aandui dat die inligtingsbehoeftes van die meerderheid bevredig is, kan moontlik ook daarop dui dat die verwagtinge van die lesers ten opsigte van die hoeveelheid inligting ook in 'n mate bevredig is. Die rede hieroor is dat die ondersoek van Venter & Overton (1987:44) oor die verwagtingswaardetoerie in Suid-Afrika toon dat daar 'n korrelasie, hoewel laag, bestaan tussen die verwagtinge en die bevrediging van die behoeftes van die gehoor. Dit ondersteun voorts die aanname van die gebruike- en bevredigingsteorie dat gehore (lesers in die geval van die *Light/Khanya*) die media ook gebruik om verwagtinge te bevredig (Infante *et al.*, 1990:353).
- 'n Verdere aanname rakende die gebruike- en bevredigingsteorie wat deur die resultate van hierdie ondersoek versterk word, is dat die gehoor genoegsaam bewus is van hulle belangstelling in en behoefte aan mediagebruik (Katz *et al.*, 1974:22). Die resultate van hierdie ondersoek dui ook daarop dat die leser van die *Light/Khanya* in só 'n mate bewus is van hulle behoeftes en die bevrediging daarvan, dat hulle 'n aanduiding kon gee of die hoeveelheid inligting wat oor 'n tydperk verskyn het, hulle behoeftes bevredig het. Dit wil dus voorkom of die leser nie net in staat is om te besluit of sy behoefte bevredig is nie, maar ook

'n aanduiding kan gee van sy ervaring rakende die hoeveelheid inligting wat gepubliseer is na verloop van 'n bepaalde tyd.

### 6.3.3 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die tweede doelstelling.

Die tweede doelstelling van hierdie ondersoek, naamlik om vas te stel of daar 'n verskil is tussen die behoeftebevrediging van die geslagte, twee ouderdomsgroepe en moedertaalgroepe, ondersteun ook bestaande bevindinge van die gebruike- en bevredigingsteorie.

- Die resultate van die t-toets toon statisties betekenisvolle verskille tussen onderskeidelik die ouderdomsgroepe en geslagte ten opsigte van die hoeveelheid inligting wat hulle behoeftes bevredig. Dit blyk egter dat hierdie verskille nie enigsins prakties betekenisvol is nie. Hierdie resultate stem ooreen met dié van Bekker & Groenewald (1991:16) se ondersoek, naamlik dat die ouderdoms- en geslagveranderlikes geringe verskille veroorsaak ten opsigte van die bevrediging van die behoeftes van swart gehore.
- Prakties betekenisvolle verskille (d 0,8) het voorgekom by die respons van die verskillende moedertaalgroepe wat die *Light/Khanya* lees. Dié verskille kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die moedertaalgroep ook die kultuurgroep aandui, en dat die verskille veroorsaak is deur die kultuur van die respondent en nie soseer deur sy moedertaalgroep nie. Katz *et al.* (1974:22) se standpunt oor die kultuurinvloed is dat waarde-oordele oor die kulturele betekenis ten opsigte van mediaboodskappe en die massamedia weerhou behoort te word. Pitout (1989:78) is ook van mening dat aannames hieroor slegs gemaak kan word wanneer interpersoonlike behoeftes en motiewe vir mediagebruik begryp word. Ten spyte hiervan toon die resultate van hierdie ondersoek dat daar wel 'n moontlikheid is dat kultuur 'n invloed kan hê op behoeftebevrediging.

### 6.3.4 Spesifieke gevolgtrekking na aanleiding van die derde doelstelling.

Die derde doelstelling van hierdie ondersoek is om vas te stel of die *Light/Khanya*, met sy primêre doel van inligtingverskaffing, ook ander behoeftes bevredig buiten die behoefte aan inligting.

- Die aanname dat "...audience members are aware of and can state their own motives for using mass communication" word bevestig, aangesien die respondente aangedui het dat die *Light/Khanya* ook ander behoeftes behalwe die behoefte aan inligting bevredig (Infante *et al.*, 1990:354).

Die resultate van die ondersoek dui aan dat die *Light/Khanya* steeds 'n belangrike rol speel as ontwikkelingskoerant. Die rede hiervoor is dat dit, net soos ander tipiese koerante, ook daarin slaag om lesers se behoeftes te bevredig, al word die inhoud nie deur alledaagse gebeure bepaal nie, maar hoofsaaklik deur 'n staatsdepartement. Die agendastellingsfunksie word deur die regering van die dag bepaal.

Volgens De Beer (1989:36) kan die media in Suid-Afrika, dus ook die pers, hulle in 'n ontwikkelingsbestel bevind met die oorgang na 'n nuwe regeringsbestel. Die *Light/Khanya* kan gevolglik as ontwikkelingskoerant, in die toekoms 'n veel groter rol speel in die oorgang na 'n nuwe bedeling, aangesien dit reeds die vertroue van die swart stedelike lesers het soos uit die ondersoek blyk. Die oorgangsregering, wat reeds goedgekeur is, en toekomstige regering kan ontwikkelingskoerante, soos die *Light/Khanya*, met vrug aanwend in die toekoms om inligting van die regering van die dag aan die publiek oor te dra (Whitfield, 1993:1).

## 6.4 AANBEVELINGS

